# Vrye Weekblad

14-20 JUNIE 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)



# DIE VERLORE GESLAG

*Wat vir 'n ding is 'n Boer?*

Oscar Dhlomo oor die foute wat die ANC maak • Marius die rooi tronkvoël kom huis toe • The PAC leader with the Afrikaner grandmother • Die Ken-en-Joe-show • A visit to southern Angola • Tim se tennisdroom

## INHOUD


4 Ter suide
5 Wat sê die mense: Is apartheid rêrig dood?
6 So gaan die ANC nou lyk
7 Dit woel om top-poste in die ANC
8 Die kulturele renaissance ná 16 Junie 1976
9 Die Verlore Geslag: 16 Junie se vergete kinders
10 Effects of role models on the youth
11 Twee kinders van 16 Junie 1976
12 My own grandmother was an Afrikaner, says Barney Desai
13 Oscar Dhlomo oor die ANC se foute
14 Onderhandelings tussen die Civics en die plaaslike owerhede
16 Marius Schoon in gesprek met Jacques Pauw
18 Watse ding is 'n Boer? Ons lesers reageer
19 Wêreldnuus: 'n burgeroorlog dreig in Nicaragua
20 Sê dit met 'n muurskildery
22 Angola: Peace for those who don't know it
24 Die week se TV-programme
25 Andrea Vinassa oor dié week se TV
26 Sport: Tim Sandham het 'n droom gehad
27 Sport: Is Seve nog super
28 Keur-vakatures
29 Fiksie: Die man van staaltjies deur Neil Tuchten
30 Boeke: Ruth First, materie en nie-materie
31 Kuns: A World apart
32 Kuns: Daar is lewe vir die kunslied
33 Kuns: 'n Grahamstad-voorskou
34 Kleinadvertensies
36 Menings: Waar is die Nuwe Suid-Afrika? Geloofspraatjies deur Dirkie Smit
37 Menings: Dié show was maar flou, sê Max du Preez
Regters en die galg deur Jurie de Wet
38 Beplan jou naweek saam met die kenners
39 Nettie Pikeur skryf oor lewer



VWB
DIE NUUSTYDSKRIF


**VOORBLAD**: SKILDERY DEUR MARTIN MNGOMEZULU


VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).
WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.
DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

**REDAKTEUR:** MAX DU PREEZ
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** HENNIE SERFONTEIN
**KOPIEREDAKTEUR:** JOHAN BRUWER
**ONTWERP:** ANTON SASSENBERG
**EINDREDAKTEUR:** RYK HATTINGH
**KAAPSE KANTOOR:** CHRISTELLE TERREBLANCHE
**REDAKSIE:** CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSAKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PITSO TSHUKUDU.
**SPORTREDAKTEUR:** TINUS HORN
**ADVERTENSIES:** JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER
**REDAKSIE-ASSISTENT:** CATHY FENNESSY
**KANTOORBESTUUR:** JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.

**BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK:** MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.
VRYE WEEKBLAD KOS R1,95 PLUS 25 SENT AVB. DIT KOS R110 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R2,20 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.
PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FENNESSY BY (011) 836 2151.


# *vrydagoggend*



DIE Suid-Afrikaanse wetboek is nou min of meer gepurgeer van alle apartheidswetgewing. Nou is dit eintlik net Eie Sake-wetgewing wat oorbly.

Dit is insiggewend dat die euforie oor die skrapping van die Wet op Bevolkingsregistrasie en die Groepsgebiedewet hoofsaaklik net binne die geledere van die parlement en die regeringsgesinde koerante bestaan het. Daar was 'n soortgelyke reaksie met die skrapping van die paswette destyds. En tog is dit fundamentele stappe.

Die antwoord is eenvoudig. Dié wette moes nooit bestaan het nie. Dit was onmenslik en onchristelik en het etlike geslagte swart Suid-Afrikaners gedehumaniseer. 'n Mens soen nie dié mense se voete wat 'n onmenslike wet afskaf wat hulle self gemaak en op jou afgedwing het nie.

Maar van die kant van die wit establishment word die gebrek aan lof- en dankbetuigings van swart kant gesien as ondankbaarheid - "hulle sal ook nooit tevrede wees nie".

Hierin lê 'n gevaarlike verskynsel opgesluit.

Witmense is geneig om die fundamentele veranderinge en aanpassings wat hulle self die afgelope tyd moes maak, te sien as dat hulle agteroorbuig om swart Suid-Afrikaners tegemoet te kom. "Ons het nou Mandela losgelaat, ons laat toe dat julle enige plek kan bly, nou moet julle ook 'n slag toegewings maak. Verandering kom nie net van een kant af nie." Dié soort reaksie. Die regering en FW de Klerk self is ook daaraan skuldig.

Dit is deels die verklaring vir die skielike onlangse anti-ANC en anti-Mandela-gevoel in wit kringe. Met die ondertekening van die Groote Schuur- en Pretoria-Minuut was daar 'n warm, hartlike houding jeens Mandela en selfs die ANC in die breë (Slovo en Hani miskien uitgesluit). Maar toe Mandela en die ANC onvermydelik later moes

# *briewe*

### DIE GESKUIFEL VAN PLAKKERSVOETE IN DIE DONKER

**Omsingel van Arcadia skryf:**

Sedert u eerste verskyning mis ek Vrye Weekblad nooit. Wat my nog altyd tickle is u pro-swart sentimente.

U is seker briesend vir die Boere nou na die Slag van Ventersdorp. U beriggewing daaroor word angstig afgewag.

Dié onbeheerde plakkery is 'n groot storie. Ek glo as Eskom ons een aand 'n landwye black-out gee - so 'n uur of wat, want ons wittes sal nie uit eie beweging ons TV's afskakel nie - sal ons soos daardie nag by Bloedrivier die geskuifel van die miljoene swart plakkersvoete om ons dorpe en stede hoor.

Ons is omsingel. Skryf vir die Boere asseblief.

### LOKAAS WERK NIE

**At de Lange van Pretoria skryf:**

In my poshokkie by die universiteit het ek 'n komplimentêre kopie van *Vrye Weekblad* (10 - 16 Mei) gekry. Ek het voorheen by kafees vinnig deur uitgawes daarvan geblaai, maar dit nooit gekoop nie vanweë my eerste indrukke. Die kopie in my pos het ek wel deeglik bestudeer. Op grond van my bevindinge sal ek steeds nie die tydskrif koop nie.

Genoemde uitgawe spreek van ongebreidelde simpatie met die ANC en felle kritiek teen veral die NP en Inkatha. Dit is die gevolg van 'n dialektiese denkwyse met die ANC as tesis, die res as antitesis en 'n kollektiewe Suid-Afrika as tesis. Julle tydskrif se naam is dus nie getrou aan julle wese nie. Daarteenoor is ek eerder aangetrokke tot die wese van dit wat julle tydskrif se naam impliseer.

Verstaan my goed: omdat ek julle pro-ANC/anti-ander wese kritiseer, is ek nie deel van die antitese (anti-ANC/pro-ander) nie. Inteendeel, ek handhaaf min of meer dieselfde kritiek teen die "ander" omdat hulle in dieselfde slaggate as julle trap.

Julle begeleidende brief sê VWB se lesers is geleerd en ryk, en dat ek daarom 'n gereelde leser behoort te wees. Dié lokaas werk nie vir my nie. As akademikus in die ware sin van die woord (steeds arm en lerende) het ek 'n ernstige behoefte aan 'n wêreldbevatlike tydskrif wat universele rasionaliteit as een van die essensies van ware menswees erken en dit in sy eie beriggewing inwerk. Hiermee bedoel ek geensins die tipiese navorsingstydskrif nie. In die eerste plek is hulle nie wêreldbevatlik nie, en in die tweede plek is hulle "rasionaliteit" nie universeel nie.

Sou die tydskrifte nuusberigte bevat, moet die nuus in sulke berigte geknoop wees in die wêreldbeskouing wat die tydskrif huldig. Dit doen julle blad nogal in 'n mate, maar ongelukkig in die dialektiese konteks wat ek reeds bespreek het.

Die volgende voorbeeld illustreer my kritiek. In Max du Preez se rubriek "vrydagoggend" het hy dit oor geweld en die derde mag. Hy vra "Wie baat die meeste by die geweld?" Dan antwoord hy met "Inkatha en die staat". Dit is inderdaad so dat Inkatha en die NP by die geweld baat vind. Maar dit is snert dat die staat daarby baat, en dit is ook snert dat "Inkatha en die staat" die "meeste" daarby baat. Hulle wat in werklikheid die meeste daarby baat, is die sogenaamde "derde mag ...sonder strukture en kantore". Wie is hulle?

Hulle is die onbeskaafdes in ons topos en ekos - onbeskaafd omdat hulle die topos en ekos eerder vernietig as uitbou. Onbeskaafdheid ken geen grense nie - klas, ras, of wat ookal. Elke individu sal onbeskaafdheid óf omarm óf beveg. Daarom begin die stryd teen onbeskaafdheid by die individu, net soos dit met die skep van beskaafdheid is.

*(Brief verkort - Red)*

### DIS MY MENSE

**Andrew le Roux van Stellenbosch skryf:**

Max du Preez sê "vrydagoggend" (VWB 30 Mei - 6 Junie) sê mooi wat my verlede Maandag, toe dr Treurnicht hier op die Bos gepraat het, diep getref het: dié mense om my, sy ondersteuners, is my mense, al sien ons dinge so vreeslik anders.

In 'n heel ander trant, elke keer as ek die plaaslike koerant optel, tref dit my hoe hulle die regering se deuntjie sing. Ongelukkig lyk dit my julle ouens probeer hulle uitkanselleer en gooi die baba saam uit. Wat van 'n kompliment hier en daar as iets goed van die stelsel se kant af kom?

### HIER'S WERK

**MW Garbers van Pretoria skryf:**

Vanaf die Eifel is dit maklik om gal te braak en pedanties en profeties oor die

begin stem dikmaak oor 'n voetegeslepery en harde eise begin stel, toe word die algemene wit reaksie: Gee hulle 'n pinkie en hulle ruk jou arm af.

Die hele ding is só verdraai ná al die jare van wit baasskap.

Die harde en onaangename werklikheid is dat dit die wit gemeenskap is wat omtrent al die aanpassings moet maak. Dit is húlle wat moet prysgee en opoffer as hulle regtig 'n regverdige, voorspoedige en vreedsame Nuwe Suid-Afrika wil hê.

Te veel witmense glo stilletjies steeds dié "Nuwe Suid-Afrika" is eintlik maar net nóg 'n Boere-foefie wat swartmense en buitelanders gaan beïndruk, maar niks aan wit lewenstyle gaan verander nie.

Demokrasie en gelyke geleenthede, ideale wat FW de Klerk self uitspel, beteken egter iets heel anders as 'n mens dit eerlik bedoel.

Uiteindelik gaan dit oor mag. In die Nuwe Suid-Afrika gaan daar meer swart kiesers as wit kiesers wees, om dit kru uit te druk, so vir 'n tyd lank gaan dit waar wees dat "swartmense meer mag het as witmense". Dit sal noodwendig in die handel en wandel van ons land se mense weerspieël moet word. (Hopelik gaan ons later van ras en kleur vergeet en almal net op meriete behandel.)

Dit sal onder meer beteken 'n "Afrikanisering" van die staatsdiens, gelyke behandeling van swart tale met Afrikaans, die einde van gebruike soos dat die "wit" TV-kanaal en radio's al die prestige en geld het teenoor die swart stasies wat afgeskeep word, die verandering van name soos Verwoerdburg en die wegbêre in museums van aanstootlike standbeelde, 'n swart burgemeester van Potchefstroom en Brits en Kareedouw, en 'n einde aan die dominasie van Afrikaanse of Euro-sentriese kultuur.

Bowenal gaan die Nuwe Suid-Afrika 'n fundamentele herstrukturering van die ekonomie en 'n werklike herverdeling van rykdom en grond moet beteken. Die huidige groot klowe tussen wit en swart sal net nie houdbaar wees in 'n volledig demokratiese Suid-Afrika nie.

Dít is wat die Nuwe Suid-Afrika regtig sal moet beteken, anders sal die vrede nooit hou nie, die voorspoed nooit kom nie en die demokrasie nooit werklik wees nie.

Hoe gouer wit Suid-Afrika besef dit is wat ons voorland is, en nie net 'n opgewarmde Ou Suid-Afrika met 'n paar swart gesiggies in hoë plekke nie, hoe beter vir ons almal.

Nou bedoel ek nie wit Suid-Afrikaners het rede om bang te wees vir die toekoms nie. Inteendeel. As die Nuwe Suid-Afrika só regverdig is, as swart Suid-Afrikaners werklik voel hulle is nou volwaardige burgers in hul eie land en hulle het net soveel geleenthede en menswaardigheid soos wit Suid-Afrikaners, juis dan sal Suid-Afrika 'n goeie en veilige plek vir ons almal wees. Dis as dit 'n verneukstorie is dat ons onveilig moet voel.

Dit is ook net in so 'n werklik regverdige Suid-Afrika dat witmense - veral Afrikaners? - hulself sal kan laat geld as landsburgers; dat hulle nie sal terugdeins om eise te stel omdat hulle velle wit is nie; dat hulle warmbloed-politiek sonder skuldgevoelens sal kan beoefen.

Dit sal baie help as die Staatspresident en sy regering en hul mondstukke dié dinge nou al besef, en besef dat hoe gouer dit gebeur, hoe voorspoediger en veiliger gaan dit met ons almal gaan.

'n Mens sou regtig wou sien dat De Klerk meer visie, daadkrag en vindingrykheid aan die dag lê. Soos om nou 'n meesterplan te ontwikkel om huise aan huisloses te gee; soos om swart boere op die grond te kry en hulle aan die gang te kry; soos om werksgeleenthede te skep vir die miljoene werkloses; om townships op te gradeer en die probleme rondom die afsny van water en elektrisiteit te beëindig.

Maar bowenal om op te hou om politiek te speel met die geweld in die land.

Ons moenie toelaat dat die Nuwe Suid-Afrika met ons gebeur nie. Ons moet die Nuwe Suid-Afrika self maak gebeur. VW

## SO SÊ HULLE

"The time will come when support is actually tested at the polls, but until then I think, senator Evans, that you should be a bit more cautious in your assessment of the who's who of South African politics."
*- Mangosuthu Buthelezi oor die Australiese minister van Buitelandse Sake, senator Gareth Evans.*

"My man is in die hande van die Hemelse Vader. Ek kwel my nie, want die Vader waak oor hom en die Christene bid vir hom."
*- Engela Treurnicht, die eggenote van Andries Treurnicht van die KP, oor die doodsdreigemente wat parlementariërs ontvang het*

"You are fucking incompetent."
*- Senator Evans na bewering aan 'n polisieman tydens 'n besoek aan Khayelitsha en Crossroads.*

"Wie wil nou Pretoria toe gaan en Noord-Transvaal skreeu? Dit is goor, man. Ek het gedink die kollege sal oopmaak (vir alle rasse) voordat hy toemaak."
*- Marius Botha, 'n student in sy finale jaar aan die Goudstadse Onderwyskollge wat gaan toemaak.*

"Mr Moloto ran into a concrete rubbish bin and fell heavily on the tarred road."
*- Konstabels Ivan Perumal en Gerald Roos tydens die nadoodse ondersoek van Philip Themba Moloto wat in die polisieselle dood is.*

"What is discomforting is the fact that no apartheid legislation can be reconciled with the capitalistic system. It must be pointed out that socialism and apartheid are comfortable bedfellows, because both assume that the state can achieve the impossible - rule and dictate people's lives."
*- Prof Jan Hupkes van Unisa se skool vir sakeleiers.*

"He is an internationally acclaimed academic on South Africa, the struggle and the way forward."
*- ANC-woordvoerder Gill Marcus oor Herold Wolpe wat die week onvoorwaardelike vrywaring van die regering gekry het*

waters kwasieserebrale uitsprake te maak. Wat help die baie praat, hier moet gedoen word, die ure is skraps en die werk baie.

### DO YOUR BIT

**David Kessler of Bellville writes:**

Mr Justice Goldstein of the Pretoria Supreme Court expressed his "distress and anguish" in finding "illegal" the occupation of the land they (now called "squatters") were forcibly and brutally dispossessed of in Goedgevonden in 1978 and moved, with their pitiful belongings hundreds of kilometres away to Bophuthatswana, a foreign land - independent according to the Nationalist government - where they live in abject poverty and misery.

These "squatters" were born in South Africa and according to all civilised rules and laws were and still are citizens of the Republic.

Unless there is material and financial redress (and I will gladly make my contribution) in the foreseeable future, and those, who benefit most handsomely from apartheid, do their bit, I despair for South Africa.

### PEACE AND PROSPERITY

**GH Abrahams of Berne, Switzerland writes:**

I am a South African citizen resident in Switzerland, I have an interest in the political and social situation in South Africa.

The average South African citizen wants peace and prosperity for himself, his family and South Africa as a whole. I am tired of living with a system (and I am sure that every South African with good intention is) that just doesn't work.

My intention here is not to point out the evils of apartheid or communism, but I will say this - both of the above systems just don't work. They do not forward the survival of the individual, the family or group.

I would like to see a South Africa having a constitution based on individual rights to religion, ideals, honesty, communication, true justice, knowledge and education; the same rights for the family and for the group.

My dream is to see South Africa as a country well in communication with itself and other groups, to the point of understanding. Communication which results in understanding is a desirable commodity nowadays.

South Africa has the potential to reach understanding and the result would be as follows: a government operating as a combining force bringing men of different colours and creeds together as a group, to bring out the potential of this society we call South Africa. This means that this government should not be white or black or any other single group, it should be a combination off all races and creeds.

The average hard working citizen of South Africa has the right to prosperity for himself, his family and his group, he has the right to survive and to keep on communicating.

I believe it is the job of every South African citizen to strive towards creating a society without criminals and without war, where the able can prosper and where honest beings can have rights, and where Man is free to rise to greater heights.

*Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort.*

*Skryf aan:*

**Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.**



With SAA, you can fly to the Standard Bank National Arts Festival in Grahamstown on a full wallet.




To leave with a full wallet, phone us on 774-4477 or 774-2048/9 and book your flight. We'll immediately start filling it with complimentary tickets for accommodation, breakfasts, entry and the theatre.

Choose any one of our four package options: An all inclusive tour from R1 295,00. A Budget Package from R 795,00. A Student Package from R 575,00. Or the Jazz Special (4 nights only) from R1 495,00. All you need to tell us is whether you'll be staying for 3, 4, 7 or 10 nights. And which one of our tour departures, between 27 June and 7 July, you'd prefer.

SAA DOMESTIC SERVICES.

We're getting better all the time.


# ter *suide*

Om die Comrades te hardloop, is al gevaarlik genoeg. Maar om 'n medalje te wen, kan dodelik wees. Vra maar vir Petrus Mukhotho van Pretoria, wat tydens vanjaar se Comrades-wedloop 'n silwer medalje ingepalm het. Sedert die wedloop dra die trotse Mukhotho pal sy medalje en lapelwapen in sy sak saam met hom.

Vandeesweek trek 'n polisievoertuig langs hom in en beskuldig hom dat hy die medale gesteel het. Want, dink konstabel, waar sal k... se kind dan nou só iets in die hande kry? Om 'n lang storie kort te maak: die twee polisiemanne breek sy medalje, skop en slaan hom, spuit traanrook in sy gesig, sleep hom polisiekantoor toe en rand hom daar verder aan.

Ja, minister Vlok, dink maar nuwe name vir die veiligheidspolisie uit, stel jou polisie-sielkundiges aan en hou aan om belastingbetalers se geld op beeldbou-advertensies te mors, maar voor jy nie dié soort drek uit ons polisiemag gaan haal nie, kan jy maar vergeet van jou drome van 'n nuwe polisiemag in 'n nuwe Suid-Afrika.

So van slenters gepraat. So met die polemiek rondom Boer-wees-se-moer-wees het een of ander slim sakeman met 'n nuwe produk vorendag gekom om munt te slaan uit die Boere se gunsteling tydverdryf (dis nou vir daardie dungewriggies wat blitz gebruik om die vuur mee aan te steek): "Boerseun Charcoal".

Net jammer die charcoal bly swart.

Dames, wees gewaarsku: Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling sê in 'n inligtingsboekie vir vroue oor Aids dat dokters nog nie seker is of dié gevreesde siekte deur soen oorgedra kan word nie, maar dat mens nogtans versigtig moet wees.

Daar is soen én SOEN, sê die boekie. Soen is soos mens jou ouma soen, wat heeltemal skadeloos is. Maar dan kom die groot waarsku: SOEN is om iemand te soen "soos jy 'n mielie verslind", en dit kan gevaarlik wees.

Nou wonder ons net: watter mielie, dr Venter?

As enige iemand nog gewonder het of die moordbendes van die weermag en polisie beskerm word, is dit so pas "uiters professioneel en spoedeisend" binne regeringskringe self bewys. En sommige parlementslede het selfs vir dié slenter geval...! Die storie werk so: kort nadat die Veldtog vir 'n Geregtelike Ondersoek na Moordbendes verlede week persoonlik geadresseerde vraelyste aan alle parlementslede afgelewer het om hul morele pligsbesef daaroor te toets, het die een of ander organisasie net 'n dag of wat gevat om die hele vraelys volmaak na te boots, handtekeninge en al en op dieselfde papier. Parlementslede is daarop gewys dat die oorspronklike vraelys oor staatsmoordbendes vals was en dat die tweede vraelys die regte een is wat beantwoord moet word. Die tweede vraelys het in plaas van staatsmoordbendes, parlementslede gevra om hulle afkeur in "ANC-moordbendes" uit te spreek.

Aanvanklik was veral NP-LP's maar traag om die oorspronklike vorm oor staatsmoordbendes in te vul, maar teen druktyd vandeesweek het die Veldtog al heelparty vraelyste oor "ANC-moordbendes" van regeringslui teruggekry.

Wonder wie die vorms vervals het?

Beeld en Die Burger se beriggewing oor senator Gareth Evans se besoek aan Suid-Afrika laat mens terugverlang na dié koerante se histerie in die dae toe "linksgesinde" besoekers soos Don McHenry, Ted Kennedy en Henry Kissinger onder hul vlymskerp penne moes deurloop.

Luister hoe word joernalistieke etiek dat kommentaar nie met feitelike beriggewing vermeng moet word nie, oorboord gegooi: "Sen Evans se arrogante en ongepoetste gedrag - veral wat sy beskerming deur die polisie betref - wek al hoe meer aanstoot en in diplomatieke kringe word openlik gesê dat sy gedrag 'n diplomaat nie waardig is nie." Alf Ries op sy ou beste.

Dit het nou 'n geval geword van indien 'n buitelandse besoeker nie behoorlik voor die regering gatkruip nie, is daar iets met hom verkeerd.

# Noudat die **wette weg** is...

## Is apartheid dood noudat die apartheidswette geskrap is? *Vrye Weekblad* het gaan hoor wat dink die mense


Alias Slomuka


Lerisa Midaka


Lux Mthombeni


Sipho Maluka


Goodness Mkhize


Moses Ngcukana

SAM MOTLAMNYAMA, *'n werker van Tladi:*
Ek dink nie so nie, want dit is nie maklik nie. Jy sal kom kry die Afrikanermense bly net stil, maar in hulle harte hou hulle nog steeds nie van swartmense nie. Nou waar sal apartheid klaar raak as hulle ons nog haat?

EDWIN MOKAI, *'n elektrisiën van Klipspruit:*
Apartheid is nie dood nie. Kyk, ek kry 'n ongeskiktheidstoelae van die government af. Maar jy kom kry my geld is minder as dié van 'n witmens. As apartheid dood is, hoekom is dit nog so? Ek sou sê dat dinge verander, maar dit gebeur te stadig na my smaak. De Klerk het nog nie die punt bereik waar ons almal in ons harte tevrede sal wees nie.

ALIAS SLOMUKA *van Diepkloof in Soweto:*
As mense steeds slegte dinge doen soos die geweld, sal dit nie help dat apartheid geskrap word nie. As mense nog steeds apartheid in hulle harte ronddra, sal dit niks help nie. Die regering doen wat hulle wil, soms goed, soms sleg, hulle luister nie na ons nie. Hoe kan 'n mens stem in so 'n wêreld? Hulle beskerm ons nie, daar is baie slegte mense in die strate. Sien jy 'n polisieman in die strate wat onheil weghou? Ek is nie meer 'n jong man nie, ek stel nie meer belang in politiek nie, ek probeer net elke dag om aan die leef te bly en ek is bang om in die straat af te loop.

LEVI RAPESIWA *van Soweto:*
'n Paar van die pilare van apartheid is weggeneem, maar ons wag steeds om te gaan stem in 'n verkiesing. Die meeste swartmense steun vandag die NP, want hulle het hulself bewys en mense het weer vir die eerste keer hoop. Dis baie belowend, want nou kan jy gaan stem en wéét vir wie jy stem. Inkatha en die ANC het my teleurgestel, hulle kan ons niks bied nie.

CYNTHIA LOUBSER, *'n boekwinkelwerker van Rosettenville:*
De Klerk moenie vir hom snaaks hou en al die wette skrap nie. Hulle kan mos nie nou ewe skielik net alles so staan en skrap nie. Wat van ons? Ek dink nie ek hou van De Klerk nie. Aag, so what?

TONDO *is werkloos:*
Apartheid? Nee, apartheid is nie weg nie. Dit is in 'n proses van weggaan, maar De Klerk se woord moet ons maar glo. Tot dusver het hy darem nog sy woord gehou - min of meer. Oor Mandela wil ek nie veel sê nie, want anders maak jy 'n victim van jouself. Maar apartheid is nog hier. Hier in die straat.

PIET JORDAAN, *'n elektrisiën van Bezuidenhoutvallei:*
Die wette? Wat weet ek van die wette wat De Klerk nou verander? Nee, apartheid is nie weg nie. Ek ry steeds voor in die bakkie en die werkers agterop. Wette gaan dit mos nie verander nie.

JULIUS MATHIBI *'n skrynwerker van Mayfair:*
Waar sal apartheid doodgaan? As julle sê dit is dood, dan moet iemand dit aan my bewys. Wat sal gebeur as ek by 'n witvrou op die straat aanlê? Hulle [witmense] sal my doodmaak, terwyl hulle swartmeisies vat. En sy sal my vuil kyk want ek is swart. Sy sal vra wie dink ek wie is ek. Bewys aan my dat apartheid dood is.

HANSEN MAGAZI, *'n veiligheidsbeampte van Phiri:*
Ek wil hê al die wette moet weggaan. Ek wil lekker lewe in die wêreld want nou suffer ek. Witmense moet leer om met ander te deel. Ek dink hulle is uitgevreet.

ABRAHAM MOFOKENG *van Brixton:*
Toe apartheid ingestel is, het dit vinnig gebeur. Een dag was daar nie apartheid nie en die volgende dag was dit daar. Maar om dit af te stel sal nie so maklik gebeur nie. Daar sal steeds haat in mense se harte wees en hierdie haat sal nie maklik by witmense verdwyn nie.

GOODNESS MKHIZE *werk by 'n kafee:*
Die wette wat weg is, neem nie apartheid weg nie. Dit is nog steeds hier. Wat kan ons as swartmense sê? Ons word steeds nie dieselfde as witmense betaal nie. Apartheid kan net verdwyn as alle mense gelyk is en niemand laer is nie. Hotelle is byvoorbeeld mos oop vir almal, maar ons kan nie almal na hotelle gaan nie, omdat swartmense steeds laer lone as witmense kry. Nee, apartheid is nog hier.

ELIAS DLAMINI *van Soweto:*
Daar is baie mense wat wil voorgee dat hulle ons vriende is, maar hulle is nie. Hulle wil net hulle eie posisies versterk.

SIPHO MALUKA *van Soweto:*
Selfs al skrap die regering apartheid en selfs al is daar 'n nuwe regering, sal apartheid steeds daar wees. Daar sal steeds segregasie wees omdat die meeste van ons mense arm is en nie werklik gelyk sal kan word nie. Ekonomiese segregasie sal steeds apartheid aan die lewe hou. De Klerk doen die beste wat hy kan, maar sy broers stem nie met hom saam nie. Hy moet eers met sy broers gaan praat en hulle oortuig, want hulle glo nog in apartheid.

LUX MTHOMBENI, *'n vragmotorbestuurder:*
Ons wil nie meer apartheid hê nie. Apartheid is nog met ons. Dit is hier oral rondom ons. Die wette wat afgestel word, sal niks aan apartheid verander nie. Mense sal moet verander. Ek hou van Mandela en onder hom sal apartheid verdwyn - net nie Buthelezi nie.

CLIFF JACOBS, *'n nagwag van Elsiesrivier:*
Ek twyfel dat dit oor is, want daar is nog te veel rassistiese mense. Miskien as ons almal net eendag besluit om te bly waar ons wil, sommer mixed-up - wit, swart, kleurling, dan sal dit oor wees. Maar die goewerment kan nie net sê apartheid is oor, dan is dit so nie. Dinge werk nie so nie.

JOHANNES MATHABANE, *'n bakkery-werker van Zebedelia:*
Wel, ek dink dit is oor want as die goewernment self dié wette skrap, dan is dit seker maar so. Dit is wat ons al so lank al oor huil.

PHINEAS NHLAPO, *'n pakker van Mapetla:*
Dit is goed dat die wette geskrap is - apartheid moet sterf. De Klerk se dade moet aan ons bewys dat apartheid dood is. Hulle kan nie net sê dat dit so is nie. Maar hy is 'n goeie man.

ERNEST KHAMBULE, *'n bode van die Jeppe-bostel:*
Miskien is dit oor, maar dit is nog te vroeg om te sê. Alles sal baie stadig gebeur.

BHAI, *'n winkelier:*
Nie rêrig nie. Ons moet eers almal dieselfde betaling kry vir dieselfde werk, dan sal dinge miskien reg kom.

DIMAKATSO MASHIFANE, *'n werklose van Duduza:*
Dit is nog nie oor nie. Jy sal nog kom kry dat by sekere plekke word swartmense nie toegelaat nie. Ek dink nie ons kan nou al vir De Klerk praise nie. Hy moet eers die geweld stop en almal bymekaar bring voordat ons kan sê hy doen 'n goeie job.

CAROLINE BOKABA, *'n winkelassistent van Diepkloof:*
Ja, ek dink apartheid is oor, en ek hou van De Klerk. Ek dink hy probeer sy beste.

ETHEL MNGOMEZULU, *'n winkelassistent van Alexandra:*
Apartheid sal nie doodgaan nie. En ons kan ook nie sê dit is dood nie omdat 'n paar wette geskrap is nie - dit is net woorde. Ons moet aksie sien. Kyk, ons is nog steeds nie toegelaat om in sekere woonstelle in die stad te bly nie, en ons kry ook nie dieselfde geld wat witmense kry nie. Ek hoop net witmense leer om met swartmense saam te leef. De Klerk probeer om dinge reg te maak, maar daar is mense wat teen hom werk.

JULES SLABBERT, *'n makelaar van Hekpoort:*
Dit wil voorkom asof apartheid dood is en ek sien nie waarom swart en witmense nie rustig saam kan leef nie.

JANE SEKHU, *'n polisievrou van Vosloorus:*
Apartheid sal net sterf as daar onderhandelinge is. Maar almal moet mekaar verstaan - dit is die vernaamste ding. Ek dink De Klerk is besig om homself op te offer. Ek bejammer hom nogal.

ERNEST SEKHU, *'n polisieman van Vosloorus:*
Ek dink nie dit is dood nie. Dit sal eers ná 'n lang ruk sterf. Maar in die tussentyd moet ons almal net saamstaan. Ek dink De Klerk probeer die vrede behou en as hy nog lewe, sal hy in die volgende regering wees.

ANONIEM *van die Effektebeurs:*
Ek dink apartheid is dood en De Klerk doen 'n goeie ding. Maar vir die volgende vyf jaar gaan dit swaar gaan met ons. En net ons, die mense van dié land, kan stop sit aan die deurmekaar situasie hier. Ons moet almal nader aan mekaar beweeg.

SHADRACK PILANE, *'n fotograaf van Diepkloof:*
Dit is nog nie dood nie, en dit sal nooit doodgaan nie, want daar is nie een swartman wat die wêreld kan oorheers nie - nie oor my dooie liggaam nie. Kyk net wat gebeur in Zimbabwe en ander lande waar swartmense mag het. Daar is geen plek soos Suid-Afrika vandag nie. Ek is baie gelukkig hier.

GOEL MATHI, *'n verkoopsverteenwoordiger van Tladi:*
Totdat ons almal kan doen wat ons wil, sal apartheid nie dood wees nie. Hulle moet eers al die politieke gevangenes vrylaat en die bannelinge laat terugkeer voordat ek oortuig sal wees dat apartheid dood is.

IRIS BUTHELEZI, *'n werker in 'n drankwinkel:*
Nee, beslis is apartheid nog nie weg nie. Dit sal ook nie sommer maklik verdwyn nie. In 'n nuwe Suid-Afrika, waar Mandela die leier is en nie De Klerk nie, sal ons eers 'n land sonder apartheid sien. Die wette wat De Klerk nou afstel, sal nie veel verskil maak nie. Mandela is die leier, De Klerk speel net saam.

PETRUS HLOPE, *'n werker in 'n drankwinkel:*
Met die wette wat nou weg is, is dinge 'n klein bietjie beter. Maar met die skrap van die wette het apartheid beslis nog nie verdwyn nie, maar vir seker: Eendag gaan dit verdwyn. As Mandela eers in Kaapstad is, eers dan sal ons nie meer apartheid hê nie.

LERISA MIDAKA, *'n straatverkoper van lekkers, piesangs en sigarette:*
Ek weet nie wat die wette wat nou weg is, gaan verander nie. Maar apartheid is beslis nog hier. Oor De Klerk? Ag, nee man...

SALINA NOMBENU, *'n lampverkoper:*
Apartheid is gone! Jy kan mos sien dit is weg! Swartmense en witmense gaan saam kerk toe. Ons slaap saam in die treine. Waar is apartheid? Dit is weg. Dit is 100 persent weg. De Klerk is 'n nice guy. Hy laaik van blacks.

MOSES NGCUKANA, *'n dramastudent:*
De Klerk is ernstig oor verandering. Hy is die een wat met die swart leiers praat. Ja, ek dink apartheid is weg omdat hy met die swart leiers praat. Hy het die oplossing: Skrap alle apartheidswette en alle apartheid sal verdwyn. Ek hou van De Klerk en van Mandela hou ek te veel, ovet! Ek dink nie Buthelezi is ernstig oor die nuwe Suid-Afrika nie.

VW

# Só gaan die **nuwe ANC** werk

**HENNIE SERFONTEIN** berig oor die voorstelle vir struktuurveranderinge in die ANC wat waarskynlik by die komende kongres aanvaar gaan word

DIE verkiesing van 'n nuwe nasionale uitvoerende komitee (NEC), is een van die belangrikste take van die komende nasionale kongres van die ANC die eerste week van Julie in Durban.

Dit sal deur sowat 1 300 afgevaardigdes bygewoon word. Ten minste 90 persent word in 'n geheime stemming deur die 14 streke verkies - een vir elke 350 lede of gedeelte daarvan.

Die NEC nooi ook ervare individue en kundiges uit wat 'n spesiale bydrae te maak het, maar hulle mag nie meer as 10 persent van die afgevaardigdes uitmaak nie.

Die nuwe NEC word vir 'n tydperk van drie jaar verkies. Dit sal onmiddellik alle aandag aan twee uiters dringende sake moet gee.

- Die snelle samesnoering van die vier afsonderlike elemente van die ANC - die uitgewekenes, die gevangenes, die ondergrond en die interne UDF en breë demokratiese beweging - in een geïntegreerde, verenigde eenheid om sodoende die huidige interne verwarring en rigtingloosheid te oorkom.
- Die volgende fases van die ontplooiende onderhandelingsproses in die kritieke oorgansfase.

Dit bied die eerste geleentheid vir die interne leierskap, wat tot dusver meestal uit die top-leierskapstrukture gehou is, om tot die NEC verkies te word.

Die NEC gaan dan ook aansienlik vergroot word om die wyds moontlike verteenwoordiging te verseker.

Tot Februarie 1990 het dit uit 34 persone bestaan, almal uitgewekenes. Daarna is Nelson Mandela, Govan Mbeki en Walter Sisulu gekoöpteer. Maar sedertdien is Francis Meli oorlede en Mac Maharaj het bedank, wat beteken dat dit *de facto* uit 35 persone bestaan.

Die NEC het 'n konsep-grondwet opgestel, wat finaal deur die Nasionale Kongres aanvaar of gewysig moet word. Volgens die eerste konsep sou die NEC tot 128 vergroot word.

Maar dit het 'n storm op grassroots-vlak en in die streke ontketen. Die konflik hieroor weerspieël die groeiende spanninge tussen terugkerendes en die binnelandse ondersteuners. Want in wese was die besware deur laasgenoemdes dat dit lyk asof die terugkerende "ou garde" dit so opgestel het om hul houvas te verstewig en hul posisies te beskerm.

Verlede week het die verteenwoordigers van die grondwetkomitee die streke ontmoet. Die gevolg is dat die NEC nou 'n gewysigde konsep-grondwet aan die kongres sal voorlê, waarvolgens die ou garde verplig was om belangrike toegewinge te maak.

Dit behels 'n vermindering van die getal van 128 na 90, 'n vermindering van die lede deur die NEC benoem van 15 na slegs drie, en die skrapping van 'n klousule wat die NEC vir nominasie-doeleindes as 'n aparte streek sou beskou.

Die NEC sal nou soos volg saamgestel word:

- Vyf lede word regstreeks afsonderlik deur die kongres verkies: Die president, die adjunk-president, die sekretaris-generaal, die adjunk sekretaris-generaal en die tesourier-generaal.
- 50 lede word deur die kongres verkies. Ten minste 30 persent, dit wil sê 15, móét vroue wees.
- 32 word automaties *ex officio*-lede: die voorsitters en sekretarisse van die 14 streke, en ook van die jeug- en vroueliga.
- Drie word deur die NEC self gekoöpteer, maar hulle moet deur ten minste 60 persent ondersteun word.

Die NEC sal uit eie geledere twee komitees kies. Eerstens is daar 'n nasionale werkskomitee van 26 lede, wat voltydse betaalde funksionarisse sal wees.

Dit sal die vyf top-leiers insluit. Elkeen sal verantwoordelik wees vir 'n bepaalde departement. Sommige daarvan sal party organisasiewerk soos inligting, finansies, jeug-, vroue- en beleidsake behels. Andere weer kan gesien word as werksaamhede van 'n skadu-kabinet.

Besonderhede oor die verskillende departemente is nog nie gefinaliseer nie. Maar dit sal die funksies van twee huidige NEC-komitees inkorporeer, naamlik die buitelandse koördinerende komitee en die politieke militêre raad, wat tans 13 van die NEC uitmaak.

Umkhonto we Sizwe bly voortbestaan met die president as hoof daarvan.

Tweedens is daar die presidentskomitee wat uit nie meer nie as sewe persone sal bestaan. Dit het geen uitvoerende funksies nie, maar moet die president bystaan en spesiale funksies in opdrag van die NEC verrig. Dit is duidelik dat dié liggaam in praktyk die werklike politieke mag en invloed gaan uitoefen en besluite inisieer - 'n soort binnekring van die NEC.



# Dit wóél om **top-poste** in die ANC

Wanneer die **African National Congress** se nasionale kongres op 6 Julie eindig, gaan daar heelwat nuwe en jonger bloed in die senior leierskap wees. Intussen duur die magstryd voort en selfs Nelson Mandela se posisie is al bedreig, skryf **HENNIE SERFONTEIN**


Albertina Sisulu


Chris Hani


Cyril Ramaphosa


Terror Lekota


Popo Molefe


Allan Boesak

DIE huidige gewoel om magsposisies in die ANC se uitvoerende komitee (NEC) weerspieël die ontevredenheid van die lede op grassroots-vlak met die leierskap van die huidige NEC.

'n Belangrike kenmerk is dat dié ontevredenheid besig is om in 'n konfrontasie te ontwikkel tussen die lede van die huidige NEC - almal oud-uitgewekenes en gewese politieke gevangenes - en die binnelandse leiers van die UDF en breë demokratiese beweging.

Daar is veral bitterheid in die geledere van laasgenoemde omdat hulle tot nou toe doeltreffend uit die top-leierskap gehou is. (Sien ook die onderhoud met Oscar Dhlomo op p 13)

In die aanloop tot die konferensie is die ontevredenheid op grassroots-vlak weerspieël deur die takke en streke se verset teen die eerste voorgestelde konsep-grondwet, wat die houvas van die huidige leierskap sou beskerm. (Sien berig hiernaas.) Die NEC gaan waarskynlik van 35 lede tot 90 lede uitgebrei word.

'n Ander faktor is ook die verskille tussen die sogenaamde Hani- en Mbeki-faksies oor onderhandelings en verwante sake.

Hoewel die konflik nie oorvereenvoudig moet word nie, is dit bekend dat daar belangrike verskille is tussen militantes - ondersteun deur belangrike elemente van die SAKP - en pragmatiste.

Een ding is duidelik: In die verkiesing gaan baie van die koppe van die huidige NEC-lede rol. Sommige stap al aan in die jare; Andere - waaronder ook bekwames - is weer haas onbekend onder die grassroots-lede, terwyl party van die meer bekende lede soos Alfred Nzo deur die terugkerendes en binnelandse groepe van onbevoegdheid beskuldig word.

Baie van die nuwe gesigte op die NEC sal dié van bekende veterane van die dae van binnelandse onrus, twee noodtoestande en tienduisende inhegtenisnemings wees.

Alle oë is egter op die verkiesing van die vyf top-leiers: die president, vise-president, sekretaris-generaal, adjunk-sekretaris-generaal en tesourier-generaal.

Hoewel dit nou 'n uitgemaakte saak is dat Nelson Mandela eenparig tot president in die plek van die kranklike Oliver Tambo verkies gaan word, was dit tot onlangs nie noodwendig 'n voldonge feit nie.

Agter die skerms is daar groeiende ontevredenheid en kritiek, veral in die geledere van die terugkerende NEC-lede, oor Mandela se leierskap. Hulle sê hy het nie soos Tambo daarin geslaag om die eenheid van die ANC te handhaaf en groepe te laat saamwerk en bymekaar te bring nie. Daar is probleme met sy "ad hoc individualistiese" werkwyse.

Druk is op Tambo uitgeoefen om hom weer verkiesbaar te stel - en volgens sekere ANC-bronne is hy self bekommerd en het dit selfs oorweeg. Maar dit is nou finaal: vanweë mediese advies en druk deur sy familie, gaan hy uittree.

Daar is egter geen sprake van opposisie teen 'n Mandela-benoeming nie, want in NEC-geledere word die kritiek teen hom stil gehou en word die belangrikheid van sy charisma onder die breër publiek terdeë besef.

Daarom is daar die enorme belangstelling in die verkiesing van die adjunk-president, wat in der waarheid die opvolger van die 72-jarige Mandela sal wees.

Die kandidate hier is Hani, Mbeki, Jacob Zuma, Gwala en moontlik miskien nog Boesak.

Op 'n stadium is genoem dat Hani - die ekstroverte charismatiese liefling van die massas - die gunsteling was. Maar soos vroeër in VWB berig, het die Mbeki-ondersteuners hulle toegespits op kleiner vergaderings van lede van tak- en streeksbesture, uit wie se geledere die afgevaardiges na die kongres verkies word.

Die Mbeki-kamp maak op wye steun aanspraak, ook uit sommige militante geledere, wat blykbaar nie in Hani 'n toekomstige ANC-president sien nie. Sommige Hani-ondersteuners sê weer hy gaan hom in die volgende jaar of twee besig hou met die inlywing van Umkontho we Sizwe in die SAW en wil nie nou 'n ander posisie in die ANC hê nie.

Maar in die afgelope weke het Jacob Zuma sterk na vore getree en word hy in sommige ANC-kringe selfs as 'n gunsteling beskou om Mandela as vise-president op te volg. Op ideologiese, persoonlike en onderhandelingsvlak is hy 'n bondgenoot van Mbeki.

As inligtingshoof en sleutelfiguur in die aanvoor van die onderhandelingsproses, dwing hy groot respek oor 'n wye spektrum binne én buite die ANC af - behalwe onder sekere SAKP-groepe.

Daarby is hy 'n Zoeloe, en is daar in die ANC 'n stadium bereik waar vele erken dat die Inkatha-kwessie verkeerd aangepak is, en dat Zoeloe-sentimente negeer is terwyl vier van die nege ANC-presidente Zoeloes was en slegs een 'n Xhosa.

Na onlangse berigte in die pers dat Peter Mokaba, die president van die ANC-Jeugliga, 'n informant sou gewees het, en dat daar beweerde huweliksprobleme tussen die Mandelas is, beweer bronne in beide gevalle dat Zuma die nuus laat uitlek het.

Mense na aan die ANC wat Zuma ken, verwerp dié beskuldiging as vergesog. Die insleep van Zuma by die berigte word beskou as 'n beplande skuif deur mense soos Gwala - 'n verbete vyand van Zuma - en sy geesgenote om in die leierskapstryd te benadeel.

Daar word ook bespiegel dat Albertina Sisulu dalk 'n verrassingskandidaat kan wees, nadat haar man Walter benoemings vir die pos verwerp het.

Daar is ewe veel belangstelling vir die pos van sekretaris-generaal - tans deur Nzo beklee. Uit Natal word verneem dat Gwala vir Hani vir die pos wil benoem.

Maar in die breë demokratiese beweging se geledere word die name van veral Cyril Ramaphosa van Cosatu en Popo Molefe genoem, terwyl Zuma ook ondersteuning vir die pos het as hy nie tot adjunk-president verkies word nie. Dit word gesê indien Ramaphosa staan, ander kandidate soos Molefe sal onttrek vanweë sy indrukwekkende welslae as die algemene sekretaris van die National Union of Mineworkers.

Uit ANC-kringe word die belangrikheid van die posisie van sekretaris-generaal beklemtoon omdat hy 'n sleutelrol het om die organisasie reg te ruk en die verskillende faksies in 'n eenheid saam te snoer.

Vanweë die flaters van die NEC die afgelope jaar, word dit ook as belangrik beskou dat die pos verkieslik deur 'n persoon uit die breë demokratiese beweging gevul moet word.

Wat die posisie van die tesourier-generaal betref, word gesê dat Thomas Nkobi dalk sy pos mag behou, omdat daar geen bepaalde kritiek teen hom is nie. As die anti-"ou garde" gevoel egter sterk op grassroots-vlak loop, mag hy dalk ook 'n slagoffer word.

Sou Vusi Khanyile, die hoof van die departement finansies van die ANC, bereid wees om te staan, word hy as 'n gunsteling beskou - maar hy is blykbaar onwillig.

Die naam van Barbara Masekela - vorige hoof van die departement kultuur - word as 'n moontlike verrassingskandidaat vir dié posisie genoem.

Uit die geledere van die UDF en die breë demokratiese beweging is daar die volgende leiers wat óf reeds deur streke genomineer is, óf waarskynlik nog genomineer sal word vir posisies op die vergrote NEC:

- Vanuit vakbondgeledere is daar mense soos Cyril Ramaphosa en Sydney Mafumadi, die assistent-algemene sekretaris van Cosatu.
- Daar is die gewese kerkleier Alan Boesak, en vader Smangaliso Mkatshwa, die vorige algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie; vorige UDF-leiers soos Terror Lekota en Popo Molefe; Trevor Manuel en Christmas Tinto van Wes-Kaapland; Arnold Stofile van die Grens, die oud-gevangene wat 'n All Black-toer gekelder het; Billy Nair en vuurvreter Harry Gwala, twee oud-gevangenes van Natal.
- Ander oud-gevangenes soos Barbara Hogan en Raymond Suttner; vrouelede soos Winnie Mandela en Ivy Gcina van Oos-Kaapland; en 'n figuur uit die breë demokratiese beweging soos Mohammed Valli Moosa.

Dié is slegs sommige van die kandidate vir die 50 lede, waarvan 15 vroue moet wees, wat van die vloer gekies gaan word.

# "n Deur het oopgegaan in ons bewussyn'

In die nasleep van 16 Junie 1976 het swart Suid-Afrikaners 'n kulturele renaissance soos min beleef. Dit was 'n gewelddadige tyd - maar ook 'n kreatiewe tyd. Terwyl derduisende kinders dag ná dag met klippe in die hand teen die veiligheidsmagte te staan gekom het, het die poësie, die verhaalkuns en die skilderkuns opgebloei en die stormagtige tyd vasgelê. Wat het dié merkwaardige opwelling van die kunste veroorsaak? **AUDREY BROWN** het met van die '76ers' gaan gesels

DIE "76ers" soos hulle bekend staan, het seker gemaak dat Suid-Afrika nóóit Junie 16 vergeet nie. En die rede waarom hulle dit gedoen het, en die maniere waarop hulle dit gedoen het, is tekens van die tye waarin hulle geleef het.

Verskeie lede van dié geslag sê dit was 'n "pynlike, goue era", wat net die beste uit hulle gehaal het.

Chris Van Wyk, digter en oudredakteur van Staffrider, 'n tydskrif wat die eerste produkte van die 76ers gepubliseer het, sê: "Ek weet dit klink soos 'n cliché, maar mense het daarna gesmag om uiting te gee aan hul emosies - hulle moes uiting gee aan wat hulle dag ná dag op die strate van Soweto beleef het."

Mothobi Mutloatse, direkteur van Skotaville-uitgewery en self 'n skrywer, sê die intensiteit van hul gevoelens het almal onkant betrap.

"Ons het almal verwag dat Junie 16 op daardie dag sou eindig, maar die gebeure was só groot - dit was onbeskryflik. Elke revolusie gaan egter sy eie gang - en in dié geval het die beelde wat ons daagliks gesien het uit ons penne gevloei. Vir mense wat kultureel ingestel is, was '76 soos 'n deur wat in ons bewussyn oopgegaan het. Joernaliste het meer selfvertroue gekry, skrywers het meer beeldend geword - it was a coming of age."

Om te verstaan waarom dié "kulturele renaissance" plaasgevind het, moet die politiek van die dag in ag geneem word. Die swart bewussyn-beweging, wat in Amerika begin het en in Suid-Afrika inslag gevind het, het die regte klimaat geskep vir jeugdiges wat 'n nuutgevonde mag in hulself ontdek het. Die idee van sielkundige bevryding - en 'n herontdekking van 'n mens se "roots" was van die belangrikste beginsels van swart bewussyn. Mense het daarom die gebruik van hul Christenname afgeskaf en hul Afrikaanname gebruik. Westerse kleredrag is vervang deur dashikis en kurtas, terwyl vroue mama-Afrika kopdoeke en rokke gedra het.

Mutloatse sê oor die opwelling van die kunste: "Dit was 'n manier vir ons om in ons eie woorde te kan praat, op ons eie manier. Ons het onsself ontdek. Ek sê altyd: as jy jouself nie ken nie, ken jy niemand nie."

Dié sin vir ontdekking skemer sterk deur in die herinneringe van die digters van die era. Van Wyk sê: "Ek onthou toe ek 'n laaitie was, het ek iewers dié woorde gelees: We are not aberrations of white people. We are people in our own right. Dié woorde sal my vir altyd bybly, en dit is wat my aangevuur het."

Poësie soos Maishe Maponya se "Look deep into the ghetto" en Ingoapele Mandingoane se "Afrika my beginning" word nog steeds as van die beste voorbeelde van ons digkuns beskou. En Sipho Sepamla, Mongane Wally Serote en andere se werke is wêreldwyd bekend. Maar talle ander is skaars bekend en sommige het ná 'n paar verse nooit weer geskryf nie. Es'kia Mphahlele noem dit "talkative verse".

Waarom was gedigte - volgens die skrywer en joernalis Don Mattera die moeilikste genre - die voorste voertuig vir uitdrukking?

Van Wyk verduidelik: "Daar was baie verkeerd met die poësie van daardie tyd, maar daar het ook baie goed daarin gesteek. Ons het gedigte geskryf omdat dit onmiddellik en lewendig was. Ons het orals, in enige omstandighede, gedigte gelees. En dit was maklik om poësie rond te dra. Swaar boeke en lang stories het nie gepas by die mobiliteit van die situasie nie. Mens kon selfs 'n gedig opmaak terwyl jy daar staan."

Jaki Seroke, 'n redakteur by Skotaville en een van die 76ers, meen die intense kulturele uitdrukking was die gevolg van die intense politieke onderdrukking wat in die maande ná 16 Junie 1976 plaasgevind het.

"Ons enigste uitweg was kultureel, en ons het baie van ons energie daaraan bestee. Ons het nog nooit enigiets soortgelyks gesien nie - dit was 'n kulturele belewenis, 'n pynlike, goue era."

Die stukrag van '76 het nie baie lank gehou nie - teen die vroë tagtigerjare was die spontaneïteit en opwinding weg. Van Wyk meen dit was natuurlik vir die koors om af te neem "omdat dit moeilik is om enigiets vol te hou. Boonop het ons ervarings verander. Baie dinge het intussen gebeur, mense is aangehou, ander is buiteland toe.

"Die feit dat kulturele organe verswelg is deur politieke organisasies het bygedra tot die afname. Dit moes nie gebeur het nie."

SOWETAN

Vrye Weekblad

QUARTERLY

STATE OF THE NATION

REPORT

CRITICAL TIMES MEAN CRITICAL DECISIONS. CORRECT DECISIONS DEMAND PROPER INFORMATION.

Vrye Weekblad and Sowetan, South Africa's largest daily newspaper, are launching a Quarterly State of the Nation Report to fulfil the need for in-depth, authoritative and balanced information on the affairs of the South African nation. It will be sent to the 7 000 top decision makers and opinion formers in the country of all constituencies and political persuasions.

The theme of the first Report, to be published in mid-July, will be 'Violence: Now for the Fight for Peace.'

The **Vrye Weekblad/Sowetan Quarterly State of the Nation Reports** will be an ideal vehicle for corporations to associate themselves with the search for lasting solutions to our country's problems. The deadline for advertising bookings for the first edition is June 28, 1991.

Contact Joyce Dube at telephone (011) 836 2151 or fax 838 5901, or Steve Serfontein at (011) 474 0128 or fax 474 8834.



# *Die Verlore* Geslag

Swart jeugdiges speel 'n belangrike rol in die vlaag van geweld en misdaad wat Suid-Afrika nou teister. Daar word gepraat van die **'Verlore Geslag'** - jeugdiges wat weens die ontwrigting van die onderwys en die ekonomiese agteruitgang die laaste dekade geen opvoeding of werk het nie en nou uitdrukking gee aan hul frustrasies. **AUDREY BROWN** het ondersoek ingestel na hoe die lewensomstandighede van jong swart Suid-Afrikaners die laaste 15 jaar hulle as mense beïnvloed het

DIE gebeure van 16 Junie 1976 sal Suid-Afrika se mense nog vir dekades bybly. Dit het nie net 'n politieke rewolusie ontketen nie, maar ook enorme sosiale ontwrigting veroorsaak. Die gevolge daarvan kan in die spiraal van geweld en misdaad gesien word.

Maar voordat die verlore geslag afgeskryf word, moet die kragtige sosiale, ekonomiese en politieke faktore in ag geneem word wat swart jeugdiges se lewens beïnvloed het, sê verskeie bekommerde kenners.

Uit 'n mengelmoes van faktore word die gedurige ontwrigting van onderwys, die ondermyning van die gesin en ander gesagsstrukture, en die agteruitgang van die ekonomie as die belangrikste redes vir die krisis genoem.

Prof Colin Bundy, geskiedkundige van die Universiteit van Kaapstad, beskryf dit so: "By any stretch of the sociological imagination, the recipe for marginalising and alienating a generational unit is comprehensive enough. Take politically rightless, socially subordinate, economically vulnerable youths; educate them in numbers beyond their parents' wildest dreams; put them in educationally grotesque institutions; ensure that their awareness is shaped by punitive social practices in the world beyond the schoolyard - and then dump them in large numbers on the economic scrapheap."

Steve Mokoena, 'n navorser by die Projek vir die Ondersoek na Geweld aan die Universiteit van die Witwatersrand, sê mens moet kyk na die agtergrond waarteen swart kinders grootword.

"Die sogenaamde verlore geslag het ontstaan in die laboratorium van apartheid," sê hy. "Dit is geen leë slagspreuk met die doel om die aandag van die probleem af te trek nie, nog minder is dit my doel om die geweld van die swart jeug te verskoon of reg te praat.

"Feit is, apartheid as 'n gemeenskaplike stelsel is die onderliggende enjin vir die marginalisering van swart jeugdiges. Bo en behalwe die toestande in die townships, waar geweld broei, is opvoeding 'n terrein vir oorlog teen die swart jeug - 'n oorlog wat hulle aangepak het.

"Hulle is ook as die vernaamste teiken van die staat se wraak gekies. Voeg daarby die agteruitgang van die ekonomie - wat dit selfs vir opgevoede mense moeilik maak om werk te kry, wat nog te sê van iemand sonder opvoeding - dan praat ons van 'n sosiale krisis wat die verbeelding oortref," sê Mokoena.

Verskeie studies is gedoen om die uitwerking van die ekonomiese agteruitgang op die jeug te ondersoek. 'n Studie deur die Nasionale Kommissie vir Mannekrag sê werkloosheid onder swartmense "displays only a mild sensitivity to the business cycle, which confirms the predominantly structural nature of the problem."

Dit beteken dat die siklusse van die ekonomie baie min uitwerking op swart werkloosheid het omdat dié probleem veel dieper strek. Die redes vir werkloosheid, sê Rory Riordan van die Menseregtetrust in Port Elizabeth, behels verstedeliking, 'n groeiende bevolking en veranderende werkpatrone. (Waar mense byvoorbeeld voorheen twintig jaar lank gewerk het en dan afgetree het, werk hulle nou tot die amptelike aftree-ouderdom.)

Tussen 1965 en 1970 het byna 75 persent van die mense wat tot die arbeidsmark toegetree het in die formele sektor werk gekry. Dié persentasie het tussen 1975 en 1980 gedaal tot 35 persent. In die tydperk 1980-1985 het die syfer tot 33 persent gedaal. En in die tydperk 1985-1989 het dit dramaties gedaal tot 12,5 persent.

Volgens die Mannekrag-studie, wat in 1986 gedoen is, is byna 85 persent van die werkloses in Suid-Afrika swart.

En dié syfer is aan die groei: as mens kyk na die getalle wat skool verlaat - of hulle nou gematrikuleer het of nie - word dit duidelik dat die probleem al hoe groter word. Byna 60 persent van die swart bevolking is onder die ouderdom van 24, en baie is óf op skool óf op straat - op soek na werk of moeilikheid.

Volgens syfers verskaf deur Mokoena het 86 000 kandidate hulle in 1986 vir die matriekeksamen ingeskryf. Net 50 persent het geslaag. In 1988 het meer leerlinge hulle vir die eksamen ingeskryf, maar die slaagsyfer was net 'n bietjie beter. In 1989 het die aantal leerlinge wat geslaag het weer skerp gedaal tot net 41 persent. En in 1990 het 36 persent geslaag - die ergste syfer ooit. Terwyl die aantal leerlinge toegeneem het, het die slaagsyfer gedaal, wys Mokoena uit. Die krisis word dus al hoe erger.

En die geweldsyfers dui aan hoe baie werklose jeugdiges hul tyd deurbring:

In 1990 het meer as 3 000 mense in politieke geweld gesterf. En volgens die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) word ernstige aanrandings elke vier minute gepleeg, motordiefstal elke 9 minute, 'n inbraak elke drie minute, 'n verkragting elke 26 minute en 'n moord elke 45 minute.

In dié gewelddadige scenario speel swart jeugdiges 'n prominente rol as die plegers sowel as die slagoffers van geweld. Daarom praat die politici, predikers en onderwysers almal uit een mond oor die "lost generation, hovering in social limbo with nothing but potent aggression which fuels a life of crime and violence," sê Mokoena.

En die feit dat dié "potent aggression" in die konteks van verswakte ouergesag plaasvind, beteken dat die probleem buite beheer woed, sê hy.

"The ascendancy of the youth in politics, especially since the early eighties, undermined adult authority and in some cases challenged it directly."

Alle vorms van beheer is bevraagteken, en met die inhegtenisneming van die meer volwasse leierskap van die politieke stryd, is jeugdiges met oppervlakkige, onvolwasse politieke houdings in die brandpunt van die politieke stryd geplaas.

Die gevolg hiervan was die ontwikkeling van 'n merkbare arrogansie aan die kant van die jeug - en dit, gesien in die konteks van die reeds verswakte swart gesinslewe, het beteken dat die jeug en hul ouers op die weg na regstreekse konflik geplaas is. Daarbenewens is die verswakte ouergesag nie deur 'n werkbare gesag vervang nie. Die feit dat swart gesinne nie daarin geslaag het om na die behoeftes van jeugdiges om te sien nie, verduidelik ook grootendeels waarom dit so maklik is vir hulle om op straat te wees.

Daar is gehoop dat die veranderende politieke dinamiek van die jare negentig 'n blaaskansie vir die jeug sou skep - maar die omvang van die probleem het toe eers duidelik geword.

Die verhoogde verwagtinge, die vooruitsig van politieke oorgang en 'n nuwe oopheid in die politiek is met groot blydskap verwelkom. Maar kort voor lank het die stadige verloop van die politieke proses, gepaard met die verwagting dat lewensomstandighede gou sal verander, 'n ondraaglike spanning by die jeug laat posvat.

Mokoena sê: "Ironically, the re-entry of the PAC and ANC into daily political life fed these frustrations. The new leadership in many respects sidelined the youth from their former position of political prominence in the heady days of a 'people's war' and demanded of them a diplomatic patience somewhat incompatible with the calls for action in the 1980's."

Mokoena sê verder die revolusionêre potensiaal van die jeug is deeglik bestudeer, maar niemand het geskryf oor wat sou gebeur as politieke prosesse skeefloop en die energie van die jeug in ongedissiplineerde aktiwiteite uitgedruk word nie.

"The reality today is that many of the youth, who were the one-time engine of the South African liberation struggle, now lie idle and disaffected. They are a potential menace with a capacity to commit indescribable atrocities against their own people."

As gevolg van die gruwelverhaal wat so baie swart jeugdiges se lewens is, is die verlore geslag nie soseer 'n geslag wat hul weg byster geraak het nie, sê sosioloë. Hulle is van die baan af gestoot - met die uiterste geweld.

# Effects of role models on the youth of South Africa today

*Jabu Maphalala*

PAINTING ON PAGE 9: LUNGILE PHAMBO
PAGE 10 AND 11: THE OPEN SCHOOL CHILDREN'S ART CALENDAR, 1991







THE Legend of Sumer has it that a traveller found an old man sitting on the side of the road and asked: "What became of the black people of Sumer? For ancient records show that the people of Sumer were black. What happened to them?" The old man replied: "Ah, they lost their history, so they died..."

In African mythology the legend, like the legend of Sumer, is a way for people to learn from the mistakes of their forefathers. Because the dead, the living and the unborn are all connected. The people of Sumer lost the link between the dead and the living. Consequently they lost their wisdom and died. I believe the same is happening to the black people of South Africa.

The question is, what went wrong in our society to turn us so much against each other? What has happened to induce some people to pick up weapons to murder others whom they don't even know? In retrospect it seems that this process began almost 15 years ago following the Soweto Uprising. The youth, by challenging Pretoria, assumed a role that had in the past been that of their parents. While the youth perceived themselves, and were perceived by others, as being in the "fore-front" of the struggle, parents failed to take the initiative and became followers. No mechanisms were provided to ensure the continuity of adult control in civic issues, such as in issues related to service charges and the running of schools. Thus June 1976 ushered in the beginning of a process which ultimately robbed the youth of parental leadership in civic matters.

Three decades ago, Mangaliso Robert Sobukwe warned that as soon as violence breaks out, people "will be taken up with it and give vent to their pent-up emotions and feel that by throwing a stone or burning a particular building, they are small revolutionaries engaged in revolutionary warfare". This is what happened in 1976. It was "the youth" who threw stones and waged running battles with the police. Consequently they were the ones who saw themselves as "small revolutionaries" while parents were, in some cases, perceived to be cowardly.

After 1983 youth organisations became increasingly involved in civic issues. The period also brought with it necklacing as a method of dealing with those who were perceived to be hindering the struggle. Education became less of a priority. Those who could have spoken out against this disintegration of our society's value system, objected silently while waiting for "the true leaders" to come back from prison and exile to sort out the mess.

The post-1983 period was also the time when people could only be listened to if they had "a mandate" from the right sources to speak. Thus when Chief Mangosuthu Buthelezi warned against the "liberation before education" mentality, only a few people listened as the advice came from the "wrong mouth" even though it was good. Today the education issue is no longer a problem. It is a crisis. We even read about students who have "expelled" principals from schools.

A result of all these occurrrences is the "Lost Generation" - a generation of unemployed, unskilled, under-educated, and in some cases, "unemployable" people. These are the same people who have tasted power and now run the lives of residents through street committees, "people's courts", enforcement of stay-aways and consumer boycotts in some communities. The intimidation that accompanies the enforcement of these stay-aways and boycotts has in some cases led to differing groups fighting against each other. The dissatisfaction by some sections of the community on how these actions are run has given people with ulterior motives opportunities to take advantage of the situation. Today we hear about "third forces" being involved in the Reef fighting.

What will happen to the people who have no opportunity to escape the effects of the ghetto? A few years ago, a black American Congressman commented that while desegregation in America was a positive thing, it removed positive black role models from the ghettoes. The unskilled, under-educated and unemployed who had no means to leave the ghetto were stuck in an environment with role models such as prostitutes, pimps and drug dealers. They were judged on their material possessions as being "successful".

The Congressman said after a discussion with a youth in Harlem about the virtues of education, the youth told him he made more money in a week in the streets that the Congressman did in a month. For that youth in America, it was the having that counted, not the how it is gotten. With unemployment and crime so high in this country, we seem to be heading in that direction.

Statistics show the environment plays a very important role in children's psychological and mental development. A child from a disadvantaged background has a lesser chance of succeeding in life than a child from an advantaged background.

The problem we face in South Africa is that members of the "Lost Generation" constitute large numbers in our society. We are not yet close to being a society ruled by uneducated, unskilled and heavily-armed youths like the Khmer Rouge did in Cambodia but we seem to be approaching that outcome.

How long can we hope to survive when we continue like this? Or like the people of Sumer, are we going to die? We need to change out direction. Something has to be done soon to help channel the energy and enthusiasm of the youth and bring back adult control. VW

# Twee kinders van 16 Junie 1976

16 Junie 1976 is 'n dag wat baie min Suid-Afrikaners sal vergeet. Die gevolge van dié bloedige dag sal nog lank by ons bly. Daar is derduisende jeugdiges wie se gesigte destyds op die agtergrond van die koerantfoto's was: die sogenaamde "verlore geslag". *Vrye Weekblad* het met twee Soweto-veterane van 16 Junie 1976 gesels. **Barry Masoga** was destyds 'n matrikulant in Sekano-Ntoane en **Cuba** 'n matrikulant in die Naledi Hoërskool. Hulle is albei 35 - maar ná 1976 het hul lewens heeltemal verskillende koerse ingeslaan. Hulle vertel van die jare daarna aan **CHRISTELLE DE JAGER** en **AUDREY BROWN.**



SY vriende noem hom Cuba - want dis al naam wat hy wil hê. In koerante en op konferensies word daar na hom verwys as 'n lid van die "verlore geslag". Maar hyself beskou hom nie as deel van die verlore geslag nie. Inteendeel.

"Ek sal altyd daar wees om die res van Suid-Afrika te herinner aan wat die owerhede daardie dag aan kinders gedoen het. Swartmense sal my en my makkers met trots onthou. Wat later met ons gebeur het, is iets wat niemand ooit moet vergeet nie. Hulle moet ons net nie bejammer nie. Na die gebeure van 1976 het ek probeer om vir nog drie jaar op skool te bly. Ek het aandklas geloop, maar ek kon myself nie onderhou nie omdat daar te min werk was."

Cuba het nooit matriek geskryf nie - toe hy vir oulaas terug skool toe is, is wetgewing ingestel wat swart skoolkinders bo 18 verbied het om hulle by skole in te skryf.

"Daarna was ek moeg vir sukkel, en hoewel dié wetgewing afgeskaf is, het ek reeds 'n kind gehad om te onderhou. Ek moes gaan werk soek."

Dit was nie maklik vir hom nie - duisende van sy skoolmaats was óók op soek na werk: "Wel, daar is net soveel garden boys en messengers wat wit Suid-Afrika kan absorbeer. En in any case was ek nooit daarin geïnteresseer nie - ek het begin skryf in 1976, en ek wou in daardie lyn aanhou."

Hy het nooit 'n vaste werk gehad nie, en hoewel hy baie min geld het, hou hy vol dat hy nie werk het nie omdat hy nie deel van die stelsel wil wees nie. "Ek sal nooit vir 'n witman werk nie. Hy word ryk van my sweet - en ek kry 'n skop onder my gat. Nee wat!"

Cuba is een van 'n groep mans van sy ouderdom en jonger wat in die stad bly en óf deur vriende wat werk onderhou word óf geld kry deur kleiner diefstal te pleeg. Hy kry nou en dan die kans om 'n stuk te skryf vir tydskrifte. Sy betrokkenheid by diefstal is doelbewus minimaal omdat hy homself as 'n skrywer beskou, "maar daar is niks daarmee verkeerd nie, enigiets wat die onderdruktes die kans gee om die rykes in te doen, is vir my goed. Dit is nie diefstal nie, dit is repossession."

Hy bring sy dae deur in die geselskap van sy vriende in woonstelle in Hillbrow. Hulle rook dagga en luister na musiek. Hy is 'n Rastafarian - sy dreadlocks is vir hom 'n groot trots, en vir hom is Babilon "die System".

"In Suid-Afrika is dit maklik om te sien wat die Bybel bedoel as hy praat van Babilon. Maar hulle sal ons nog nooit nie onderkry nie. Drie honderd jaar probeer hulle ons uitwoed. Hulle het nooit geslaag nie."

Cuba het drie kinders by verskillende vroue. Onderhou hy hulle enigsins? "Nee. Hul ma's weet ek het nie geld nie. En gelukkig glo hulle nie in die gesag van die hof om my te dwing om te betaal nie - anders was ek lankal in die mangse (tronk). Gewoonlik stuur hulle hul ouers om met my ma te praat oor onderhoud, maar dit sê my niks nie. Hulle kan my nie dwing nie."

Die toekoms lyk vir hom donker - "Ek is een van die mense wat hulle eendag gaan skiet omdat ek niks hou van die politiek van die dag nie," sê hy.

"Ek gaan seker sterf sonder 'n sent op my naam, met niemand wat my sal onthou nie, selfs nie eens my kinders nie, want hulle ken my glad nie. Maar dit is oraait. Junie 76 was die hoogtepunt van my lewe. Vir die eerste keer het ek 'n gevoel van mag en trots gehad. Ek voel dit nog steeds. Ek is trots daarop om swart te wees. Niemand sal dit ooit van my af wegneem nie."

**Barry Masoga vertel sy verhaal:**

"EK het destyds nooit verstaan presies hoe dit gebeur het nie. Ek was in matriek in die Sekano-Ntoane Sekondêre Skool in Soweto en ek en my maats was polities betrokke.

"Ons het ons eie politieke agenda gehad, met planne vir aksie, maar die skaal van wat in 1976 begin gebeur het, het ons onvehoeds betrap. Ons het nooit só 'n groot massa-opstand verwag nie.

"Maar nadat dit gebeur het, kon ons lewens nooit weer dieselfde wees nie. Ons kon nie meer gewone jong mense wees nie. Ons skoolloopbane is heeltemal ontwrig en baie van ons maats het verdwyn. Hulle is aangehou, doodgemaak, het 'ondergronds' gegaan of het die land verlaat om opleiding te ontvang."

Masoga sê die effek van die opstand en die regering se onderdrukkende optrede daarna het hom en sy makkers verder gepolitiseer.

"Ons is gevul met woede en 'n gevoel dat ons iets moet doen. Skool en oppervlakkige politieke betrokkenheid was nie meer genoeg nie. Ons moes opleiding ontvang en help om die regering omver te werp."

Masoga weet nou nog nie wat hom midde-in al die emosie en politieke woede laat besluit het om met sy opvoeding voort te gaan nie.

"Ek het myself gevra, waarheen nou? En om die een of ander rede het ek geweet dat ons net deur opvoeding werklike mag sou wen. Emosie en politieke slagkrete alleen sou nie vryheid beteken nie.

"Ek beskou dit amper as 'n ongeluk dat ek dit ingesien het. My ouers was ongeletterd en het geen invloed gehad op my besluit nie. Dit was 'n moeilike besluit om te neem, maar ek was vasbeslote."

Ná die ontwrigting van sy matriekjaar het Masoga toe die volgende jaar kosskool toe gegaan en sy matriek voltooi. Later is hy universiteit toe, maar hy is om politieke redes geskors. Sy vasbeslotenheid om bo uit te kom het hom egter verder laat studeer met behulp van die Education Opportunity Council.

In dié jare het Masoga sterk bewus geraak van die probleme van ander mense wat opvoedkundige slagoffers was van die tyd van politieke oproer. Om dié slagoffers te help, het hy klasse in volwasse onderrig begin en veral op geletterdheid gekonsentreer.

"Dit was 'n moeilike tyd. Elke dag het ek van halfnege tot halfvyf klas geloop, daarna trein gery, van sewe tot nege klasgegee, en weer trein gery en geloop totdat ek uiteindelik om middernag by die huis gekom het."

In 1982 het Masoga 'n beurs van die British Council gekry om oorsee te studeer. Hy het in Brittanje die grade BA en B Ed verwerf voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het. Sedert 1986 werk hy as opvoedingsbeampte vir die British Council. Hy help ander vasbeslote jong mense wat andersins nie 'n kans sou gekry het nie om hulle skoolloopbaan te voltooi en verder te studeer.

# 'My own grandmother was *an Afrikaner*'

The impression may have been created that the Pan Africanist Congress is racist towards Afrikaners or whites in general, but this isn't true, says **Barney Desai, the PAC's secretary for publicity and information**. There is only one race - the human race, he tells

**CHRISTELLE TERREBLANCHE**



Barney Desai (Foto: Afrapix)

"THE Afrikaner, as far as I am concerned, would in time probably have become very African, had the artificial barriers created by apartheid not been there," says Barney Desai, also Western Cape co-ordinator of the PAC.

Behind his desk in the simple Salt River office he shares with other office-bearers and a non-stop fax-machine, the 59-year-old lawyer chuckles: "There was one stage in the 1930's when parliamentarians were expressing the fear that the Afrikaner was going native."

The privileges created for "poor whites" in the wake of this fear is one of the issues that sparked off Desai's political career in the 1950's in Cape Town, where he was active as a member of the Coloured People's Congress (CPC).

Now, after a quarter of a century in the PAC, he insists that the movement is not racist towards Afrikaners or whites in general, but acknowledges that this impression might have been created.

"Take myself," he says. "My own grandmother was an Afrikaner. And I can go to a PAC conference and get elected to public office." Desai says his India-born grandfather met his grandmother, Katerina Magdalena Hendriks, in Kimberley while at least one of her brothers was a minister of the Dutch Reformed Church. The couple set up home at Rooigrond near Vryburg. "I was raised in English, but my mother spoke Afrikaans to my brothers and sisters," he says.

"There is no question of an attitude towards Afrikaners. They are human beings, because we believe there is only one race, and that is the human race.

"Unfortunately they earned themselves the reputation of racial bigotry. Our attitude is simply that of an oppressed towards an oppressor.

"When a settler is no longer an oppressor and owes his allegiance to this country and begins to sink and swim with the majority, then there is no problem."

He says the "one settler, one bullet" chant is an unfortunate import from Zimbabwe, but thinks it should simply be seen as a way in which the uneducated masses vent their frustration. "Would you rather that these things be hidden?" he asks. "Would you rather that we suppress what are really the gut-feelings of people? Would you rather we abandon African Nationalism? This country was colonized and the right to self-determination is their inalienable right.

"Prejudice will be transformed in time," he says firmly. "But only if we grapple with it head-on and don't leave it as a festering boil which explodes into some meaningless kind of retribution."

Desai quotes the late founder of the PAC, Robert Sobukwe: "Multi-racism is racism multiplied", to prove that his movement has always been non-racist and the very reason why he decided in exile to commit his CPC to the PAC and not the ANC.

After spending 27 years in exile, mainly in Britain, Desai claims to be the first exile to return home after the speech of State President FW de Klerk on February 2 last year. Recuperating in Zimbabwe after an illness, he was listening to the speech on his shortwave radio. "As soon as it ended, I said to myself 'Huis toe', lifted the phone, and booked my ticket for Cape Town."

He defied the indemnity regulations and simply arrived! Back in the country for over a year, he insists that he has never been happier in the past 27 years. seldom in the limelight, Desai has proved to be one of the prime movers in his organization, diligently dispensing information and preparing papers on topics as wide-ranging as ecology and history. Desai is also one of the most committed propagandists of the forthcoming Patriotic Front conference to be held in Cape Town on August 23.

Born in Doornfontein, Johannesburg, he says he became active in politics as a schoolboy in District Six. Soon after he was banned for the first time. But his troubles really started in the sixties, when he was elected president of the Coloured People's Congress, then an integral part of the ANC's Congress Alliance. He was banned for five years, forced to resign from a number of committees, among others the CPC, and prohibited to the Cape Town and Wynberg magisterial areas.

At the same time he was elected to the Cape Town City Council as councellor for District Six and was on his way to take his chair for the first time when the police stopped him. Subsequent legal action failed and along with ANC and SACP stalwart, Reggie September, Desai faced a trial which could have meant a two year jail-sentence.

"The so-called Sobukwe clause enacted by parliament also meant that we could be detained indefinitely after the jail term if we were regarded as a threat to the State", he explains. "Our people decided it was too risky and that we should jump bail during the trial. Reggie made his way out, and I went underground for nearly three months, mainly in Natal."

As a stowaway on a ship, Desai reached Dar Es Salaam and eventually arrived in London, where he qualified as a barrister and did a course in international law. He practised as barrister at the bar in mainly criminal law until an illness in 1985, married and became the father of five children.

He says he never felt attracted to British politics. "I think the difficulty was that I had this very set feeling that my political role in this world was committed to bringing about change in South Africa.

"Already before we left South Africa, we had told the ANC that because of its banning the time had come when the oppressed should really be one organization." Desai laments the fact that the ANC "refused to open its doors".

"This continued abroad and they were not responding at all. As a congress of the coloured people we decided to look elsewhere and formed a working relationship with PAC-activists, particularly in London." This finally led to the dissolving of the CPC and its merging with the PAC, though some members like September eventually joined the ANC.

"The PAC said we have no difficulty with you. You are Africans," Desai says. And he repeats: "My wish to return home has been obsessional."

He has also retained intact his wish for unity among the oppressed. Having incessantly worked for a Patriotic Front over the last couple of months, he still hopes against all odds that Inkatha may be lured into this fold.

"We enjoy a reasonable relationship with Inkatha," Desai says. "We are going to see them soon to convince them to join the Patriotic Front - and yes, not to join a Christian Democratic Alliance.

"We have a deep desire for the unity of our people, but it is geared towards the long term. Therefore we are not looking over our shoulder to De Klerk and his alliances, but are asking him to test it."

The baseline for attendance of the PF conference is commitment to a constituent assembly and the willingness to campaign for it. The PAC, which shuns the concept of an interim government, hopes the ANC will endorce its commitment to a constituent assembly at its July conference.

Asked about the current impression that the Pan Africanist ideal is dying - an impression created by African countries' hearty welcome and acceptance of the South African government - Desai laments: "Quite clearly Afrika [he insists on spelling it this way] has serious problems. It has been trading covertly with South Africa despite their national solidarity with us.

"I can understand that, but it does not justify rushing in before our matters have been settled on a democratic basis." Desai acknowledges that some of the PAC's demands have been met by the government, but that all their prisoners have not been released and that they don't yet have the vote. "We are not happy with the lifting of sanctions, obviously. We have said to Afrika that the democratic process is still far away and that sanctions should stay.

"But we still see our future in a united continental Afrika. We see great potentiality in a common market arrangement, but hope it won't be an imperialist trust. There is definitely still a very strong feeling in Afrika that it needs to unite and pool its resources to become a factor in world trade. South Africa is making all kinds of promises to the rest of Afrika which it will not be able to deliver and it is done only to break the isolation internationally through Afrika.

"They are breaking ground with people who are in dire need and they will not be able to assist them. Their African safari is short-lived euphoria indeed."

# 'Dít is die **foute** wat die ANC maak'

## Volgens **Oscar Dhlomo**, die Voorsitter van die Instituut vir 'n Veelparty Demokrasie, het die ANC heelwat politieke en strategiese foute begaan wat die oorgang van 'n bevrydingsorganisasie na 'n politieke party bemoeilik. **HENNIE SERFONTEIN** *het met hom gaan gesels*

TWEE groot "onverklaarbare flaters" deur die ANC die afgelope 16 maande is regstreeks verantwoordelik vir dié organisasie se talle probleme - onder meer om die ANC, ná 30 jaar as 'n bevrydingsbeweging, as 'n doeltreffende politieke party te vestig, meen Dhlomo.

Dié flaters, volgens Dhlomo, is:

• Die versuim van die ANC om die etniese faktor in swart politiek te erken en polities aan te wend. Vir die swart bevolking op die platteland én vir talle stedelinge skep die ANC die beeld van 'n elitistiese organisasie wie se leiers slegs Engels praat en wat neersien op die tradisionele gebruike en kulture van swart mense.

• Die versuim om die groot aantal ervare binnelandse leiers met die terugkerende uitgewekenes en gevangenes te integreer. Die top-leierskap van die ANC bestaan so te sê uitsluitlik uit teruggekeerde uitgewekenes en bevryde gevangenes wat die binnelandse leiers van die UDF, Cosatu en die breë demokratiese beweging uitsluit. Dié binnelandse leiers het die vaandel van die ANC onder moeilike omstandighede gedra tydens die jare van die ANC se verbanning en die verskeie noodtoestande.

Dhlomo wys ook op 'n aantal ander faktore wat, saam met bogenoemde flaters, daarvoor verantwoordelik is dat die ANC, teen alle verwagtinge in, nog nie daarin kon slaag om die politieke toneel te oorheers nie:

• Die ANC verkeer in 'n posisie van strategiese swakheid. Vir 30 jaar was dié organisasie verbind tot die gewapende stryd. Dié stryd het misluk. Met die politieke, militêre, administratiewe en ekonomiese mag van die NP-regering grootliks ongeskonde, is die ANC onkant betrap en onseker van homself in die onderhandelingsproses waar die regering die aard van die speelveld bepaal het.

• Tot dusver het die regering die ANC heeltemal uitoorlê in die onderhandelings. Die ANC slaag nie daarin om sy belange in die proses te beskerm nie, deurdat dit die regering toelaat om die Grootte Schuur- en Pretoria-Minuut oor gevangenes en ander sake eensydig te implementeer.

Daarby is die ANC oënskynlik magteloos om die regering tot sekere optredes te dwing. ANC-optrede, soos massa-aksies en boikotte, skaad die beeld van sy organisasie, buitelands sowel as binnelands.

• Die "eienaardige" alliansie tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP) is een van sy grootste faktore wat bydra tot die verswakking van die ANC. Die dubbele lidmaatskap - selfs op leierskapsvlak - bevoordeel die SAKP, skep probleme vir die ANC en beperk sy optrede in sekere sektore. Daarby plaas dit die ANC in onnodige konflik met die kerke en gewone Christene.

• Die kortsigtige benadering tot die KwaZulu-kwessie het regstreeks in Mangosuthu Buthelezi se hande gespeel. Deur 'n nasionale veldtog vir die vernietiging van slegs die KwaZulu-tuisland te loods - terwyl die ANC-leiers op vriendskaplike voet verkeer het met die ander tuislandleiers wat "veel groter kollaborateurs was" - het Buthelezi in staat gestel om die Zoeloes se etniese vrese uit te buit en as kampvegter van Zoeloe-belange na vore te tree.

Dhlomo sê laasgenoemde fout sluit aan by die ANC se flater om tot onlangs nog die etniese werklikheid te ignoreer.

Hy waarsku: "Dit lyk asof die ANC dieselfde rampspoedige foute maak as dié wat voorheen deur leiers van die Sowjet-Unie en Oos-Europa begaan is. Hulle het die etniese bewussyn vir jare onderdruk. Die gevolg was toe die onderdrukking afgewerp is, daar 'n oordrewe vorm van etniese bewussyn ontstaan het."



Oscar Dhlomo (Foto: Afrapix)

Hoewel Dhlomo terdeë bewus is van 'n bepaalde oorsensitiwiteit betreffende etniese sake, vanweë die uitbuiting daarvan onder 40 jaar van apartheid, beklemtoon hy tog: "Etnisiteit kan nie weg gewens word nie. Daarom móét metodes gevind word om dit op 'n positiewe wyse in die belange van die bevrydingstryd in 'n post-apartheid Suid-Afrika in te span."

Dhlomo wys op 'n sekere teenstrydigheid in ANC-teorie en -beleid, en hul optrede in die praktyk. Hy sê: "In die ANC se beleidsriglyne van 'n paar jaar gelede, en veral in die jongste meer bepaalde verwerking daarvan, word groot klem op die beskerming van taal, kultuur en godsdiensregte gelê.

"Maar in die praktyk en party-politieke optredes op grassroots-vlak, het hulle nog nie daarin geslaag om die etniese werklikhede te aanvaar, en om swart kultuur polities aan te wend ter bereiking van hul politieke ideale nie."

Hy kritiseer die "cultural desk" van die ANC omdat dit "blykbaar nie weet wat sy kultuurfunksie is nie, en slegs dink dit bestaan uit sang, gedigte en teater".

Oor wat hy bedoel met die "gebruik van kultuur vir politieke doeleindes", sê hy:

"Dit beteken indien jy in Natal polities sou organiseer, jy besef dat jy in 'n omgewing is wat etnies byvoorbeeld nié Wes-Kaapland is nie. Jy weet jy is in 'n Zoeloe-omgewing; soos jy in die Transkei weet dis Xhosa-wêreld en in Noord-Transvaal dat dit Pedi-wêreld is.

"Jy moet van daardie werklikhede kennis neem, en daarom heen moet jy jou ondersteuning mobiliseer."

Dhlomo sê Jacob Zuma, die ANC-leier van die Suid-Natal streek, se politieke welslae is daaraan te danke dat hy plaaslike Zoeloe-sentimente erken en respekteer.

Hy sê die aanvanklike ignorering van die Zoeloe-sektor het die ANC groot skade berokken. So moes Zuma onlangs op televisie bontstaan om te ontken dat die ANC téén die hoofman-stelsel gekant is. Onlangs het die ANC 'n spesiale perskonferensie belê en daarop aanspraak gemaak dat hulle eintlik die meerderheid van Zoeloes agter hulle het.

Dhlomo kritiseer die ANC vir sy elitistiese benadering en omdat die meeste van hul sprekers - selfs op televisie en voor swart gehore - Engels praat. In dié verband is Nelson Mandela en Chris Hani uitsonderings, sê hy.

"Deur dié benadering skep dit die beeld van 'n elitistiese Engelse organisasie wat die landelike swart bevolking, en ook groot dele van die stedelike swartmense wat nog sterk bande met hul geboorteplekke het, vervreem."

Dhlomo verwys na Mandela se toespraak verlede jaar in Durban toe hy die Zoeloe-leiers en -konings van die verlede geloof het vir die rol wat hulle in die stryd teen koloniale oorheersing en die behoud van hul grond gespeel het.

Hy sê: "Dit is 'n goeie voorbeeld deurdat jy 'n bepaalde etniese geskiedenis en kultuuragtergrond gebruik om te verduidelik dat die politieke oogmerke van die ANC vandag dieselfde is as dit waarvoor hul voorvaders geveg en gesterf het."

Dhlomo is verbaas oor die oënskynlik doelbewuste uitsluiting van die binnelandse leiers van die ANC-leierskap deurdat die infrastruktuur van die organisasie onveranderd vanaf Lusaka en elders na Suid-Afrika verplaas is.

"Maar daar is 'n teenstrydigheid, want Mandela en twee van sy kollegas dien op die NEC, maar al die ander leiers wat vir jare die spit afgebyt het, is uitgelaat."

Dhlomo sê dis onder meer te wyte aan slegte beplanning en strategie - een van die gevolge van pres FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 wat die ANC heeltemal onkant betrap het.

Volgens Dhlomo moes die ANC van meet af 'n nuwe Konsultatiewe Raad saam met die binnelandse leiers saamgestel het, om saam met die NEC te werk. "Húlle het die plaaslike omstandighede op grassroots-vlak geken, terwyl die uitgeweke leiers na al die jare voeling met sake verloor het."

Dhlomo noem ook 'n paar ander redes vir die uitsluiting van binnelandse leiers. Daar was 'n bepaalde gevoel van wantroue en jaloesie by die terugkerendes omdat hulle kleinlike kompetisie om hul betrokke posisies gevrees het.

Daar was ook in die tyd voor die wettiging van die ANC 'n bepaalde spanning tussen die ANC-leiers en leiers van die breë demokratiese beweging rondom Winnie Mandela. Die buitelandse leiers het verskil van die openbare veroordeling van haar deur die breë demokratiese beweging.

Dhlomo sê: "Dan moet ons ook na ander voorvalle kyk wat tot verwydering gelei het. Daar was die artikel in *Leadership* van Cyril Ramaphosa, nie lank voor Mandela se vrylating nie, waarin hy gesê het dat Mandela maar net nog 'n gewone lid van die ANC sal wees, wat nie noodwendig op leierskap kan aanspraak maak nie.

"Maar hy is nie lank daarna nie deur die NEC verkeerd bewys toe Mandela kort na sy vrylating gekoöpteer is op die NEC.

"'n Kombinasie van al dié faktore het gewis bygedra tot 'n mate van spanning en verwydering tussen die binnelandse leiers en die terugkerendes."

# Wie gaan vir **die gelag** betaal?

Dit is nou sowat 'n jaar gelede dat onderhandelinge op verskeie vlakke tussen plaaslike owerhede en die sogenaamde "Civics" begin het. Intussen is verskeie ooreenkomste bereik. Maak die ooreenkomste enige verskil om die ineenstorting van swart dienste te voorkom? Kan die Civics hulle kant bring as dit kom by die nakom van ooreenkomste met plaaslike owerhede? **INA VAN DER LINDE** het gaan ondersoek instel



DIE skuld van swart plaaslike owerhede aan elektrisiteit, huurgeld en dienstegelde het teen die einde van verlede jaar in totaal R1,178 miljard bedra. Hierin loop Transvaal heel voor, met 'n skuldlas van R996 572 389, terwyl Kaapland sowat R109 109 713 het.

Dit was verlede jaar. Vanjaar gaan dit nie veel beter nie. In Februarie is net 38 persent van die totale diensterekening van die 82 swart plaaslike besture betaal, in Maart is 60 persent betaal en in April het dit teruggesak na 42 persent.

Soweto - dit sluit die drie stadsrade van Soweto, Diepmeadow en Dobsonville in - het teen September verlede jaar R400 miljoen geskuld. Volgens 'n ooreenkoms wat in dié tyd tussen die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) en die Soweto People's Delegation (SPD) bereik is, sou die bedrag afgeskryf, en die "huurboikot" beëindig word.

Sedertdien was die betaling in Soweto selde hoër as 50 persent, in Diepmeadow het dit gewissel tussen 50 en 80 persent en in Dobsonville rondom 90 persent.

Die LUK belas met Institusionele Ontwikkeling en Onderhandeling, Olaus van Zyl, bestempel Soweto se betaling as "in totaal goed". Want in ander gebiede waar herhaalde ooreenkomste met die Civics - 'n losse alliansie van gemeenskapsorganisasies in townships op die grondvlak regoor die land - bereik is, gaan dit heelwat slegter.

Soos by Thokoza by Alberton, waar daar gesamentlik deur die TPA en Civics ooreengekom is dat 'n deurgaande tarief vir almal ingestel sal word. Vir twee maande is betaal en daarna het die betalings weer afgeplat. Ook by Atteridgeville en Witbank is die krag reeds drie keer afgesny nadat ooreenkomste verbreek is.

So pas is die krag afgesny by Piet Retief, Hartbeesfontein, Carolina, Katlehong, Tembisa en Kemptonpark.

Wat die vraag laat ontstaan: Kan die Civics hulle kant bring as dit kom by die nakom van ooreenkomste met plaaslike owerhede?

Khehla Shubane van die Sentrum vir Beleidstudies, wys daarop dat daar nie van die Civics gepraat kan word as "die wagtende plaaslike regering" nie omdat die aard van die stede steeds op 'n koloniale raamwerk gegrond is, wat sedert die vorige eeu nog min verander het.

Hy wys op die historiese konteks: Swart burgers is met 'n enkele pennestreep van hulle burgerskap ontneem en woon sedertdien aan die soom van wit stede. Swart arbeiders word gesien as kommoditeite in diens van die wit stad.

Huurboikotte was uit reaksie op dié "koloniale raamwerk", en die wyse waarop die apartheidstede spesifiek die armes bygekom het wat hoër tariewe vir vervoer, dienste en elektrisiteit moet betaal omdat hulle ver van die middestede geleë is.

Shubane sê dit het aanleiding gegee dat bepaalde struggle-georiënteerde organisasies op die been gekom het wat hoofsaaklik teen die apartheidstad gemik was. Skielik het die organisasies hul werkwyse verander na 'n betrokkenheid by stadspolitiek, 'n oorgang wat nie maklik is nie.

Huurboikotte was 'n doeltreffende

bedingingstrategie waarsonder gesprekke op plaaslike vlak nie op die been sou kom nie. En dit is op die oomblik feitlik steeds die enigste bedingingsmag waaroor Civics nog beskik. Want anders as stadsrade, beskik hulle nie oor 'n bron van inkomste of ander metodes om besluite af te dwing nie.
Chris Heymans, institusionele spesialis by die Ontwikkelingsbank wat geruime tyd reeds onderhandelingsprosesse op plaaslike vlak monitor, wys op die belangrikheid daarvan dat ooreenkomste wat beding word, nagekom word.
Kompromieë wat in onderhandeling afgedwing word, moet op die ou end beloon word. Indien nie, verloor beide kante geloofwaardigheid by hulle ondersteuners.
Maar onderhandelinge is 'n ingewikkelde en gesofistikeerde proses. Terwyl die totstandkoming van die Central Witwatersrand Metropolitan Chamber - 'n bedingingsraad vir die stadsrade van Johannesburg, Soweto, Sandton, Alexandra en Sandton - gekenmerk is deur 'n groot mate van sofistikasie aan die kant van swaargewigte soos dr Motlana van die SPD, Cyril Ramaphosa van die Soweto Civics, en Cas Coovadia van Actstop, is dit nie die geval in ander gebiede nie.
Dikwels is Civics in onderhandeling net nie sterk genoeg om te beding vir dit wat hulle ondersteuners vereis nie, of beskik hulle nie oor die nodige tegniese en bedryfskennis om ooreenkomste te bereik met plaaslike owerhede nie.
Streek-civics het begin om te konsolideer sodat kundiges die swakker Civics in onderhandeling kan bystaan. So het die Cast (Civic Association for Southern Transvaal) en Border Civics in Oos-Kaapland ontstaan. Om dié rede is die National Civic Organisation in Oktober gestig.
Heymans wys ook op 'n ander belangrike saak. Die swart stadsrade wat die plaaslike sake moet bestuur, is byvoorbeeld in die geval van Soweto en vele ander, "ongelooflik ondoeltreffend". Dikwels werk hulle rekenaarstelsel nie, of is rekeninge wat uitgestuur word, verkeerd. Een maand ontvang huurders 'n rekening en dan vir drie maande nie weer nie. Wanneer die rekening eindelik opdaag, is die bedrag duisende rande. In 'n situasie waar mense van maand-tot-maand leef, is dit onmoontlik om so 'n rekening te vereffen.
Dit het tot gevolg dat grootskaalse wantroue by inwoners jeens die stelsel ontstaan. Dit dra daartoe by dat selfs al sou die Civics mense oorreed om te betaal, dit weens die kommunikasieprobleem en ondoeltreffende rekeningstelsel dit nie kan implementeer nie.
Ook Cyril Ramophosa van die Soweto Civics wys op die chaos wat op administratiewe gebied bestaan en op die "totale onvermoë" van die stadsrade om rekeninge betyds af te lewer of om goeie diens te lewer.
Sias Reyneke, DP-stadsraadslid van Johannesburg, sê die beskuldiging kan nie gemaak word dat daar aan enige kant kwade trou vermoed word nie, hetsy van die kant van die Civics, of van die TPA of van die SPD nie. "Almal aanvaar dat dit in die huidige situasie vir almal moeilik is om te deliver. 'n Mens moet in ag neem dat die indruk aanvanklik deur die pers en ander organisasies gewek is dat die Civics die totale townshipbevolking verteenwoordig en beheer.
"Ek twyfel nie dat hulle baie verteenwoordigend is nie, maar dis een ding om beheer oor mense uit te oefen wat met jou politieke uitsprake saamgaan, en 'n ander ding om hulle sover te kry om besluite uit te voer terwyl jy nie oor die administratiewe en ander magte beskik om dit af te dwing nie," sê Reyneke.
Van Zyl erken dat daar nog disputte is oor die korrekte meterlesings wat betalings vertraag. Allerlei oplossings word nou hiervoor gesoek, soos dat die Civics mense kan saamstuur om meterlesings te kontroleer, of dat kaartjies deur meterlesers by die huise gelos word waarop die ou en die nuwe meterlesing staan, sodat die inwoners dit self kan kontroleer.
Van Zyl self het min twyfel dat die Civics 'n sterk rol het in die onderhandelingsproses, hoewel hulle steun nie oral ewe sterk is nie.
Terselfdertyd is dit vir hom duidelik dat dit baie makliker was om vir die mense in die townships te sê "moenie betaal nie" as om hulle aan te moedig om wel te betaal.
"In verskeie gebiede is daar nou 'n reaksie teen die Civics. Die klem het verskuif van bevryding na meer politieke doelwitte soos wie kry beheer, die toekomstige grondwet, ensovoorts. Daarom is sekere van die boikotaksies nog meer op verset gerig, terwyl ons sê die regering het ingestem tot nuwe plaaslike regering en dit is nie meer nodig om te sê die stelsel van swart stadsrade moet vervang word nie, want ons besef dit.
"Ons sê kom ons gebruik liewers ons energie om te bou. Hoewel ons nog nie saamstem hoe dit moet lyk nie, stem ons saam dat die huidige vervang word en die proses waardeur dit vervang word, is deur onderhandeling," sê Van Zyl.
Op die oomblik onderhandel die TPA met 64 townships. Sê Van Zyl: "Ons het aanvanklik begin onderhandel om boikotte en geregverdigde griewe en verwante sake aan te spreek. Dit was gou duidelik dat ons dinge nie gaan oplos as dit nie ook polities en staatkundig aangespreek gaan word nie. Hiervoor is die tussentydse maatreëls vir plaaslike owerhede so pas in die Parlement ter tafel gelê, juis om dié probleme aan te spreek."
Die tussentydse maatreëls maak voorsiening daarvoor dat bykans enige plaaslike bestuurstelsel tussen enige partye beding kan word, van gesamentlike administrasie tot gesamentlike metropoolse stadsrade. Die wetgewing magtig provinsiale administrateurs om die proses te bepaal.
Maar dit is juis teen die devolusie van mag waarmee verskeie ANC-ondersteuners probleme het. Op die Idasa-konferensie oor plaaslike owerhede in Pretoria het adv Mathole Motshekga die onverset-like houding ingeneem dat die tussentydse maatreëls daarop gemik is om die Civics in 'n ooreenkoms in te boender.
"Die ANC gebruik nie die woord 'devolusie' van mag nie, maar 'delegering' van mag. Onder "devolusie" word verstaan dat alle mag van die sentrale regering verwyder word en op plaaslike vlak verskans word. Dis 'n poging om die sentrale regering van mag te stroop en dit aan plaaslike konserwatiewe en rassistiese stadsrade te gee," sê Motshekga.
Motshekga is deel van die ANC-faksie wat meen dat alle onderhandelinge op plaaslike vlak futiel en 'n vermorsing van tyd is. Voordat daar nie 'n nasionale skikking gevind is nie, kan daar nie op grondvlak enige strukture beding word nie. Die enigste sake waaroor wel onderhandel kan word, is die lewering van dienste.
Dieselfde standpunt word gestel in die ANC Civic Consultative Document wat verlede jaar opgestel is. Hierin word gesê dat die implikasies van die staat se "vinnige devolusie-strategie 'n toekomstige regering met niks gaan laat om oor te regeer nie".
Die dokument sê plaaslike owerhede kan nie oor sake soos die volgende onderhandel nie, want dit het grondwetlike implikasies wat op nasionale vlak beding moet word:

- nie-rassige stede of dorpe,
- 'n enkele belastinggrondslag,
- die toekenning van grond,
- 'n stemstelsel,
- en die herafbakening van munisipale grense.

Civics, sê die dokument, moet hulle hou by dag-tot-dag sake soos die verhoging van huur, riolering, paaie en die prys van buskaartjies.
Shubane sê: "Hoe kan ons 'n nie-rassige stad tot stand bring terwyl die meerderheid van die mense steeds nie burgerskap het nie? Ek glo die probleem moet eers op nasionale vlak opgelos word en so gou as moontlik."
Die ANC se vrees dat die "devolusie van mag" na plaaslike owerhede die sentrale mag van die regering kan wegkalwe, is te verstane. Heymans meen dit hang saam met die wyse waarop die regering in die sewentiger- en vroeë tagtigerjare met die begrip omgegaan het. "Devolusie van mag" weg van die sentrale regering na die plaaslike owerhede het ten diepste die bedoeling gehad om te verseker dat indien mag op die nasionale vlak gedeel moet word, so min as moontlik daarvan op nasionale vlak oorbly.
Selfs goed bedoelde uitlatings van NP-kant deesdae oor die "local option" wat gemeenskappe kan uitoefen, word gekelder met een uitspraak van 'n Piet Clase oor die vrye keuse van wit skole om self te besluit oor hul toekoms.
Die kwessie van wat op plaaslike vlak lê en wat nasionale onderhandelinge gaan raak, gaan onderhandelinge in die toekoms steeds kompliseer.
In gesprekke met betrokkenes blyk dit dat dié aspek die laaste tyd spanning binne die Civics tot gevolg gehad het, soos blyk rondom gebeure in die Metropolitan Chamber. Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat die Civics 'n basiese "grassroots"-styl van onderhandeling het waarvoor die ANC-leierskap dikwels nie sensitief is nie. Die ANC lê sekere riglyne neer en verwag van simpatieke organisasies om hulle daarin te volg, sonder om die dinamika op die grondvlak in ag te neem.
Nog 'n saak waaroor daar sterk verskille binne die Civics bestaan, is die deelname van die swart stadsraadslede aan die onderhandeling. Terwyl iemand soos Cyril Ramaphosa (van die Soweto Civics en vakbondleier van Cosatu) gekant is teen hulle deelname, sien hy hulle as deel van die TPA-span aan die "opposisiekant" van die tafel.
Reg teenoor hom staan Moses Mayekiso van die kleiner Numsa-vakbond, 'n leier van Cast en ook lid van die leierskorps van die SAKP. Hy weier om deel te neem aan onderhandelinge waarby die swart stadsrade betrokke is.
Terwyl die spanne op grondvlak gekies word, bly een van die groot kopsere steeds: Wie betaal vir die dienste in townships as die townships nie betaal nie?
Afgesien van die TPA wat reeds by die R600 miljoen aan oorbruggingsfinansiering spandeer het, byt die Streeksdiensterade 'n groot deel van dié spit af.
Streeksdiensterade bekom op hulle beurt hoofsaaklik hul geld van sakemanne in wit stadsraadsgebiede. Dit is geld wat aangewend sou word vir die skepping van infrastrukture en die opgradering van dienste in die townships, sê Van Zyl.
Die ander vraag is: Hoe lank gaan Streeksdiensterade en wit stadsrade met die toedrag van sake gediend wees?
Dit lyk dus of dit vir alle partye van die grootste belang geword het dat daar op plaaslike vlak ooreenkomste bereik kan word, selfs al sou die onderhandelinge op nasionale vlak nog nie finaliteit bereik het nie.

## Wie gesels waaroor?

IN die onderhandelinge wat nou landwyd tussen plaaslike owerhede en die Civics aan die gang is, is daar verskeie kategorieë van onderhandelinge:

A. Inisiatiewe waar plaaslike owerhede probeer om 'n groot hoeveelheid deelnemers by gesprekke betrokke te kry:
* Pietermaritzburg 2000 het begin by die stadsbeplanners, wat die hele streek in toekomstige ontwikkeling wou opneem. Die proses het gestuit op die vraag oor waar die swart stadsrade moet inpas. Op die oomblik gaan daar nie veel aan nie.
* Oos-Londen 2001 het die voorbeeld van Pietermaritzburg gevolg, maar het gestuit op die feit dat vyf verskillende samesprekings deur vyf verskillende mense gevoer is. Daar het voorts 'n groot mate van wantroue tussen die stadsraad van Oos-Londen en die mense van EL 2001 ontstaan.
* Kaapstad het begin met 'n lang, stadige proses sonder veel trompetgeskal. Dit is daarop gemik om die gemeenskapsgroepe betrokke oor die hele spektrum betrokke te kry by die beplanning en ontwikkeling van die proses. Dit is 'n nederige proses, maar goed op pad.
* Port Elizabeth het 'n forum gestig waarby plaaslike ANC-takke en Civic's, asook verskillende gemeenskapsorganisasies betrokke is. Dit is nog nie seker wie moet deelneem nie en waar die Kaapse Provinsiale Administrasie of die sakegemeenskap moet inpas nie. Onderhandelinge gaan egter steeds aan.

B. Die tweede kategorie is begin deur onafhanklike besorgde inwoners en meeste "eenstad-veldtogte" val onder die groep.
* Grahamstad is een voorbeeld waar gesprekke begin het op inisiatief van 'n aantal individue, maar dit het tot stilstand gekom weens 'n gebrek aan fondse.

C. Gemeenskapstrukture van die jare tagtig:
* Dit sluit die verskeie gemeenskapstrukture in wat in townships tot stand gekom het. Groot klem word geplaas op onwikkeling en hoewel dit nog nie in die praktyk veel vermag het nie, kan dit van kernbelang wees in toekomstige onderhandelinge. 'n Paar nie-regeringsorganisasies, gemeenskapsorganisasies, en plaaslike inisiatiewe is hierby betrokke.

D. Hoër- en laervlakregering is in gesprek met townshipgroepe oor 'n hele reeks kwessies rondom huur- en dienstegeldboikotte.
* Die bekendste groep in dié kategorie is die Central Witwatersrand Metropolitan Chamber. Gesprekke het al in 1988 begin en die eerste volwaardige byeenkoms was vroeër dié week in Johannesburg.
* Middelburg-forum: Dit vind plaas onder leiding van Middelburg Staal. Verskeie groepe is betrokke by gesprekke en projekte aan 'n wye front.
* Uitenhage: Volkswagen probeer om gesprekke aan die gang te kry, soortgelyk aan dié op Middelburg.
* Verskeie dorpe, owerhede en/of sakegroepe het in gesprek getree met gemeenskapsgroepe. Voorbeelde is Humansdorp, Kirkwood, Grahamstad, Port Alfred, Oudtshoorn, Vryburg, Kimberley, Klerksdorp, Messina, Sabie, en Ladysmith. Op sommige dorpe is forums gestig, terwyl op ander dorpe gesamentlike administrasies op die been gebring is.

# 'Ek dink **ek was nog altyd** 'n bietjie getik'

Die veroordeelde "wit terroris" Marius Schoon is terug in Suid-Afrika na vyftien jaar as uitgewekene in Afrika en Europa. **JACQUES PAUW** het met hom gaan gesels oor waarom hy besluit het om 'n lewe as ANC-banneling te kies en oor die gebeure sewe jaar gelede toe sy vrou en sesjarige dogtertjie opgeblaas is



*"Brigadier (Willem) Schoon het opdrag gegee dat ons vir Marius Schoon, 'n blanke lid van die ANC, in Botswana moet gaan elimineer. 'n Baie spesiale moordwapen is vir die geleentheid voorberei.*

*"'n Generaal het 'n Scorpion-masjienpistool by Amerikaners present gekry. Hy het dit aan Veiligheid geskenk. Die masjienpistool is met 'n knaldemper in 'n swart aktetas ingebou. Die loop is met 'n plakkertjie weggesteek en 'n sakkie is ingebou waarin die doppies moes val. Dit is afgevuur met 'n snellermeganisme buite die tas.*

*"Die plan was dat ek eers by kaptein Rudi Crous van Zeerust moes gaan rapporteer wat Schoon se blyplek aan my moes uitwys. Ek moes aan die deur klop en hom skiet sodra hy oopmaak." -* **Dirk Coetzee**

MARIUS SCHOON is nie doodgeskiet op daardie beplande dag in November 1981 nie. Kort voor Dirk Coetzee op sy beplande moordsending moes gaan, het Willem Schoon ('n neef van Marius) hom weer ingeroep en opdrag gegee om die sending te staak. Aan Coetzee is bloot gesê: "Ons beraam ander planne."

Die oud-polisiekaptein het vir meer as twee jaar daarna niks verder van Marius Schoon gehoor nie, tot een dag in Julie 1984 toe hy sy ou vriend maj Graig Williamson raakgeloop het wat aan hom gesê het: "Het jy gesien wat met Jeanette Schoon gebeur het?"

30 Junie 1984, Lubango, Suid-Angola. Die uitgeweke ANC-lid Marius Schoon klim van die vliegtuig af waar die plaaslike hoof van die veiligheidspolisie hom inwag en na die lughawegebou neem. In die gebou, tussen die wagtende skare, sien hy sy tweejarige seuntjie, Fritz, wie hy omhels en teen hom vasdruk. Die seuntjie sê: "Oh Marius, I thought the enemy killed you as well."

Minute later, terwyl die twee in 'n militêre jeep sit op pad terug na hul huis waar Jeanette en die sesjarige Katryn Schoon die vorige dag met 'n briefbom opgeblaas is, sê Fritz: "The enemy didn't just kill Jenny, they broke her in pieces."

Die res van die dag het Fritz nie weer 'n woord gepraat gepraat nie. Marius het gewonder of die kind, wat in die vertrek was toe die bom by sy ma en sussie ontplóf het, ooit weer gaan praat.

Sewe jaar later huil Marius Schoon steeds.

Maar na twaalf jaar in die tronk, ten minste vier aanslae op sy lewe, 'n lewe van wegkruip en vlug, van 'n vrou en kind wat in Angola begrawe lê, glo hy steeds: dit was alles die moeite werd.

Vyftien jaar nadat Marius en Jeanette Schoon oor die grens van Botswana gesluip het om 'n lewe in ballingskap te begin, is hy terug in Suid-Afrika "om 'n werkie te kom soek" en weer met ou vriende te verenig.

Oor 'n brandewyntjie in 'n hotel in een van Johannesburg se voorstede sê dié man met die diep lyne op sy effens gehawende gesig: "Jong, ek dink ek was nog altyd 'n bietjie getik in my kop."

Sy verhaal as jong aktivis begin in sy tweede jaar as letterkunde- en regstudent aan die Universiteit van Stellenbosch toe hy met Jan Rabie bevriend geraak het wat hom op sy beurt aan "anderskleuriges" soos Richard Rive voorgestel het.

"Ek was agtien of negentien toe sit en eet en gesels ek vir die eerste keer met mense van ander kleur. Richard was beskaafd; ek het besef dis 'n méns wat hier oorkant my sit. Ons het nou bevriend geraak.

"Ek het 'n bromponie gehad en ons het begin om Distrik Ses toe te gaan om vir ons vriende daar te kuier. Man, dis 'n moerse ding wat met my gebeur het."

'n Ou kennis van Schoon - wie se naam ons seker nie hier moet noem nie - onthou hom goed uit sy studentedae: "Soos almal van ons was hy net nog 'n Boerseun uit 'n Nasionale huis wat sy finale afronding as Afrikaner op Stellenbosch kom doen het. Maar binne ses maande was hy 'n kommunis."

Schoon het na sy studies in 1959 na Johannesburg teruggekeer waar hy regtersklerk vir regter Piet Cillié (later hoofregter) geword het. Maar in plaas van 'n loopbaan in 'n swart toga, het hy besluit om aktivis te word.

Hy het saam met Ronny Kassrils 'n lid geword van 'n jong sirkel wit liberale. In sy groepie was ook Bram Fisher en Oosie Oosthuizen, die joernalis wat in 1963 selfmoord gepleeg het nadat Republikeinse Intelligensie 'n storie versprei het dat hy 'n polisie-agent was.

"Ek was nie seker waar ek ingepas het nie. Ek het in die Liberale Party se kantore gesit met 'n lidmaatskapvorm voor my. Ek moes onder meer 'n klousule onderteken dat ek gekant is teen kommunisme. Ek het opgestaan en uitgestap en lid van die Kongresbeweging geword."

Gedurende die noodtoestand wat afgekondig is kort ná die menseslagting by Sharpeville in Maart 1960, het Schoon die land verlaat en in Swaziland geskuil tot die beperkings weer opgehef is. Hy het kort daarna die voorsitter van die ANC-gesinde South African Youth Forum geword.

"My familie was uitgefreak. Die veiligheidspolisie het my ouers kom waarku dat ek met ondergrondse dinge besig was. Dit was 'n enorme skok vir hulle. Reeds in daardie jare was my kamerade die belangrikste ding in my lewe. Dit was ook toe dat ek besluit het: te moer met Afrikaans; nou skryf ek net in Engels."

Die vroeë en middel-sestigs was 'n onstuimige tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis: benewens die noodtoestand, het John Vorster, toe minister van Justisie, sy berugte 60- en 90-dae aanhoudingstydperke afgekondig en die ANC en PAC is verban.

Dit is gedurende dié tyd dat die jong aktivis Schoon, stukkend geslaan deur die polisie, op die trappe van die Ou Stadshuis teen die onderdrukkende wetgewing geprotesteer het en in 1963 vir 84 dae aangehou was.

Die polisie het geglo dat hy verantwoordelik was vir die installasie van radio-toerusting in die huis waarin die Rivonia-veroordeeldes gevang is. "Rooi Rus Swanepoel het my ondervra. Hy het my gehaat, goed geklap en gewaarsku: 'Marius, jy gáán praat. Hierdie kak gaan gestop word.'"

Maar dit het nie gestop nie. Schoon het in 1964 probeer om 'n radio-installasie by die polisiekantoor op Hospitaalheuwel in Johannesburg op te blaas, "want dis waar hulle my aangehou het. Ek was 'n angry young man."

Ongelukkig vir Schoon was sy sel geïnfiltreer deur 'n agent en dit het later geblyk dat die polisie van elke plan en beweging bewus was. "Die volgende oomblik spring daar 20, 30 polisiemanne oor die muur en ek is vas. Ek is polisiestasie toe geneem en weer 'n paar taai klappe gegee.

"Ons is voor vonnisoplegging gewaarsku: daar is 'n goeie kans vir die doodsvonnis. Jy weet, dis vir my lieflik om Die Stem te sing: Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou, Suid-Afrika. Maar toe gee die regter ons net twaalf jaar. Dit was asof ek vrygespreek is."

Schoon was 27 jaar oud toe hy met sy gevangenisskap in die Sentrale Gevangenis in Pretoria begin het. Saam met hom was legendes in die Suid-Afrikaanse struggle-politiek: Goldberg, Fisher, Strachan.

"Hulle het ons laat werk. Ek het elke dag op 'n wit kolletjie in 'n agterplaas van die tronk gesit en possakke naai. Dwarsdeur die winter moes ek op my kolletjie sit. Ek was nog nooit so koud gewees nie.

Sy ma en pa is dood terwyl hy in die tronk was, en hy is van sy eerste vrou geskei. Hy kon net een brief en een besoek elke ses maande ontvang. Drie maande voor hy vrygelaat is, is hy in die dodeselle gesmyt. Daaroor is Schoon baie bitter.

"Dit was veronderstel om 'n rehabilitasietydperk te wees voor ek weer die buitelug aanskou. Daai drie maande was die verskriklikste tyd van my lewe. Sewe dae voor iemand gehang word, het die singery begin. Hoe langer die singery aanhou, hoe meer aggressief het die Boere geword.

Dis dan, sê Marius, wat die bewaarders skreeu: "Hou julle bek, julle swart goed. Woensdag is julle vrek."

Dinsdagaand word daar deur die nag gesing. Droewige, doodsgesang. En dan breek Woensdagoggend aan: "Kom kaffer, nou's jy dood."

"Ek onthou tot vandag toe nog die gesang, die geskreeu, die geluid van die luik wat oopmaak. As daai luike oopgemaak het, het die luike van my hart oopgemaak. Suid-Afrika is siek, het ek toe besef."

Schoon is in September 1976 vrygelaat - om uit te vind dat daar landwye onluste in Junie 1976 was waarin honderde mense dood is.

Twee dae voor Schoon vrygelaat is, is sy verbannings- en inperkingsbevel reeds op hom bestel. 'n Week na sy vrylating het hy vir Jeanette ontmoet, wat ook weens haar linkse politieke bedrywighede ingeperk was. Vir die volgende nege maande moes dié twee skelm vry omdat hulle beide ingeperk was en nie in mekaar se geselskap mog wees nie.

Verwysende na Jeanette, sê Schoon: "As daar ooit iets soos 'n Here mag wees, moet ek vir hom dankie sê omdat hy my met drie wonderlike vroue in my lewe geseën het."

In die maande wat gevolg het, was daar noue ontkomings terwyl hulle 'n netwerk van wit ANC-lede in Johannesburg tot stand gebring het. Dit het soms gebeur dat tot 30 polisiemanne op 'n keer by Schoon opgedaag en vir ure lank sy huis deursoek het na tekens dat hy sy inperkingsbevel verontagsaam.

"Hulle was lus vir my, en het geweet dat iets êrens nie reg is nie. Maar nooit kon hulle 'n vinger daarop lê of my en Jenny bymekaar betrap nie. Hulle het een keer selfs haar hond by my gekry terwyl sy buite êrens geskuil het."

Die twee moes inderhaas in Junie 1977 die land verlaat ná 'n berig in 'n koerant dat Breyten vir die tweede keer aangekla gaan word en dat Schoon by sy netwerk betrokke was. Dié twee het per brief via 'n bewaarder met mekaar gekommunikeer. Die bewaarder, wat Breyten verraai het, het ook Schoon se briewe aan die owerhede oorhandig.

Die nag voor die twee landuit is, is hulle stilletjies getroud. Daarna het hulle as uitgewekenes vir 'n paar jaar in Botswana gewoon waar Marius skool gehou en in die ondergrondse strukture van die ANC gewerk het.

"Dit was angsvolle tye. Ons het geweet 'n militêre inval deur Suid-Afrika kan enige oomblik plaasvind en ons kon 'n teiken wees. Ons het twee keer motorbomme teen ons karre ontdek, ons ouers in Johannesburg het sogenaamde oproepe uit Botswana gekry dat een van ons dood is en een keer het ons 'n Suid-Afrikaanse agent gevang wat 'n pistool by hom gehad het en wat gebieg het dat hy my moes kom skiet.

"Maar ons was reg vir die bastards. Ons het vermoed dat daar 'n aanslag gaan kom soos die een waarvan Dirk Coetzee vertel het. Ons was reg vir hulle. Indien hy aan die deur geklop het, sou ek oopgemaak maar onmiddellik teen die muur gaan staan het. Verder af in die gang was 'n kameraad met 'n AK. So het ons elke klop beantwoord."

Uiteindelik het die Britse Hoë Kommissaris in Botswana die Schoons in 1983 gevra om die land te verlaat nadat Britse Intelligensie uitgevind het dat daar 'n aanslag op hul lewens beplan word. Hulle is kort daarna na Lubango in Angola waar hulle Engels aan die plaaslike universiteit gedoseer het.

"Ek en Jeanette was nie aktiviste in Angola nie; ons was dosente. Daarom weet ek nie hoekom hulle haar geblaas het nie. Ek was verpletter deur haar dood, maar dit het my ook geïnspireer om met die stryd voort te gaan.

"Ek het toesprake in kampe gaan hou en vir die kamerade gesê: 'I am standing before you to inspire you to throw over the apartheid regime. That is what you can do for Jeanette en Katryn."

Kort na sy vrou en kind se dood het Marius in Ierland gaan vakansie hou - en vir Cherry ontmoet met wie hy uiteindelik getroud is en die laaste paar jaar in Ierland woon. Hy werk vir 'n organisasie wat die openbare mening oor Derde Wêreld-sake probeer beïnvloed.

In Mei vanjaar het hy gehoor hy het vrywaring ontvang en het hy onmiddellik besluit om na Suid-Afrika terug te keer. Hier is hy nou, effens bang, effens skrikkerig, bietjie ontnugter maar vol hoop vir die toekoms.

"Ek kyk so om my heen en ek sien al die veranderings. Ek ry deur Sandton en sien die groot huise en dink en kon ook nou daar saam met my tydgenote van Stellenbosch gewoon het. Maar ek wil nie, ek soek 'n huisie êrens om tussen my kamerade te woon. Dis vir my lekker.

"Ek sê mos, ek is bietjie getik in my kop.




SWANN

TRAVEL PROMOTIONS / REIS PROMOSIES

Shop/Winkel 1, President Towers, President St./Str.
Germiston 1401 P/Bag/Sak 1o44 Germiston 1400
Tel: (011) 873-4033/4 (011) 873-40-56/7 Fax: (011) 51-4223

**SWANN TOERE - KENIA REIS**

Ná al die jare van isolasie van die res van Afrika, kan u nou in die voetspore van Ruark en Hemmingway volg deur die toeriste-paradys wat Kenia genoem word.
Swann Toere bring nou vir die eerste keer 'n eksklusiewe toer na Kenia sodat u die prag van Afrika eerstehands kan ervaar.

'n Land van kontraste, bied Kenia u 'n mengsel van die beste van alles. Die hoofstad Nairobi, met sy weelderige hotelle en kosmopolitiese restaurante, staan in strak teenstelling met die tipiese Afrika-kultuur waardeur dit omring word. Buite Nairobi geniet ons Kenia se ongerepte natuurskoon, beskryf as die beste in Afrika, met die beboste Mau-mau gebied van die Aberdares (net Noord van Nairobi) en die onvergelykbare prag van die berg Kenia se permanente yskroon.

In die laerliggende dele reis ons deur die asemrowende Afrika-reënwoude met talle herberge en hotelle. Veral die bekende "boomhotelle" bied 'n ervaring wat u nêrens anders sal kry nie, en u kan hiervan die beskutte loopgange hoog bo die woudvloer saans diere by hul drinkplekke te sien kry.

Wes van Nairobi lê die skeurvallei en Kenia se alombekende groot mere, met 'n magdom watervoëls. Suid-oos, in die Amboseli Wildpark, toer ons deur die oop vlaktes tussen die verspreide doringbome; groot- en kleinwild is volop en maklik te vinde. Amboseli bied ook die onvergeetlike gesig van Kilimandjaro wat uittroon bo die omringende vlaktes van nabygeleë Tanzanië. Kom hier aangesig-tot-aangesig met dié formidabele gebergte in die vroegoggend-stilte, wanneer die lug skoon en sonder wolke is.

Ons toer ook na die Ooskus van Kenia waar die mooiste strande in Afrika op u lê en wag. Luukse-hotelle bied u alles wat u van 'n eiland in die Indiese Oseaan sal verwag, en nog meer. Tropiese strande met palmbome en pragtige koraalriwwe, asook geriewe vir diepsee-hengel en watersport waarborg 'n onvergeetlike vakansie.

Die toere wat hier aangebied word deur Swann Reis Promosies is bedoel om u 'n gevoel te gee vir die land en sy mense. Daarom besoek u nie net toeriste-aantreklikhede nie, maar word u ook die geleentheid gegun om met politieke leiers, studenteleiers, regeringsbeamptes en so meer te gesels *. Dit is 'n gulde geleentheid om te hoor wat dink die mense van Kenia, nie net oor Suid-Afrika nie, maar ook oor hulle eie land se ontwikkelings op politieke en maatskaplike gebied.

Nou is die kans om al die fasette van Kenia eerstehands te beleef. Ons beloof om u reis deur Kenia se woude, berge, woestyne en strande 'n onvergeetlike ervaring te maak. Skakel gerus Swann Reis-promosies vir nader inligting by (011) 873 4033 of skakel Gus Fichardt direk by (011) 803-1469.

**8 DAG SAFARI/STUDIETOER NA KENIA**

DAG 1 : Vertrek van Jan Smuts na Nairobi, waar u deur ons Keniase verteenwoordiger ontmoet word. Oornag in die Inter-Continental Hotel.
DAG 2 : Vertrek na Amboseli. U reis deur die groot pleine van die Masai na die dorpie Namanga. Besigtig die natuurlewe op pad na die Lodge. Oornag in Amboseli.
DAG 3 : 'n Vroegoggend wildsbesigtiging voordat ons na Mombassa vertrek. Kilimandjaro met sy sneeupiek is die ideale agtergrond vir u foto's. Ná ontbyt reis u deur die Tsavo Nasionale Park. Ons bereik Mombassa in die laatmiddag en gaan tuis in een van die pragtige strandhotelle.
DAG 4 : Na 'n toer deur die stad kry u die geleentheid om self deur dié boeiende stad te stap of inkopies te doen.
DAG 5 : Ry vir 'n dagbesoek na Malindi, waar u die Marina Park kan besoek, en middadete kan geniet voor ons na Mombassa terugkeer.
DAG 6 : Vandag is u vry om te doen net wat u wil : ontdek self die ou stad se geheime, of geniet die strande en die uitstekende watersportgeriewe.
DAG 7 : Keer per pad terug na Nairobi. U sal deur 'n gedeelte van Tsavo ry en die kans kry om tot in Nairobi diere te besigtig.
DAG 8 : Vanoggend is u vry om Nairobi se vele aantreklikhede te besoek voor u middagvlug na Johannesburg vertrek.

* Besoeke aan die genoemde beamptes en leiers sal inskakel by u reisplan.

# 'Dié debat het wel bestaansreg'

Voorverlede week het **Max du Preez** daarop gestaan: hy's 'n Boer. Verlede week het **Jacques Pauw** teruggekap: Boer se moer. Nou sê verskeie lesers *hul sê*



**Willem Saayman van Menlopark skryf:**
Die amperse debat tussen Max du Preez en Jacques Pauw in die laaste twee uitgawes handel oor 'n interessante en, vir party mense, belangrike saak. Dié dat 'n mens dit nie aan twee joernaliste kan oorlaat nie, en ek 'n stuiwer wil bysit.
Ek begin deur vir Pauw toe te gee dat "Boer" nie 'n losserige naam vir alle Afrikaners kan wees nie. Afgesien van die probleem wat hy uitwys met mense soos Alan Boesak, Cheryl Carolus en andere, was daar teen die eeuwending heelparty Afrikaners (meestal in die Kaap) wat hulle nie met die Boerestrewe vereenselwig het nie. Ons soek dus na 'n beter omskrywing.
Dit lyk my Pauw het veral twee probleme met Du Preez se kleim om Boer te wees: die nuwe Afrikaner-lefties wat hulself skielik teenoor hulle kamerade in die struggle "Boere" noem, en die rassistiese dimensie van Boer-wees (want Boere is inderdaad almal wit, en dié wat die hardste daarop aanspraak maak om Boere te wees, is rassiste).
Albei dié probleme lyk my nie onoorkomelik nie. Daar was regdeur die struggle - ook in die dae toe Max du Preez en veral Jacques Pauw nog kleinerig was, sonder dik gewrigte en groot voete - Afrikaners wat vierkant in die struggle gestaan het èn van die hele gemors net kon sense uitmaak in terme van hul Boerskap. Die tipe gatkruiperige charlatans wat nou in daai plek van sonde sit waarvan Jacques praat, sal daar natuurlik altyd in enige menslike gemeenskap wees. (Vergelyk maar net die Hotnats.)
Die blote feit van hulle bestaan is nie op sigself genoeg rede om die hele konsep "Boer" in sy moer te stuur nie. Die feit dat alle Boere wit is, is ook nie op sigself verwerplike rassisme nie. Die blote feit dat alle Iere wit is, beteken nie op sigself dat alle Iere rassiste is nie, en die feit dat party van hulle hulself die Ierse Republikeinse Leër noem wat gruwelike goed aan ander mense doen, beteken nie dat die Iere moet ophou om hulself "Iere" te noem nie. En ja, natuurlik was die ou Boere nie 'n spul heiliges nie. Maar ook dít is nie genoeg om die begrip te kelder nie.
Of dit nou vreeslik nodig gaan wees in 'n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika om nog te toor met die begrip "Boer", dié weet ek nie. Wat ek wel weet, is dat ek graag in daardie promised land wil ingaan met 'n paar goetertjies wat eie was aan my voorgeslagte in hierdie land (nie dié in Europa nie) en wat ons gesamentlike bestaan in hierdie land nie net moontlik kan maak nie (want 'n mens kan nie sonder 'n geskiedenis 'n toekoms hê nie), maar perdalks ook kan verryk.
Om dit te kan doen, sal ons Boere sekere figure, simbole en gebeurtenisse uit die geskiedenis moet reclaim, juis om te wys dat die hele Boeregeskiedenis nie net uit rassisme, kapitalisme en kolonialistiese verdrukking bestaan het nie. Hierdie laasgenoemde deel van ons geskiedenis word natuurlik reclaim deur die regse Boere, maar ek wil nie so maklik soos Pauw die Boerskap aan hulle afstaan nie. As hulle vir my sê dat ek nie 'n Boer is nie, dan sê ek, soos Pauw: julle se moer.
Iets van die instinktiewe verbondenheid aan die harde aarde van hierdie streek wat sommige vroeë Boere gekenmerk het, iets van die weerbarstige vryheidsdrif by die beste van hulle, iets van die menslikheid wat saamleef met vreemde mense in 'n vreemde land moontlik gemaak het, kan reclaim word en kan dit vir my en party weifelende verskriktes moontlik maak om werklik Afrikane te word.
Dit is natuurlik waaroor die debat in die toekoms eintlik sal gaan.
Met ander woorde: ek wil nie soseer 'n saak uitmaak dat ek in die toekoms nog Boer wil of moet wees nie. Ek wil wel sê dat my Boeregeskiedenis tog iets bruikbaars kan bied vir my en ander blekes om bleek Afrikane te word. Dit, lyk dit my, sal wel in die toekoms noodsaaklik wees.
Nou het my storie ons nog niks nader gebring aan 'n omskrywing van "Boer" nie. Dit lyk my asof ek egter gesê het dat die debat oor die begrip wel bestaansreg het (miskien liefs vir eers nie in daai sondige plek van Pauw nie) en wel ook sin kan uitmaak vir ons toekomstige bestaan in dié land.

### LAAT VAAR, LAAT VAAR

**Martin Smith van Windhoek skryf:**
Laat staan tog nou maar die gekerm oor wie, wat en hoe "Afrikaners" en "Boere" is en hoe dié twee woorde geïnterpreteer moet word. Vir die meeste mense suid van die Sahara is die sogenaamde "Afrikaners" en "Boere" in ieder geval steeds net 'n stelletjie wit, bloeddorstige, rassistiese, dom, vet, skelm, bierdrinkende, onderdrukkende uitvaagsels.
Voorts spreek die gemoedelike aanvaarding van die term "Afrikaner" ook weer van daardie tipiese "Afrikaner"-arrogansie: "Afrikaner" sou, as 'n mens mooi daaroor dink, eintlik moet verwys na 'n inwoner van Afrika. Soos in: Afrika word bewoon deur Afrikaners.
Wat gee die Afrikaanssprekende witnerf nou juis die reg om hom-/haarself 'n Afrikaner te noem? Verteenwoordig hy/sy miskien die hele kontinent?
"Boer" is nou eers laf. Hoeveel Afrikaanssprekendes slaan vandag nog hul pote aan die ploegskare? En nou is almal "Boere" vir altyd? (Of verwys u ook steeds na Amerikaners as "Cowboys"?) Aggenee man, laat vaar, laat vaar.
Dié twee begrippe is misnomers en buitendien aanstootlik vir miljoene mense wat nie die twyfelagtige voorreg van u witter-as-sneeu NG Kerk en Christelik-Nasionale Opvoeding ontvang het nie.
Hoe gouer hulle verdwyn, hoe beter.

### MELAATSHEID

**Dr PJD Lourens van Quellerina skryf:**
Om Afrikaner te wees beteken om 'n albatros van skuld om die nek te dra. Afrikaners het apartheid uitgedink en verbete geïmplementeer. Die oorgrote meerderheid het daarby gebaat, en baat nou nog daarby.
Wat maak ons met die albatros? Miskien moet ons ons landgenote baie nederig om vergifnis vra. En dan ernstig werk aan restitusie. Doen ons dit nie - wat is Afrikaner-wees dan anders as melaatsheid?

### EERVOLLE VERMELDING

**Rudolf van Stellenbosch skryf 'n Ope brief aan Jacques Pauw:**
Jou poging om die bleskop-redakteur se boer-wees die onvergeeflike krematorium in te stoot, verdien eervolle vermelding.
Miskien louter hy homself nou van sy voortslepende eksistensiële afrikanerkrisis.
Miskien ontsnap hy nou van die skuldkompleks van sy vaders en moeders se kollektiewe sondes.
Miskien besef hy nou dat diegene wat 'n lang en moeisame pad geloop het om hul aalmoes in die revolusie se skatkis te kom gooi, nie hul bydrae hoef te regverdig nie. Net soos hulle ook nie 'n spesiale dankie hoef te verwag nie.
Miskien besef hy nou, gesien op 'n skaal effens groter as die omtrek van Vrye Weekblad se kantore, dat dit regtig nie veel politieke saak maak of hy homself as Afrikaner beskou al dan nie.
Miskien lees ons volgende week dat jou baas sy politieke insig geïnternaliseer het, huis toe gevat en sy eie gemaak het.
Aan die ander kant - miskien gebeur daar niks.
Die essensiële afrikaner is mos 'n hardkoppige stukkie mens, of hoe?

### IDENTITEIT WORD DAAGLIKS VERWERF

**Dr Arnold Blumer van Stellenbosch skryf:**
Max du Preez sê hy's 'n Boer. Jacques Pauw sê, Boer se moer, hy wil nie een wees nie. Terwyl dit nou "in" is om identiteite te soek, wat van myne? Ek's gebore in 'n Engelse interneringskamp op 'n vliegveld buite die voormalige Salisbury, dus "British by birth". My pa is gebore in die voormalige Reval, vandag Tallin in Estland, en het grootgeword in Arusha, Tanzanië. My ma kom oorspronklik uit Würzburg, Duitsland. In 1947 is ek Duitsland toe en in 1950 beland ek in die Kaap. In 1957 is ek weer Duitsland toe, maar is binne ses maande terug by braaivleis, sonskyn en chevrolets. In 1961 is dit weer Duitsland toe, maar in 1967 begin ek swot by Ikeys en nou gee ek klas by Maties. My vrou is 'n Viljoen/Le Roux uit Franschhoek, my kinders praat Afrikaans en ek besit twee katte en 'n Suid-Afrikaanse paspoort. Nou vra ek julle met tears in my hazelnutbrown eyes: wat maak dit van my?
Breytenbach sê, 'n baster, en trots stem ek saam. Ek wil byvoeg: dit maak my 'n mens.
Hoe hanteer ek die volgende: as ek Duits praat, word ek beskou as 'n buitelander. As ek Afrikaans praat, word gevra hoekom ek dit so goed kan praat. As ek Engels praat, word gesê you've still got this accent. Ek wonder wat gesê gaan word as ek Xhosa of Zoeloe begin rondgooi. En wanneer word 'n mens 'n Suid-Afrikaner: Ná twee, vyf of 'n honderd jaar? Die vraag is: Hoekom het ons soveel probleme met groepsetikette? Identiteit is nie iets wat in Pretoria per stempel aan jou vergun of van jou weggeneem word nie; dis ook nie iets wat op jou gene vasgeprogrameer is nie; en allermins is dit 'n mistiese bloeds- en grondverbondenheid. Dis iets wat jy daagliks verwerf.

# Bonn of Berlyn?
## Die Duitse politici krap kop

BERLYN - Die stryd tussen Bonn en Berlyn om setel van die hoofstad van 'n verenigde Duitsland te word, het dié week 'n nuwe hoogtepunt bereik, sestien dae voordat parlementslede oor dié kwessie moet stem.
Te midde van groot gekoukus en gevoelens wat oor alle partybeleide heen sny, is politieke leiers besig om 'n kompromis te soek wat, volgens die kritici, die regering in 'n reisende sirkus gaan verander.
Die leiers van die drie partye in die regerende koalisie, tydens samesprekings in Bonn met die opposisie Sosiaal-demokratiese Party (SDP) en verteenwoordigers van die president en die twee huise van die parlement, het ooreengekom om nie die datum, 20 Junie, vir die Bundestag-stem uit te stel nie. Die Bundesrat, die opperhuis, stem op 5 Julie.
Volgens Rita Suessmuth, die speaker van die Bundestag, het die leiers ook nuwe voorstelle aangehoor om die rol van die regering en die parlement tussen Bonn en Berlyn te verdeel.
Die debat is hoogs omstrede sedert die besluit van Oos- en Wes-Duitsland verlede jaar om te herenig. Die besluit oor waar die hoofstad van die verenigde Duitsland moet wees, is egter uitgestel.
Voorstanders van Bonn, die Federale Republiek se "tydelike" hoofstad na die stigting van Wes-Duitsland in 1949, voer aan dat die stad die simbool van 'n vooruitstrewende en vreedsame Duitsland is. Bonners het aanvanklik veld gewen deur daarop te wys dat 'n verskuiwing van die hoofstad Bonn se ekonomie sal skaad en dat dit baie duur sal wees om die regering 600 kilometer te verskuif.
Berlyners voer weer aan dat dié stad die hoofstad van Duitsland was voor die Koue Oorlog, en hulle het ook die verskillende partye daaraan herinner dat 'n verskuiwing na Berlyn ekonomiese groei in oostelike Duitsland sal aanhelp.
Suessmuth sê dit is nie 'n kwessie of dit die een of die ander moet wees nie, maar dat die besluit 'n "geloofwaardige politieke konsep" vir albei stede moet omvat.
Bronne na aan die samesprekings sê egter daar is geen ooreenstemming oor hoe die stede die koek gaan verdeel nie.
Verskeie voorstelle is reeds aan die hand gedoen, maar daar is nog nie tot 'n vergelyk gekom nie. Twee lede van kanselier Helmut Kohl se Christen-demokratiese Unie (CDU) het voorgestel dat die regering in Bonn bly, maar dat die presidentskantoor en die parlement na Berlyn verskuif word.
Aan die ander kant het 'n vooraanstaande lid van die SPD, Henning Voscherau, 'n plan waarvolgens die Bundesrat, die president en die departement van buitelandse sake na Berlyn verskuif, en die res van die regering in Bonn bly.
Om die kwessie verder te bemoeilik het die SPD by 'n partykongres verlede week 'n mosie aanvaar dat 'n landwye referendum oor die aangeleentheid gehou moet word.
Dié mosie, wat ook deur die voormalige regerende Oos-Duitse kommunisteparty gesteun word, is dié week voor die parlement gelê. Die aanduidings is egter reeds gegee dat dié mosie verwerp gaan word om verdere verdeling te voorkom.
"Die getwis sal weer van voor af begin, 15 minute na die uitslag," sê die algemene sekretaris van die CDU, Volker Ruehe. - AFP



MOSKOU - Die nuwe Russiese president, Boris Jeltsin, kom uit die stembus nadat hy dié week in dié land se eerste demokratiese verkiesing gestem het. Jeltsin het meer as 70 persent van die stemme in Moskou getrek (Foto: AP)

## Industrialiste verkies Wes-Duitsland

BONN - Wes-Duitse industrialiste dring daarop aan dat goedere wat in Duitsland vervaardig is, die kenteken "Vervaardig in Wes-Duitsland" moet behou. Hulle vrees dat die swak reputasie van goedere wat in Oos-Duitsland vervaardig en met die kenteken "Vervaardig in Duitsland" gestempel is, die verkope van goedere kan skaad.
Dit is dié week bekend gemaak deur die president van die Duitse Federasie van Industrieë (DFI), Heinrich Weiss, wat ook 'n beroep op sake-ondernemings gedoen het om dié "diskriminerende" gebruik te laat vaar omdat dit, volgens hom, die stempel "Vervaardig in Duitsland" skade berokken.
Hy het ondernemings gewaarsku dat hulle die taktiek moet staak omdat dit die Duitse ekonomie sal verswak. - AFP

# 'n Nuwe burgeroorlog dreig in Nicaragua

**Skaars 'n jaar nadat 'n bloedige hoofstuk in Nicaragua se politieke geskiedenis afgesluit is deur die Sandinistas se nederlaag in die verkiesing, het 'n groep Contra-rebelle nou weer die wapen opgeneem. Hulle dreig om die land opnuut in 'n oorlog te dompel.**

**JOSE ZALDUA doen verslag**

MANAGUA - Dié sogenaamde "Re-Contras" - wat nie meer deur die VSA gesteun word nie - is teleurgesteld met die middel-regse administrasie van pres Violetta Chamorro. Hulle sê die beloftes dat hulle grond en krediet sou kry en dat in die landbou belê sou word, is nie nagekom nie.
Die owerheid het pas bevestig dat sowat 600 oud-lede van die Nicaraguaanse Weerstandbeweging (RN) wat teen die linkse regering van die voormalige Sandinista-president Daniel Ortega geveg het, nou in die noorde en suidooste van die land die wapen opgeneem het.
Wat hul klagte betref, sê Chamorro se administrasie egter dat sowat 10 000 voormalige Contra-rebelle - sowat die helfte van dié wat gedemobiliseer is - in die laaste tien maande besit geneem het van 215 000 hektaar landbougrond.
Die RN-leiers kla egter dat die regering se grondtoekennings - wanneer hulle wel gedoen is - van min nut is sonder die gelyktydige verskaffing van krediet en ondersteuning.
"Of die regering help ons, òf oorlog word verklaar," sê die "Re-Contra"-leier "Kommandant Dimas".
Hy wys daarop dat Chamorro belowe het om Nicaragua se leër te ontbind en die bevelvoerder, genl Humberto Ortega - broer van die voormalige Sandinista-president wat as kompromis in sy pos behou is - af te dank.
Dinsdag het 'n oud-lid van die RN se direktoraat, Rodolfo Ampie, Chamorro gewaarsku dat 'n nuwe burgeroorlog in Nicaragua kan losbars as sy nie al haar vroeëre beloftes nakom nie.
Ampie, wat in die oorlog teen die Sandinistas die bynaam "Die Onsigbare Kommandant" gekry het, het prontuit gesê: "Daar sal geen vrede in Nicaragua wees tensy die regering ons mense gee wat hulle wil hê nie."
Maar op dieselfde dag het die minister van landsbestuur, Carlos Hurtado, gesê die regering sal nie met die "Re-Contras" onderhandel nie.
Hurtado het gesê Chamorro het reeds oor alles onderhandel waaroor daar te onderhandel is toe die RN op 27 Junie verlede jaar die wapen neergelê het en die 10 jaar oue burgerloorlog beëindig het waarin meer as 50 000 mense dood is.
Die minister het vir die eerste keer toegegee dat die "Re-Contras" se bedrywighede 'n "potensieel gevaarlike probleem" is.
Sommige senior regeringsamptenare wys nou die vinger na vise-president Virgilio Godoy en sê hy stook die "Re-Contras" op om te rebelleer.
Oscar Sovalbarro, oud-leier van die RN en nou adjunk-direkteur van die Instituut vir Repatriasie, sê Goday se toesprake teen genl Ortega se Sandinista-deelname aan die regering het die oud-Contras "onregstreeks beïnvloed" om weer die wapen op te neem.
Die leërhoof, genl Ortega, stem saam en beskuldig die vise-president van "die stelselmatige sabotasie van die nasionale versoeningsproses wat die regering voorstaan".
Ampie sê egter Godoy se skerp kritiek op Chamorro se regering "was realisties en het die probleme onderstreep wat stabiliteit in die land teenwerk".
Die eise van die "Re-Contras" het intussen aansienlike steun gekry onder politieke en maatskaplike groepe wat 'n hoofrol gespeel het in Chamorro se bewindoorname.
Binne die regerende Nasionale Opposisie-Unie (UNO), 'n koalisie van 14 partye, het die tweespalt in die laaste paar weke afgeneem namate die lede poog om steun te werf vir die regering se sleutelfiguur, die minister van die presidentskap, Antonio Lacayo.
Die herlewing van gewapende rebellegroepe kom midde-in 'n groeiende politieke krisis tussen die UNO, wat Godoy gesteun het, en die regering onder Lacayo se leiding.
Tot dusver het Chamorro haar uit die politieke twis probeer hou en amptelik 'n neutrale houding aangeneem. Maar in die praktyk impliseer die president se posisie haar steun aan Lacayo - haar skoonseun en mees vertroude raadgewer - ten koste van Godoy.
Hoewel genl Ortega verlede week nog gesê het die weermag is nie van plan om militêr op te tree teen die "beperkte" bedrywighede van die "Re-Contras" nie, het die moord so pas op 'n polisiehoof in die noorde van Nicaragua, blykbaar deur "Re-Contra"-rebelle, die vrees versterk dat guerrilla-optredes uiteindelik wel militêre optrede gaan uitlok. - (AFP)

# Sê dit met 'n muurskildery

As 'n mens in Suid-Afrika van **muurskilderye** praat, dink jy dadelik aan die Ndebele. Maar dit is 'n tradisie wat so oud is soos die Boesmans, en deesdae word dit nie net deur etniese gemeenskappe gedoen nie, maar ook deur gefrustreerde stedelike kunstenaars wat iets wil sê en deur diegene wat vervalle stedelike gebiede wil opkikker. **PEARLIE JOUBERT** het gaan rondvra en nogal verskillende sieninge van dié kunsvorm teëgekom



Soweto-muurskilderye wat in 1988 onder borgskap van Plascon gedoen is (Foto: Bob Cnoops)



'n Botswana-muurskildery (Foto: Bob Cnoops)

"MUURSKILDERYE word gemaak deur mense wat kommunikeer deur te teken. Dit is die geskiedenis daarvan. Dit is 'n ander manier van sê as jy nie goed kan skryf of glad nie kan skryf nie," sê die skilder Braam Kruger van Johannesburg.

Anette Loubser, 'n kenner van Afrika-kuns en in besonder muurskilderye, meen egter muurskilderye word juis gedoen deur die "intellektuele, dié wat dink en probeer verstaan".

Waar Kruger 'n onderskeid tussen graffiti en muurskilderye tref, sê Loubser dat dié twee kunsvorme deel is van dieselfde tradisie en uiting aan dieselfde behoeftes gee.

Die eerste muurskilderye in Suid Afrika is tienduisende jare gelede deur die Boesmans gemaak, waarkynlik deel van 'n poging om die lewe te verstaan, rekord te hou van gebeure en om geeste te verheerlik.

"Muurskilderye is natuurlik 'n uitbeelding van die lewe. Ons kinders teken karretjies of Casspirs. Die Boesmans het bokke en pyle geteken," sê Kruger.

'n Opbloei in muurkuns in Suid-Afrika, veral in die stede, het saamgeval met streng mediabeperkings, onderdrukking en ongeregtigheid.

"Dié wat dink, die skeppers en diegene wat dinge probeer verstaan, verf op die mure," sê Loubser. Volgens haar is dit veral witmense, "die intellectuals", wat op die mure verf. "Dit is wat jy sien in Yeoville en Mitchell's Plain. Dié tradisie het gebloei in die vroeë tagtigerjare omdat dié mense magteloos gevoel het. Hulle was nie werklik deel van die mobilisering van die swart gemeenskap nie en het ook nie die regering ondersteun nie."

Volgens Loubser verduidelik dit ook die toename in die aantal muurskilderye wat gedurende die noodtoestande in die tagtigerjare in Johannesburg en Kaapstad.

Kruger verskil: "Die magteloses maak nie kuns en paintings aan mure nie want hulle is nie kwaad nie. Die magteloses is die plebs wat nie bodder nie. Hulle vra nie. Hulle worry oor waar die brood vandaan kom. Dit is die ouens wat kwaad en angry is - dié wat 'n issue wil maak - wat hul merke teen die mure maak," sê hy.

"Dit is pretensieus om te sê die intellectuals maak muurkuns. Gewoontes en sekere tye speel 'n rol en skep die behoefte vir muurkuns. Ek dink nie dit is so serious soos die 'denkers-maak-muurkuns' nie. Van die beste kunstenaars wat ek ken, is dom donners. Dié wat dink, kom in die kak. Soos byvoorbeeld Breyten Breytenbach," lag hy. "Die kunstenaars that get on with it - dit is hulle wat skep. Ek dink nie Picasso was 'n genius nie. Hy was 'n werker. Sy job was om te werk - nie om te dink nie."

Hy meen dit is eenvoudig die "ou met minder inhibisies" wat muurskilderye maak. "Mense wat ordentlik is en ander mense se eiendom respekteer, maak nie muurskilderye nie - tensy dit natuurlik met toestemming en in opdrag is. Hulle wat nie geïntimideer is en word nie, skep dié people's art. Dit help natuurlik ook as jy so 'n effense kriminele streep weg het. Muurkuns is die tagtigs se perskes-steel. Brawe mense doen dit," sê Kruger.

Loubser verskil met Kruger oor vandag se muurskilderye wat laatnag in die stede opgaan: "Dit gaan oor vrees en magteloosheid - dit is 'n weerspieëling van 'n diep getraumatiseerde samelewing. En dit is 'n Afrika-ding," sê sy.

"Dit is nonsens, want die werklike kunstenaar staan buite die samelewing. Hy is nie gepolitiseer en gefreak, bevrees en magteloos nie. Hy lewer kommentaar as 'n waarnemer," sê Kruger. "Die kunstenaars wat gefreak is, lewer kommentaar op hulself omdat 'n ware kunstenaar voel hy is deur sy gemeenskap aangestel."

Muurkuns is nie uniek aan Afrika nie. Loubser meen dat muurkuns die enigste vorm van die skilderkuns was totdat Venesiese kunstenaars in die 15e eeu begin het om op doeke binne huise te skilder. "Kuns was nog altyd 'n rekord-hou van gebeure, dit het reageer op wat gebeur in 'n land en het sosiale kommentaar gelewer. Tóé het kuns egter begin verander en is dit in kunsgalerye en binne huise ingedruk. Tóé het dit eksklusief geword."

Kruger verskil weer eens: "Die rede waarom die plek waar kuns gepleeg word, verander het, is omdat jy 'n middelklas gekry het wat baie geld het. Kuns, dit wat kuns genoem word, word net gepleeg daar waar 'n ledige middelklas is. Die peasants maak die kuns en verkoop dit aan die ryk ouens en dan word dit kuns genoem."

Loubser meen dat die vuisswaaiende muurskilderye in Observatory in Kaapstad en Yeoville in Johannesburg en die kleurryke diere en patrone aan mure in Noord-Transvaal wat veral deur die Ndebele gedoen word, kommentaar op sosiale omstandighede lewer, huidige gebeure opteken, skep en besitreg verklaar. Kruger gee toe en sê dit lewer wel kommentaar, maar muurskilderye is op sigself sosiale kommentaar. "Muurkuns is muurkuns is muurkuns.

"Voorheen was muurskilderye nie in dieselfde mate moontlik nie omdat Dulux-spuitverf nie bestaan








Hillbrow-muurskilderye wat die staatkinders gemaak het (Foto: Bob Cnoops)



Ndebele-muurskildery (Foto: Bob Cnoops)



Muurskilderye in Wes-Berlyn (Foto: Max du Preez)

het nie. Imagine hoe wild sou die Boesmans gebly het as hulle Dulux gehad het," sê Kruger.

Almal gee egter toe dat daar ook muurkuns is wat net bestaan omdat dit mooi is en versier. Die gekleurde "spaghetti" teen die mure van die Finansbank in Johannesburg is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Vandag word muurskilderye veral met die Ndebele geassosieer wat rondom 1812 uit die suidooste van Afrika gekom het en met die Voortrekkers wat in 1845 in die Lydenburg-omgewing kom woon het, in konflik gekom het. In 1923 is dié mense van hul grond onteien en van hul trots en tradisies beroof. 'n Oorblywende groep Ndebele, wat hulself die Ndzundza (of suidelike Ndebele) noem, het die Weltevreden-grondgebied bekom en dit is dan ook dié groep wat veral muurskilderye gemaak het en tot vandag toe bekend is daarvoor. Kenners meen dat dié groep mense hul menswaardigheid, opstand teen die Voortrekkers en hul geskiedenis teen hul mure geskilder het as 'n manier om hul haglike sosiale omstandighede te hanteer.

Die Xhosa se muurskilderye, wat nie op so 'n groot skaal as die Ndebele gedoen word nie, is meer tradisioneel en maak minder gebruik van 'n Westerse invloed.

Die Pedi van Sekoekoenieland se tradisie van muurskilderye verskil ingrypend van dié van die Ndebele. In dié gemeenskap word net die binnekant van mure beskilder en elke vrou skilder die mure rondom haar lapa verskillend om status-verskille aan te dui.

Die Ndebele verf die buitekant van hul mure en huise om uiterlik erkenning van hul menswaardigheid te bevestig. Die Pedi, sê kenners, is meer introvert en die vrou se rol in dié gemeenskap is veel meer beperk tot haar huis - daarom word net die binnekant van mure geverf.

Die Sotho, veral die Suid-Sotho onder leierskap van Moshweshe, het rondom die 1830's meestal as plaaswerkers vir wit families begin werk, hul grond verloor en die versiering van hul huise was aanvanklik 'n status-simbool en die "geploegde aarde-motief" is algemeen in dié gemeenskap se muurkuns.

Loubser meen dat muurskilderye, "in hul tradisionele wese", gemaak is om identiteit te bevestig. "Dit is hoekom 'n Ndebele-vrou haar huis verf. Dié vrou sê: dit is MY huis en dit is hoe ek die lewe sien."

Hoewel muurskilderye wel beïnvloed word deur besondere etniese gebruike en tradisies (die Zoeloes het byvoorbeeld glad nie 'n tradisie van muurskilderye nie) meen Loubser dat muurskilderye nie 'n weerspieëling is van etnisiteit nie. "Dit is hoekom die tuislande en townships bykans geen muurskilderye het nie. Die regering wou verskillende etniese groepe apart hou, maar dit is nie hoe mense geleef het nie. Die tradisie van muurskilderye het sedert die implementering van die tuisland-stelsel afgeneem, omdat etnisiteit op mense afgedwing is," sê sy.

Vandag is die enigste vorm van muurskilderye in die townships deel van georganiseerde pogings. "Trekarbeid, gedwonge verskuiwings en onderdrukking het geslagte se mense huisloos gelaat. Niemand gaan 'n huis of hostel in 'n township versier nie omdat mense nie uit eie vrye wil daar woon nie," sê sy.



The grave of dominee Pieter van Drimmelen at Lubango in south-western Angola.



Graveyard of a 'Dorsland' community at Humpata, now Lubango

# Peace for those who don't know it

*Photographs: John Liebenberg*

As peace dawned on **Angola**, a nine-truck United Nations food convoy began a seven-day journey into the country's south-eastern highlands, where thousands face severe food shortages after successive crop failures and 16 years of civil war. The destination was Mavinga - bastion of Unita-held territory and the widely-hailed 'turning point' of past battles. For the first time, a group of journalists were allowed to travel through the territory, from the border camp of Mucusso to Likuwa and on to Mavinga. Some of the worst roads in Africa, the first moments of peace and a week-long look at Unita, combined to bring lasting impressions, *writes* **KATE BURLING**

WE pulled into Likuwa in the first light of Sunday morning, two days after the official start of peace in Angola. Under military escort, we had been travelling for almost 24 hours through territory shrouded in the mystery of Unita, whose leader had just shaken hands in Lisbon with the president of a government it had fought for 16 years.

But it was difficult that morning to gauge how consciously the people of Likuwa were waking up to peace. Images of Jonas Savimbi were everywhere, as if to remind them of the special moment, but as one man said "I don't know what I think of peace. I know what the word means but I don't know what it is."

The quiet of the morning, a sleepless night, the smoke of just-lit fires and the dust clouds raised by the convoy as it lumbered into Likuwa, reinforced the impression of a waking dream. Nobody knew what would happen next. They knew they had fought, they were glad that it was over, and now they would wait and see.

For as long as many people could remember, Unita had been a way of life, and on the road to Likuwa it had been hard to see where "Unita, the military" and "Unita, the lifestyle" met or diverged. Everywhere there were men in stylish, immaculately pressed fatigues; but even the men in civvies looked like soldiers. Where women gathered water, pounded maize or cut down grass, there was a soldier in their midst. They carried water home in cut-away jerry cans and drank from washed out bully-beef tins, left over from South African rations. Even the old men, who sat by their homes as the sun came up, wore SADF browns under threadbare jerseys and tattered shirts. "It's a problem for us to find clothes," said one man, pointing to a patchwork of stitching which served as trousers.

If trying to divorce military from civilian life was difficult, it was virtually impossible to assess the influence of one upon the other or the claim that both were simply two strains of one fundamental doctrine.

What was clear was that Likuwa operated differently from most societies one had seen or read about; without money, without the usual divisions of family life. The pattern was repeated in every "town" we visited, and throughout the area - as far as we were allowed to see - things were organised on a communal basis of cooperation for survival. When later we came upon a truck broken-down in the bush which had left 60 men, women and children stranded for 24 hours, we were told people from the next village had walked through the night to bring them water.

Tales of Unita's organisational prowess have already been told by those whisked round Jamba for promotional tours, but days and nights spent travelling through its camps and villages brought the picture into sharper focus.

More like a camp than a town, Likuwa had electricity, main streets and a traffic island at its only crossroad. When the policemen on duty saw our trucks approach, he ran to his post to wave us through otherwise deserted streets.

Likuwa's houses, made from wood, grass and mud were often surrounded by small gardens, with cactus plants and flowers trained colourfully around the doors - a poster of Savimbi invariably at their centre. Pit latrine toilets were always nearby, neatly housed under thatched roof structures. Treehouse-style chicken coops were dotted across the compounds, piglets rooted in the dust, and everywhere stood columns of frazzled maize, carefully planted but ruined by drought.

The official buildings were larger versions of the houses, trimmed with strings of Unita colour: red and green flags, printed posters of Savimbi, placards promoting the party messages of liberty, democracy, socialism and a market economy.

For a while, as we waited for our next set of instructions; we could wander among the houses, though never without the company of someone to keep track of our movements. But as the day wore on and Likuwa's organisational machinery geared up to our arrival, impressions of life in "Unitaland" poured in.

While the trucks went off to the workshop for repairs, the rest of us attended a welcoming ceremony - the first extended by Likuwa to outsiders. We drove through the town again, past the traffic post and bunkered military




A Unita guard at Mucusso




The grave of an unknown 32 Batallion soldier.

headquarters to a large theatre where it seemed the whole town had gathered to greet us.

As we walked into the arena we were met by a wave of singing, dancing, frantic drumming and whistling, as groups of Unita's youth wing, "Jura", and its women's league, "Lima", were joined by youngsters and old people, women and babies. In one section of the crowd, men in military fatigues surrounded a woman nursing two babies whose legs dangled onto the shoulders of a young amputee seated in front. Hundreds of children sang party songs in Portuguese, while armed soldiers stood before them whipping up their fervour.

At the front of the theatre sat Likuwa's military and civilian leaders; at the back, raised high above the arena, billowed a huge cloth-painting of Savimbi leading his troops to battle. When the programme began, musicians and actors came forward to bring the same message. Their performances were unfailingly assured, practised with classical timing and the gestures of ancient theatre. Five young men presented a fierce discourse, based on the speeches of Savimbi, with the confidence of professional actors and a choral recitation held together with precision mime. One group of women sang of peace and their desire to return to their homes in the west of the country; another insisted on Unita as the only alternative.

In between each item, there was more familiar crowd-stirring - long cries of "Viva" and gruffly barked-out chants of "Savimbi" - observed with uniform control. Only two minutes of madness were allowed at the end of the show when all the children ran careering into the centre of the arena raising dust and laughter, before being whistled back to order and the hymn-like gentleness of Unita's "national anthem".

Throughout the ceremony, men and women of all tribes had joined in each other's cultural dances. We were told there were no tribal divisions in Unita. Everyone in places like Likuwa was displaced in some way or another; cooperation was more natural in the circumstances, they said.

Our questions about leadership were similarly answered. The best people for the job had emerged, we were told; their abilities were valued. Indeed, there was a quietness and respect about the way things were managed. If there was rivalry and dissent, it was hidden away.

The Governor of Mavinga, Evaristo Ramon Chitumba, whom we met two days later at a repeat performance of our



Douglas Coutts, coordinator of the World Food Programme, busy negotiating.

Likuwa welcome, said Unita had "done its best to create a new social order" based on an alternative code of socialist living.

One can but speculate on the mixture and balance of forces which informed that code: enforced military discipline, a common enemy, basic needs, genuine commitment to an ideology? According to the Governor, when Unita returned to the towns and the process of reconciliation began, a different "new order" would emerge, incorporating the will of all Angolan people.

The "return of the towns" was much talked of and most people expected it to happen soon. We were often asked "What do you think of the things we have done here in the bush?" with the immediate rider: "Imagine what we can do in the towns."

But the question of what Unita will do in the towns, after 16 years of bush-based collectivism, goes deeper than the chance to show off organisational ability. For all Unita's order, one was frequently stuck by a certain naivety, vulnerability and dependence in its people.

As we drove away from the camp in the early hours of Monday morning, we could still hear the soft sound of drumming and salsa. The ceremony of the afternoon had developed into a more private party of dancing couples and the rare treat of alcohol.

One thought of the cities and their comparative bright lights: money; alcohol; no automatic adherence to ideas of cooperation. How would the rules by which Unita had lived - whether by force or choice - hold up in the "outside world"? Like the people of Likuwa, still unsure of the peace, one can only wait and see.

## 14 VRYDAG

**TV1**

5.15 Larry King
6.00 GMSA
8.25 Health Week
1.00 Headline News
2.00 Programroosters
2.03 Telerama
3.30 Chip 'n Dale
3.55 Bible Story
4.00 Lassie
4.30 Another Life
5.00 Fast Forward
5.45 News
6.00 Nashville Skyline
6.30 Gillette Sport
7.00 MacGyver VI
8.00 Die Nuus
8.35 Orkney Snork Nie: Bella Vermaas se Nood
9.10 Die Staalmagnate
10.00 Dubbel En Dwars
11.00 Spioendrama: Die Oorloper
00.00 Oordenking

**TV2/3/4**

1.00 Diaduma Ka Niknaks (TV3)
526 - Magazine Programme (TV2)
Sekunjalo (TV2)
Thakaneng (TV2)
Pick a Box (TV3)
3.15 Ezabantwana (TV2)
Tsa Bana (TV3)
3.45 Telerama
4.15 Edutaining the English Way
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 Intokoza (TV2)
Maitemogelo (TV3)
6.30 Shell Road to Fame
7.00 News
7.30 Imalini/Ke Bokae
8.11 Festival Mondial Circus
8.30 Topsport
8.55 News Update
9.04 Married People
9.32 Forty Guns to Apache Pass
11.12 In Duette: Musiekprogram
11.49 Dress Gray
00.37 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
10.28 Stasie open
10.30 Tai-Pan
3.00 Dumbo's Circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Eko-Boffins
4.40 Sylvanian Families
5.00 Hot Hits
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD:
6.00 Loving
6.29 Hyperama Price-Busters
6.30 The World of National Panasonic
INTEKENARE:
7.00 Stand and Deliver
8.45 60 Minutes: Another Saddam
9.00 The Enforcer
10.35 Box-Office America
11.00 Supersport Gholf: Amerikaanse Ope
01.00 Moonraker
03.50 Barfly
04.45 Cocoon: The Return

## 15 SATERDAG

**TV1**

05.57 Oggendboodskap
06.00 Baby & Company
06.30 Agriforum
07.00 GMSA
09.00 Swerwerskos: Alikruk
09.20 What If...?
09.45 Onderste Bodem
09.50 Featherfoot Farm
10.05 Walt Disney
10.30 Allemans
11.00 Gerhardus en Petronella
11.05 Snuffels Smit en Bennie Grootoog
11.10 Kode IFB17: Dwelmsindikaat
12.00 Topsport
6.00 Die Nuus
6.15 Kompas
6.20 Debuut
7.05 E.N.G.
8.00 News
8.35 LA Law
9.30 Feature Film: Eyewitness
11.10 The Cyril Green Show
11.50 Epilogue

**TV2/3/4**

09.00 University of the Air
09.50 Breaking the Barrier
10.05 The Story of the Grape
10.10 Cedric The Crow
10.20 Featherfoot Farm
10.30 Manufacturing Game
10.35 Super Sam Swats Safety
10.40 Insurance - The Inside Story
10.50 Telerama
11.40 Happy Lion
11.47 Muscles and Energy
11.57 Simple Machines: Working Together
12.09 Rhythm
12.31 Coniferous Forest Electromagnetic Waves
1.00 Agriforum
1.25 Road to Health
1.35 Cross Over
2.00 Topsport
6.00 Diff'rent Strokes
6.30 Evening Prayer
6.33 Ngomgqibelo\Ka Mokibelo
7.00 News
7.30 Ngomgqibelo\Ka Mokibelo
8.00 Feature Film: The Champion
9.30 Video Juke Box
10.30 In The Heat of the Night
11.30 Topsport
01.00 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
6.58 Stasie open
7.00 Clifford the Big Red Dog
7.30 The Smurfs
7.55 The Charlie Brown and Snoopy Show
8.20 Little Rosey
8.45 Alf Animated
9.15 Casper & Friends
9.40 Widget
10.05 Tell Me Why
10.10 Garfield and Friends
10.30 Mac and Mutley
11.00 The Drug Wars: Slot
12.30 Bon Voyage
1.00 Never Cry Wolf
3.00 Motorsport News
3.30 Supersport: Curriebeker
5.00 Supersport: Gholf
OOPTYD:
6.00 Three's Company
6.30 Too Close for Comfort
INTEKENARE:
7.00 Road to Avonlea
8.00 Prime Time Pets.
8.30 Supersport: Boks
9.30 To Catch a King
11.30 Supersport: Gholf
04.00 Slugger's Wife

## 16 SONDAG

**TV1**

12.27 Programroosters
12.30 Aan die Lied
1.00 Remi: Twee Mammas
1.25 Zeti
1.30 Story Break
2.00 The Magical World of Disney: Wild Jack
2.50 Moby Dick
3.45 Collage
6.40 Beyond 2000
5.30 Skrifspore
5.50 Kruis en Kroniek
6.25 Plante van die Bybel
6.40 Met Woord en Lied
7.00 50/50
8.00 News
8.15 Agenda
9.00 Ernesto Bitetti
9.30 Yours to Keep
10.45 Songs of Faith
10.50 Grand Prix Specials

**TV2/3/4**

10.00 Impressions
12.00 Church Service
12.30 Magnificat
1.00 Topsport
6.00 Ocean Dreams (TV2)
Ho Ua Nota (TV3)
6.30 Unqambothi (TV2)
Polar Bear Route (TV3)
7.00 News
7.30 Perspective (TV2)
Mahlasedi A Tumelo (TV3)
8.00 Masakhane\Masimdumise
8.30 Perspective
9.00 Programme Line-up
9.04 The Godfather Saga
9.58 Tonight Is Your Life
11.15 Summer Wishes, Winter Dreams
00.48 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
06.58 Stasie open
07.00 East-Net open
07.01 Noopur
09.00 Uttar Ramayan
09.30 Essence
10.00 Take Five
10.29 East-Net sluit
10.30 Canal Português open
1.30 The Flying House
2.00 The World of National Panasonic
3.00 Supersport: Tennis
5.00 Okavango
OOPTYD:
6.00 China Beach
INTEKENARE:
7.00 Carte Blanche
8.00 Elvis Good Rockin'
8.30 Die Hard
10.40 Supersport: Gholf
00.00 Benji the Hunted
01.30 Stasie sluit

## 17 MAANDAG

**TV1**

05.15 Larry King
06.00 GMSA
08.25 Showbiz
12.57 Programrooster
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
3.00 Business of Management
3.30 The Blunders
3.45 Pumpkin Patch
4.00 Bible Story
4.05 Robotech
4.30 Webster V
5.00 Antenna
5.45 News
6.00 Santa Barbara
6.30 Rustelose Jare
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Who's the Boss?
8.00 Die Nuus
8.35 Mediforum
9.00 Topsport
10.00 Agenda
11.00 Marianne: Slot
11.55 Oordenking

**TV2/3/4**

1.00 Toyota Top 20 Perspective (TV2)
Shell Road to Fame Perspective (TV3)
3.15 Ezabantwana (TV2)
Tsa Bana (TV3)
3.45 Telerama
4.15 Walt Disney
4.45 Searching for Values
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 Adventure of the Little Prince
6.30 Police File
7.00 News
7.30 Ziyaduma Nge Niknaks (TV2)
In-Depth Programme (TV3)
8.00 "321" - Local Drama (TV2)
After 8 - Magazine Programme (TV3)
8.30 Jazz Jazz Jazz
8.55 News Update
9.00 Programme Line-up
9.03 Family Ties
9.35 Dynasty
10.27 Island Son
11.18 Big World Café
11.44 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
10.28 Stasie open
10.30 Moonraker
12.30 Stasie sluit
2.58 Stasie Open
3.00 Dumbo's Circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Captain N
4.40 Casper & Friends
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The Scheme of Things
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD:
6.00 Loving
6.30 Going Places
INTEKENARE:
7.00 Agter Elke Man (Die rolprent)
9.00 Sweet Dreams
11.00 The Deerhunter
02.00 Stasie sluit

## 18 DINSDAG

**TV1**

05.15 Larry King
06.00 GMSA
08.25 Science and Technology
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Programroosters
2.03 Telerama
3.00 Technikons
3.15 Hallo, Blikbrein
3.30 Tip en Tap
3.35 Amigo en Vriende
3.45 Wielie Walie
4.00 Dis Waar
4.05 Teater, Teater
4.15 Toegepaste Wetenskap
4.30 Polisiepetaljes
5.00 Tekkies
5.42 Kompas
5.45 Die Nuus
6.00 Santa Barbara
6.30 Rustelose Jare
7.00 Alf
7.30 Agter Elke Man
8.00 News
8.35 Dallas XIV: No 1
9.30 The Judge
10.00 Donna Looks Out: Complementary Medicine
10.30 News
10.35 Diagonal Street
11.00 University of the Air
11.55 Epilogue

**TV2/3/4**

1.00 Ziyaduma Nge Niknaks (TV2)
After 8 (TV3)
Ngomgqibelo/Ka Mokibelo (TV2)
Tumisang/Dumisani (TV3)
3.15 Ezabantwana (TV2)
Tsa Bana (TV3)
3.45 Telerama
4.15 What If?
4.25 Lehae La Bana
4.35 Cross Over
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 Waldo Kitty
6.30 Horizons (TV2)
Thakaneng (TV3)
7.00 News
7.30 In-Depth (TV2)
Diaduma ka Niknaks (TV3)
8.00 Siyatyelela\Siyazungeza (TV2)
Tlhakantsuke (TV3)
8.30 Mmino Wa Setso (TV3)
8.55 News Update
9.00 Programme Line-up
9.04 The Tracy Ullman Show
9.37 Not Quite Jerusalem
11.35 Entertainment International
00.30 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
10.28 Stasie open
10.30 Never Cry Wolf
12.15 60 Minutes: White Mischief
12.30 Stasie sluit
2.58 Stasie open
3.00 Dumbo's Circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Captain N
4.40 Casper & Friends
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Pugwall
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD:
6.00 Loving
6.30 Working It Out
INTEKENARE:
7.00 Flair: Deel 1
9.00 Supersport: Fietsry
10.00 Supersport: Kanovaart
11.00 The Enforcer
00.35 Stasie sluit

## 19 WOENSDAG

**TV1**

5.15 Larry King
6.00 GMSA
8.25 Style
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Programroosters
2.03 Telerama
3.00 Historically Speaking
3.30 Adventures of Teddy Ruxpin
3.55 Bible Story
4.00 Carol Burnett and Friends
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 Zapmag
5.45 News
6.00 Santa Barbara
6.30 Rustelose Jare
7.00 Trucking
8.00 News
8.35 Legkaartboonanza
9.00 'n Stukkie Hemel: Slot
10.00 Dossier
10.15 Die Nuus
10.20 Drome met Vlerke
11.20 Oordenking

**TV2/3/4**

1.00 Video Juke Box
Siyatyelela\Siyazungeza (TV2)
Mmino Wa Setso (TV3)
3.15 Ezabantwana (TV2)
Tsa Bana (TV3)
3.45 Telerama
4.15 Business of Management
4.45 Great Deserts of the World
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 The Wonderful Wizard of Oz
6.30 Sekunjalo (TV2)
Picture Games (TV3)
7.00 News
7.30 Thenga Isipho (TV2)
In-Depth Programme (TV3)
8.00 Mr Mamba (TV2)
Ntome Tsebe (TV3)
8.30 Ezodumo (TV2)
8.55 News Update
9.00 Programme Line-up
9.04 Cyclone Tracy
10.07 Cheers
10.35 Harmony Gold Presents
11.18 Die Rebeiro's van Sao Paulo
11.59 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
10.28 Stasie open
10.30 Baywatch: Panic at Malibu Pier
12.00 Videofashion
12.30 Stasie sluit
2.58 Stasie open
3.00 Dumbo's Circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Captain N
4.40 Casper & Friends
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Dog House
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD:
6.00 Loving
6.30 Wings
INTEKENARE:
7.00 Flair: Slot
9.00 Back Roads
10.40 60 Minutes: Pain Killers
11.00 Stand and Deliver
00.50 Stasie sluit

## 20 DONDERDAG

**TV1**

5.15 Larry King
6.00 GMSA
8.25 Future Watch
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Programroosters
2.03 Telerama
3.00 Abakus
3.15 As die Eeu Draai
3.30 Walter die Wasbeer
4.00 Dis Waar
4.05 Swartwoudkliniek
5.00 Antenne
5.42 Kompas
5.45 Die Nuus
6.00 Santa Barbara
6.30 Rustelose Jare
7.05 Meester
8.00 News
8.35 Evening Shade
9.00 thirtysomething
10.00 Agenda
11.00 No Jacket Required
11.30 World at Your Feet
00.25 Epilogue

**TV2/3/4**

1.00 Ezodumo (TV2)
Ntome Tsebe (TV3)
Thenga Isipho (TV2)
Jazz Jazz Jazz (TV3)
3.15 Ezabantwana (TV2)
Tsa Bana (TV3)
3.45 Telerama
4.15 Let's Be Creative
4.30 Madidlale
4.40 Ikhaya Labantwana
4.50 Road to Health
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Evening Prayer
6.00 Toyota Top 20
7.00 News
7.30 In-Depth Programme (TV2)
Pick a Box (TV3)
8.00 526 (TV2)
Dibe (TV3)
8.30 Tumisang/Dumisani
8.55 News Update
9.00 Programme Line-up
9.04 Cyclone Tracy
10.00 Misdaad in Miami
11.00 Movie Focus
11.30 It's a Living
00.00 Austin Encore
00.26 Transmission ends

**M-NET**

INTEKENARE:
10.28 Stasie open
10.30 Slugger's Wife
12.10 60 Minutes: Letters from Jerusalem
12.30 Stasie sluit
2.58 Stasie open
3.00 Dumbo's Circus
3.30 The Smurfs
4.00 Wowser
4.15 Alvin and the Chipmunks
4.40 Supersport Festival of Racing
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Betty's Bunch
5.55 Jake's Fitness Minute
OOPTYD:
6.00 Loving
6.30 Empty Nest
INTEKENARE:
7.00 Revue Plus
8.00 Top Class
9.00 Kiss of the Spider Woman
11.00 Supersport: Krieket
11.30 Police Story: Freeway Killings
02.00 Stasie sluit

ANDREA VINASSA SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

# Die **stories** wat nie vertel is nie

ENKELE Sondae gelede was ek verstom om een van die uitgeweke Suid-Afrikaanse regisseur Ross Devenish se rolprente op TV1 te sien. *Death of a Son* is 'n merkwaardige doku-drama oor 'n ma se stryd om die strafbaarheid te bewys van die man wat haar kind dwelms ingegee het.

Die prent het my, verbasend genoeg, enduit geboei. Ek het selfs die eindkredi-ete gelees - en siedaar, die BBC se logo heel aan die einde. Ek het gewonder hoe 'n BBC-program op TV1 beland en 'n week of wat later my faks na die SAUK se reklamedepartement toe gestuur. En gewag.

Al my meegevoel aan televisie-joernaliste: ek het meer as twee dae gewag op 'n antwoord en toe maar voortgegaan met my storie. Ek raai maar dat Ross se rolprent 'n buiteproduksie was wat vir die BBC gemaak is en om die een of ander rede die Equity-boikot vrygespring het.

Ons was blykbaar in die verlede ook gelukkig genoeg om BBC-ko-produksies te sien. Dalk het ek teen volgende week 'n antwoord op my vraag aan die SAUK.

In elk geval, *Death of a Son* en die besoek van Shawn Slovo vir die bekendstelling van haar prent *A World Apart* het my aan die dink gesit oor wat geword het van die uitgeweke rolprentmakers wat weens gebrek aan werkgeleenthede waarskynlik nooit sal terugkeer nie.

*Death of a Son* is die deurdagte, ingewikkelde verhaal van 'n huisvrou wat haar op die gebied van die regte en as chemiese wetenskaplike moes bekwaam om die hof te dwing om na haar te luister.

Hoewel Devenish in Brittanje gaan werk het, het sy werk nog altyd verband gehou met die Suid-Afrikaanse werklikheid.

Hy sê (in 'n onderhoud met die organiseerders van 'n Suid-Afrikaanse rolprentfees in Europa) dat hy graag in Suid-Afrika rolprente wou maak oor Suid-Afrika. Op 19 jaar het hy aan die Londense Filmskool gaan studeer en sy loopbaan met dokumentêre prente begin. Ná 'n tydjie as regisseur van aktualiteitsprogramme oor Afrika en Viëtnam, het hy die regie behartig van *Now That the Buffalo's Gone*, 'n dokumentêr oor die Amerikaanse Indiane met Marlon Brando as verteller.

Eers toe hy Athol Fugard ontmoet het, kon hy nader beweeg aan Suid-Afrika. Hy het die regie behartig van die drama *Boesman and Lena* en Fugard se 1976-draaiboek vir *The Guest*. In 1979 het hy *Marigolds in August* verfilm - volgens die Londense kritikus Alexander Walker was dit een van die tien beste prente van die jaar.

"After the three films I made with Athol Fugard I faced a dilemma: finding the money for films I wanted to make became almost impossible and as I did not want to make commercials, nor work for the government-controlled SABC, there was no means by which I could earn an uncompromised living as a filmmaker in South Africa...

"Now that there is the very real possibility of change, I trust that at last film and television will have the possibility of exploring a South Africa that has been banned from our screens. I trust that we will at least be able to tell our own stories, explore our past and try to understand our present so that we can help lay the foundations for a better country."

'n Mens wonder of Devenish en ander rolprentmakers sal terugkeer om die onvertelde verhale te vertel. Pleks van mense wat belang stel in ernstige televisie het die Groot Appel toe vir die Pop Shopper Cedric Samson aan ons terugbesorg. Al wat hy kon oplewer, is piesang-grappe, Al Debbo en 'n klomp sentimentele snert oor hemel op aarde.



Kyle MacLachlan speel die hoofrol in Twin Peaks, David Lynch se omstrede reeks wat Maandagaand om 9.35 op TV4 begin.

## H O O G T E P U N T E

**VANAAND**

* In 'Orknie Snork Nie' om 8.35nm weet ma alles.
* In Aflewering 2 van 'Dress Gray' (11.49nm op TV4) word daar reeds vermoed dat David Hand verdrink het.

**MÔRE**

* Die slotaflewering van 'The Drug Wars' om 11vm op M-Net.
* Die rolprent 'To Catch a King' om 9.30nm handel oor hoe Hitler probeer om die uitgeweke hertog en hertogin van Windsor te oorreed om Duitsland toe oor te loop. Met Teri Garr en Robert Wagner.

**SONDAG 16**

* Ek weet nie heeltemal hoe die uitspattige 'Die Hard' (8.30nm op M-Net) op die kassie sal lyk nie, maar die humor is miskien goed genoeg om die medium te weerstaan. In elk geval, Bruce Willis se bek is altyd die moeite werd.
* 'The Godfather Saga' (9.04nm op TV4) is verpligte kykstof.
* 'Yours to Keep' (9.30nm op TV1) is 'n menslike drama oor Down se sindroom. Kyk hoe Hollywood dit doen wanneer John Taylor 'n rol kry in 'n rolprent en in People Magazine beland.

**MAANDAG 17**

* Moleste op die platteland met David Lynch se 'Twin Peaks' om 9.35nm op TV4 met Kyle MacLachlan.
* Jessica Lange sorg in 'Sweet Dreams' dat country-and-westem-musiek luisterbaar is. Trouens, hierdie is 'n skitterende prent deur Karel Reisz (die regisseur van 'The French Lieutenant's Woman'). Dit is 9nm op M-Net.

**DINSDAG 18**

* 'The Tracey Ullman Show' om 9nm op TV4.
* Al is die klomp aanbieders in 'Entertainment International' so onnosel, moet ons tog ons irritasie onderdruk om 'n onderhoud met Julia Roberts te sien. Om 11.31nm op TV4.
* Deel I van die Australiese mini-reeks 'Flair', wat handel oor die avonture van 'n mode-ontwerper, om 7nm op M-Net.

**WOENSDAG 19**

* Woensdagaande is, soos gebruiklik, uiteetaande. Op TV1 is daar net 'Trucking' en hierdie reeks wil 'n mens tot elke prys vermy.
* Die slotaflewering van 'Flair', weer om 7nm.

**DONDERDAG 20**

* 'Meester' om 7nm op TV1 - die kat is uit die mou. Timothy King verklap Tant Miem se geheim en vertel vir Charles MacLean van die Boere se plan om hul eie skool te open.
* 'thirtysomething' 6 om 9nm op TV1

### DONNA LOOKS OUT

Dáár's nou vir jou sinchronisiteit: in Donna se program oor alternatiewe oor aanvullende (complementary) medisyne sien ons toe 'n onderhoud met die einste dr Deepak Chopra wie se boek ek vandag op die boekeblad resenseer. Hy het die land verlede jaar besoek om deel te neem aan 'n seminaar oor "Ayurvedic healing" en ek is seker hy's nie op die swartlys nie.

Ná Donna se saamwoon-program het sy daarvoor vergoed met dié verdediging van homeopatie, hipnose, akupunktuur, chiropraktisyne, aromaterapie en "Ayurvedic healing". Praktiseerders van alopatiese medisyne was in die verlede sterk gekant teen "alternatiewe" medisyne, maar in die laaste paar jaar het homeopate geveg vir hul bestaansreg en deesdae leef die antagoniste min of meer in vrede.

Die voorsitter van die vereniging vir chiropraktiseerders, Gert van der Walt, het vertoë gerig aan die konvensionele dokters om hulle toe te laat om hand by te sit met die gesondheidskrisis. Omdat aanvullende medisyne toegespits is op voorkoming en die aktiewe deelname van die persoon in sy genesing, kan baie probleme uitgeskakel word nog voordat hulle begin.

Die ideaal sou wees om die kennis van Westerse diagnostieke metodes met oeroue kennis oor die liggaam se inherente vermoë tot self-genesing te kombineer. Al is die SA Mediese Vereniging dit nie goedgesind is nie, bied die Natal Technikon 'n vyf jaar lange meestersgraad in aanvullende medisyne aan.

### WILLIAM HURT-WEEK

Wie kon raai dat William Hurt sy loopbaan as 'n opsigter begin het. Vandeesweek kan ons Hurt se heel eerste prent en die een waarvoor hy 'n Oscar gewen het, sien. Hy speel in *Eyewitness* (Saterdagaand om 9.30nm op TV1) 'n opsigter (Daryll Deever) met twee obsessies: sy motorfiets en 'n televisie-joernalis. Hy gebruik die opnemer om Tony Sokolow (Sigourney Weaver) se laataandnuusprogram op te neem. Tony word deel van Daryll se werklikheid wanneer sy 'n moord ondersoek wat hy dalk kon aanskou het. Dis 'n aangrypende psigologiese riller waarin James Woods en Christopher Plummer ook rolle vertolk.

Donderdag om 9nm op M-Net word *Kiss of the Spiderwoman* gewys. Hierin speel Hurt 'n winkelvensterontwerper wat 'n Suid-Amerikaanse tronksel deel met 'n politieke aktivis (Raul Julia). Macho ontmoet moffie en albei verander in Manuel Puig se roman en Hector Babenco laat reg geskied daaraan. VW



**SPORTRUBRIEK**
**TINUS HORN**

# Naas sit sy goue skoen daarin

OM deur toeskouers met nartjies bestook te word, is vir Naas Botha geen nuwe ervaring nie. In Pretoria en Rovigo is hy 'n afgod. Op Ellispark, Boet Erasmus, Nuweland en King's Park, 'n teiken.

Vier jaar gelede was lede van die Nuwelandskare die sondaars in 'n insident wat byna identies was aan verlede Saterdag s'n in Port Elizabeth. Naas was destyds net so kwaad; in sy woede het hy nie eers die gooiers se velkleur opgemerk nie.

Destyds het 'n kollega die insident in 'n sportrubriek bespreek. Die opskrif het gelui "Success has made Naas a hated man".

Sy boodskap aan Naas was dat die toeskouers se optrede as 'n soort onbeholpe vleitaal beskou kon word en dat hy rede tot kommer sou hê wanneer hulle die dag ophou om na hom te mik wanneer hy pale toe aanlê. Niemand mors nartjies op 'n second-rater nie.

Dis waar. Teen die OP het Naas so goed gespeel as wat enigeen hom al ooit gesien speel het. Ons klomp "Naas-knockers" wat verlede jaar voorspel het dat sy loopbaan gou geskiedenis sou wees, moes ons woorde sluk. Dit sou g'n oordrywing wees om dié vertoning as briljant te beskryf nie.

Henry Honiball en Joel Stransky moet maar wag; daar is net een speler wat die nommer 10-trui in 'n Springbokspan kan dra.

En Noord-Transvaal se twee nederlae ten spyt, lyk hy skielik weer na die span wat jy moet klop as jy die Curriebeker wil wen.

Maar net toe 'n mens Naas al sy sondes wou vergewe, druk David van der Sandt 'n mikrofoon onder sy neus en vra hom uit oor die wedstryd.

Oor die rugby was Naas bra stil, maar oor die toeskouers kon hy eenvoudig nie uitgepraat raak nie.

"Dit was pateties," seg Naas. En hy was reg. Die skare op Boet Erasmus hoort in hokke, of ten minste agter ogiesdraad.

Maar soos met daardie dekselse skepskoppe van hom, oordoen hy dit toe so effe. "En wat 'n mens die hartseerste maak, is dat dit witmense was." Ahem. Ja. Reg gehoor.

Kmdt. John Cupido van die WP-Federasie sê Naas skuld swart en bruin toeskouers 'n verskoning, omdat hy baie duidelik geïmpliseer het dat 'n mens sulke vrot gedrag van hulle sou kan verwag. Dit sou nie naastenby so hartseer gewees het as 'n swart toeskouer met 'n nartjie na hom laat wiel het nie.

"Nee," sê Naas, "julle verstaan my verkeerd. Ek het bedoel hulle moenie weer soos altyd die skuld op swart of bruin toeskouers probeer pak nie."

Ja, Naas.

'n Mens kan maar net vir Naas se onthalwe hoop hy wend hom nie ná sy speeldae - soos 'n ander voormalige Springbokkaptein - tot die politiek nie.

Daar moet jy oortuigend kan lieg.

# 'n Droom-wedstryd op Roland Garros

**TIM SANDHAM**

Nou die aand droom ek ek's by die Franse Ope op Roland Garros. Dit was een van daardie drome wat so duidelik en vol detail is dat jy dink dis die werklikheid. Maar ek het geweet dat dit net 'n droom was omdat Vrye Weekblad my gestuur het.

Ek was besig om te kyk hoe die bebaarde neon-pers held, André Agassi, vir Boris Becker 'n kleibaan-tennisles gee.

Later het ek besef die droom was die gevolg van 'n skrikwekkende toneel wat hom vroeër daardie dag regtig op Roland Garros afgespeel het: Nadat Agassi vir Becker verniel het, klim hy oor die net en skud die verloorder se hand. So far so good.

Maar daar slaan hulle toe hul arms om mekaar en gee mekaar 'n drukkie. In 'n oomblik van onmiskenbare deernis laat sak Becker sy kop liefderyk teen Agassi s'n.

Dit was vir my 'n helse skok. Toegegee, in die sportsoorte waarvan ek normaalweg hou, sal jy soms jy arm om 'n teenstander se hals slaan - 'n breukdeel van 'n sekonde voordat jy sy neus met mening in die turf vryf. Om te wys jy, HOU VAN HOM, is onvergeeflik.

Wel, die skare het mal gegaan. Dit was beter as Paul Gascoigne se tranedal in die halfeindstryd van die die Wêreldbekersokkerreeks. Soap operas bly maar gewild.

In my droom gebeur alles net so - terwyl die TV-kameras op hulle in-zero. Maar nadat Bob Hewitt-hulle na Pieter in die ateljee teruggeskakel het, neem sake 'n nuwe wending.

Becker sê vir Agassi: "Ek weet jy't gewen, maar jy weet natuurlik ek het met 'n maagvirus gespeel." (Selfs in my droom het ek besef ek het vanjaar te veel onderhoude met Johan Fourie gevoer).

"Crap," lag Agassi "jou killer-game werk nie op klei nie en jy kan nie aanpas nie." Boris was natuurlik woedend. "Net om jou te wys dat ek nie net op krag staatmaak nie, daag ek jou uit tot 'n pot pluimbal."

Blitsig reël die skeidsregter en sy maats dat die net opgeskuif word en bring 'n pluim uit sy sak te voorskyn.

Die skare kan hulle geluk nie glo nie, hulle skuif af en kom staan om die nuwe baan. Ek ook. Ek buk af en bevestig wat ek nog altyd vermoed het - dis nie regtig klei nie, maar net gerolde grond. Dit verhinder my nie om 'n bietjie daarvan in 'n vuurhoudjieboksie te sit om later vir my ma te wys nie.

Becker speel skitterend. So geslepe soos die beste Oosterse beoefenaars van pluimbal is hy. Sy liggaam sweef soos 'n wafferse vlinder op daai twee fris bene agter die pluimpie aan. Hy maak Agassi gek van frustrasie. Nie net met briljante spel nie, maar ook met goedgekose skelwoordjies soos "Sauerkraut", "Bratwurst" en "Eisbein". Uiteindelik gee Agassi bes.

"Ek's werklik beïndruk, Boris," lieg hy gekrenk, "maar nou daag ek jou tot 'n spoorsny-kompetisie."

"Nee, man, selfs die blindste lynregter kan 'n spoor op 'n kleibaan vat. Ek wed jou eerder ek kan jou onder die tafel insuip."

"Great," se Agassi "jy't nie 'n kans nie. Maar ek ken 'n lekker plek waar daar kwaai Franse cherries uithang."

Agassi se afrigter - probeer 'n stokkie hiervoor steek. "Andre, wat van jou voorbereiding vir Sondag se eindstryd. Jy't afsprake met 'n sportsielkundige, sportsosioloog en sportfilosoof. Om nie eers te praat van die outjie wat jou hare moet doen en klere moet uitsoek nie."

"Ag piss off, Nick, my eer is op die spel. Grand Slam-titels is nie alles nie."

Daar gaan ons toe. Agassi - Andre, vir die van ons wat al van die begin van die droom saam is - neem ons na een van daardie klein Paryse kafeetjies waar toeriste selde uitkom. Die plekkie word bedryf deur 'n ou Fransman, sy Algerynse vrou en sestien beeldskone dogters.

Daar is slegs drie tafeltjies - by die een sit Stefan Edberg en Michael Chang gewikkel in 'n armdruk-kompetisie, by die ander sit Guy Forget, Alberto Mancini en 'n paar ander vroeë verloorders en kaart speel. Andre, Boris, ek en die res van die hoofbaanskare neem pos by die derde tafeltjie. Boris - die verloorder - koop die eerste rondte drankies. Die kompetisie begin.

Ek kan nou nie meer onthou wie gewen het nie, maar Andre was reg: daar was volop kwaai cherries, of is dit nou cheries. Hulle drom om my saam toe hulle hoor ek is 'n rapporteur des Weequeblad du Liberte, streel oor my hare en fluister liefdeswoordjies soos "Bouillabaisse" en "Croissant" soos net 'n Franse meisie kan. Een stop selfs 'n donasie in my sak.

Dis donkerpers in die Ooste toe ek die kroegie verlaat, en net daar skrik ek wakker.

Laas Sondag kyk ek toe tuis op TV na die eindstryd wat Agassi nie kon verloor nie. Wat het toe verkeerd geloop? Ek kan nie met sekerheid sê nie. Maar iewers in my agterkop laat iets my vermoed hy moes dalk ná sy oorwinning in die halfeindronde sy eer teen Boris verdedig.

## DIE WEEK SE TV-SPORT

WELCOME Ncita se wêreld-titelgeveg in San Antonio, Texas; die Amerikaanse Ope gholftoernooi en twee belangrike Curriebeker-rugbywedstryde is die hoogtepunte van die naweek se TV-sport.

M-Net wys Saterdagaand om 20:30 die groot boks. Ncita, wat in sy vorige geveg bitter gelukkig was om sy veergewigtitel van die Internasionale Boksfederasie teen Sugar Baby Rojas te behou, boks dié keer teen Hurley Snead. Nog 'n titelgeveg, dié tussen

Boksliefhebbers kan Saterdagoggend (04:00) ook op die betaalkanaal inskakel vir 'n internasionale toernooi, wat twee wêreld-titelgevegte insluit.

Die laaste vier ure van die Amerikaanse Ope word Sondagaand regstreeks op M-NET uitgesaai. Daar sal ook vanaand en môreaand oorskakelings wees.

Die rugby beloof baie opwinding. Natal mag die Curriebeker-kampioen wees, en Transvaal die voorloper op vanjaar se puntelys, maar alle aandag sal Saterdag op Loftus wees, waar die Noorde die WP pak. Dié wedstryd word om 3:30 regstreeks op TV1 uitgesaai. M-Net saai die wedstryd tussen Transvaal en Natal uit.

### DIE WEEK SE VOLLEDIGE PROGRAMME IS:

**SAUK:**

Vrydag, 14 Junie, 18:30 - Gillette World Sports Special.

Saterdag, 15 Junie TV1, 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne; Tennis: ATP-reeks; Gholf: Sharp se winterreeks en die Europese toernooireeks; Rugby: Noord-Transvaal teen WP op Loftus Versfeld.

Sondag, 16 Junie: TV1, 12:00: Junior Sport (heruitsending); TSS (tye sal aangekondig word) - Motorsport: Formule 1-Grand Prix vanaf Mexiko.

Maandag, 17 Junie: TV1, 21:00 - Rugby: Spervuur saam met Zandberg Jansen.

Dinsdag 18 Junie tot Donderdag 20 Junie: sal aangekondig word.

**M-NET:**

Vrydag, 14 Junie: 18:30 - The World of National Panasonic. Laataand: Gholf: Die Amerikaanse Ope op die Hazeltine-baan in Chasko, Minnesota.

Saterdag, 15 Junie: 04:00 Internasionale boks vanaf Sacremento. 15:00 Motorsport News; Gholf: Amerikaanse PGA-reeks; Rugby: Transvaal teen Natal in Durban. 20:30 - Boks: Internasionale toernooi wat Welcome Ncita se IBF-titelgeveg teen Hurley Snead insluit.

Laataand: Gholf: Die Amerikaanse Ope op die Hazeltine-baan in Chasko, Minnesota.

Krieket: eerste toets tussen Engeland en Wes-Indiese Eilande.

Sondag, 9 Junie: 14:00 - The World of National Panasonic. 15:00 Tennis: Die ATP-toernooireeks. 10:40 - Gholf: Die Amerikaanse Ope op die Hazeltine-baan in Chasko, Minnesota.

Dinsdag, 11 Junie: - 21:00: Fietsry: die "Milk Race".

# Is Seve **nog** super?

**Severiano Ballesteros** is in die vroeë jare tagtig as "die volmaakte gholfspeler" beskryf. Ken Bowden, Amerika se voorste gholfkenner, het op 'n keer gesê Seve slaan 'n gholfbal met meer beheer as enige van sy tydgenote - én sy voorgangers. Hoe is dit dan dat hy die laaste ses jaar net een "major" kon wen? Was sy agtereenvolgende seges in verlede maand se Britse PGA en Britse Meesters dalk die begin van 'n nuwe sukses-siklus? Kan sy talent vir sy temperament vergoed? **TERRY KIRK** soek 'n paar antwoorde... en meen die Amerikaanse Ope, wat Sondag op Hazeltine in Minnesota klaarmaak, sal die ander verskaf



ONDANKS die skitterende vorm wat Severiano Ballesteros verlede maand by die Britse PGA en Britse Meesters ten toon gestel het, sou dit onrealisties wees om te verwag dat hy die Amerikaanse Ope vanjaar vir die eerste keer wen.

"Super Seve", die man wat tien jaar gelede as die natuurlike opvolger vir Jack Nicklaus as die koning van die gholfbaan gesien is, het sedertdien nie werklik sy plek op die troon verdien nie.

Hy was die laaste sewe jaar byna sonder uitsondering onder die voorste geldwenners in Europa. Maar in die toernooie wat werklik tel - die vier grotes - was sy vertonings teleurstellend.

Die Amerikaanse Ope het vir hom geword wat Wimbledon vir die tennisster Ivan Lendl is; die een toernooi wat hy bitter graag wil wen - en oënskynlik nie kan nie. Hy het deur die jare te kenne gegee dat die Ope nie werklik sy styl pas nie. Veral omdat dié toernooi nie deel is van die PGA-reeks nie. Dit word deur die Amerikaanse amateurliggaam gereël en hulle doen dinge nie altyd na Seve se smaak nie.

"Dis nie dat ek nie van die Ope hou nie. Dis net dat dit my geduld tot die uiterste beproef," het hy een jaar ná nog 'n mislukking gesê.

Die miljoene wat Seve al op die baan verdien het ten spyt, kan hy straks as gholf se onderpresteerder van die eeu bestempel word. Hy is goed. Deksels goed. Maar hy kon die allerbeste gewees het. Kyk net wat sê sy mede-spelers van hom:

Lee Trevino: "Hy kan dinge met 'n gholfstok uitrig waarvan niemand voorheen kon droom nie, wat nog te sê probeer!"

Curtis Strange: "Hy beskik oor 'n uitsonderlike kombinasie van talent en durf. Daar is dalk spelers met meer talent en spelers met meer durf, maar niemand met soveel van albei soos hy nie."

Ben Crenshaw: "Hy's meer verbeeldingryk op die baan as enigiemand anders in die geskiedenis van gholf; die volmaakte speler. Hy's nooit in die moeilikheid nie. Hy speel sy pad uit enige situasie."

Paul Azinger: "Hy's die beste. Niemand anders kom naby nie."

Waarom dan nie meer "majors" nie? En wat het van die bestendigheid van die vroeë jare tagtig geword?

In enige ander sportsoort sou 'n mens dalk kon raai dat die ouderdom besig was om Seve in te haal, maar op die gholfbaan speel vader tyd 'n bra onbenullige rol. Op 34 behoort Ballesteros eintlik nou in die fleur van sy loopbaan te wees. Wêreldgholf word tradisioneel deur die thirtysomethings oorheers. So het Ben Hogan byvoorbeeld al nege sy "grotes" na sy dertigste verjaardag gewen en Jack Nicklaus nege van sy 20.

Seve se grootste vyand was nog altyd sy Latynse temperament. Hy word deur sy emosies regeer en wanneer hy die dag regtig wil wen, is hy onkeerbeer. Mike Tyson sou straks 'n ding of twee met Seve se vegtersinstink kon doen. Maar wanneer Seve nie in die regte bui is nie, lyk hy verbasend baie soos die omie langsaan wat laasweek begin gholf speel het omdat hy gehoor het dis goed vir die bloeddruk.

Gholf is beslis nie goed vir Seve se bloeddruk nie. Toe sy broer, Vicente, nog sy joggie was, het hulle om die beurt op mekaar geskreeu en mekaar hartlik omhels. Boonop was sy persoonlike lewe ook bra onstuimig. Dit het jare se bittere twis gekos voordat hy sy geliefde, Carmen Botin, se ma kon oortuig dat die seun van 'n Spaanse kleinboer goed genoeg was vir die dogter van 'n Spaanse aristokraat.

(Die feit dat hy 'n beroemde sportman was, het stellig net aanhaar bewys dat daar iets met sy genetiese samestelling skort!)

Twee jaar of wat gelede is hulle toe uiteindelik getroud en vandag is Seve pa van 'n seun. Sy vriende sê hy is nou baie kalmer as vroeër. Ons sal maar moet sien.

Hoewel Nick Faldo en Ian Woosnam die laaste twee jaar meer welslae as Ballesteros behaal het en die jong Jose Maria Olazabal ook 'n ereplek in die kalklig losgespeel het, is Ballesteros steeds die onbetwiste gunsteling van gholfliefhebbers in Europa.

Hy word beskou as die speler wat Amerika se greep op die vier groot toernooie - Die Amerikaanse PGA, Meesters en Ope, en die Britse Ope - verbreek het, deurdat hy vier titels tussen 1979 en 1984 ingepalm het. In 1988 het hy weer die Britse Ope gewen.

Seve self sê: "Toe ek sien hoe wen Sandy Lyle en Nick Faldo die Britse Ope, en Bernard Langer en Faldo die Meesters, het ek 'n bietjie krediet aan myself toegeëien. "Ek dink ek was die speler wat bewys het ons kan ook die grotes wen. Ek het beslis iets vir Europese spelers se selfvertroue beteken."

Seve self het aanvanklik 'n oormaat selfvertroue gehad. Hy het geglo hy dat hy enigeen, enige tyd, op enige baan kon klop.

Twee insidente in die dekade tagtig het hom oortuig hy's net mens en g'n gholfmasjien nie. Dit was slegte nuus.

In 1986 was die Meesters al so te sê in die sakkie toe hy die balletjie op die vyftiende met 'n vrot 4-ysterhou in die water skep. "Dit was 'n kwessie van jare voordat ek weer 4-yster-houe met vertroue kon speel."

Die jaar daarna by dieselfde toernooi was dit weer sy setstok wat hom lelik in die steek gelaat het. Hy het op die eerste uitspeelputjie ná 'n gelykopstryd gedrieset om sy kanse te verspeel. Heel voorspelbaar was sy setwerk lank daarna nog nie wat dit moes wees nie.

Die laaste jaar of wat is kenners ook nie meer so seker of sy swaai werklik so doeltreffend is as wat hulle eers gemeen het nie. Nee, "die beste gholfswaai ter wêreld" was nie meer goed genoeg nie.

Seve self het redes vir 'n groot ineensinking gesoek en sy swaai die skuld vir alles gegee.

Agt jaar gelede sou dit ondenkbaar gewees het dat hy by die beroemde afrigter, David Leadbetter, om hulp aanklop, maar vanjaar het dit gebeur.

En Seve is glo in sy noppies met sy vordering sedert hy 'n paar klein verstellings gedoen het. By verlede maand se Britse PGA en Meesters het dit beslis nie gelyk asof daar iets met sy swaai - of enigiets anders in sy mondering - verkeerd was nie.

Hy het soos die beste speler ter wêreld gelyk. Net die tyd sal leer hoe betroubaar dié indruk was.

# SCAT

## SOCIAL CHANGE ASSISTANCE TRUST

Independent donor organisation which supports community organisations requires a

PROJECT SECRETARY
The project secretary is responisible for liaising with organisations supported by the trust and assisting them where necessary.

Applicants should:
* have a valid drivers licence
* be prepared to travel extensively
* preferably have a good command of Afrikaans and/or Xhosa as well as English
* be sensitive to community issues

A negotiable salary plus medical aid and retirement contribution. A car is available for travelling.

Applications should include a curriculum vitae and the names of two referees. Please submit to: SCAT, 10a Kloofnek Rd, Tamboerskloof, Cape Town, 8001, by 8 July 1991.

# PROJECT RESEARCH OFFICER

The Science Education Project, an independant, non-profit organisation providing nationwide in-service support to junior secondary science teachers, seeks to appoint a project research officer. SEP operates regionally through a cadre of full-time implementers who provide short course and classroom support to school teachers, enabling them to implement the SEP approach

SEP has recently embarked on a major expansion programme which necessitates the above appointment to assist in the research area. The project research officer is the first appointment to a research group which will conduct research on the implementation of SEP as well as related areas of science education. The position will be based at SEP National Office, Johannesburg, and will require some travel and fieldwork in South Africa.

The position involves: collaborative designation of research areas; design of research instruments and selection of methods; conduct of research both by quantitive and qualitative means; feedback of research outcomes into the organisation, the better to inform praxis; assisting SEP staff in carrying out research at classroom level.

Qualifications:

* college graduate in science education or relevant area of social science, preferably with a masters degree and experience of fieldwork
* a track-record of successful research in education in developing countries would be an advantage
* candidates should submit a detailed curriculum vitae with the names of three contactable referees

Further information may be obtained from the SEP Deputy Director on (011) 716-3820. A salary commensurate with experience will be offered.
It is hoped to make an appointment for September 1st.

Applications should be submitted by June 30th

# *Vrye*Weekblad

Ja, ek wil graag op *Vrye Weekblad* inteken, ek sluit hiermee my tjek/poswissel in vir:

R110 (12 maande)
R60 (6 maande)
(AVB en aflewering of posgeld ingesluit)

Naam:...........................................................................................

Adres.............................................................................................

.......................................................Kode....................................

Pos asb aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113

# HUMAN RESOURCES SUPPORT OFFICER

The Science Education Project, an independant, non-profit organisation providing nationwide in-service support to junior secondary science teachers, seeks to appoint a Human Resources Support Officer. SEP operates regionally through a cadre of full-time implementers who provide short course and classroom support to school teachers, enabling them to implement the SEP approach

SEP has recently embarked on a major expansion programme which necessitates the above appointment to assist in the area of staff support. It is expected that SEP will establish in-house staff development programmes as well as utilising programmes offered by other educational institutions. The Officer would require educational, communication and management skills and ability to deal with a range of personnel issues typical of the n.g.o. environment. The position will be based at SEP National Office, Johannesburg, and will require some travel within South Africa.

The position involves: staff development/training; liaison with educational institutions; staff appraisal; staff appointment procedures; staff management; promoting the public image of SEP; liaison with donors to SEP; attending to in-house communications.

Qualifications:

* degree in education or relevant social science area or diploma in personnel management
* experience in adult education or staff development
* publish relations experience
* communications skills (desktop publishing/journalism)

Candidates who meet at least three of the above criteria (including the first) are invited to apply.
Candidates should submit a detailed curriculum vitae with the names of three contactable referees

Further information concerning SEP may be obtained from the Deputy Director on (011) 716-3820. A salary commensurate with experience will be offered.

Applications should be submitted by 30 June 1991

**OM IN KEURVAKATURES TE ADVERTEER, SKAKEL JOYCE DUBE OF LOUWRINS POTGIETER BY (011) 836-2151**

# Die man van staaltjies

## *deur* NEIL TUCHTEN

Hy het dit vertel bloot vir die vermaak van ander. So het hy geglo. Toe hy begin insien hoe die klem verskuif van die karakters na die verteller, het hy die staaltjie ontleed en sy eie persoonlikheid daarvan weggesny. Curios, strange, extraordinary was die byvoeglike naamwoorde wat hy bygedra het tot die bespreking wat altyd gevolg het.

Dit was net een van 'n reeks netjiese verhaaltjies wat hy versamel het, altyd vir die vermaak van ander. Elkeen deel van 'n tegniek in sy professionele arsenaal; werktuie bestem om, waar doenlik, uitgehaal en gebruik te word. Dié deel van die werk het hom bevredig. Dit was nie lonend nie en die tydverspilling was enorm. As hy bespiegel het oor hierdie kategorie waaroms, sou hy waarskynlik besluit het dat hy dit onderneem omdat dit hom uit sy laboratorium onttrek en die spanning verskaf van verhoudings met die nie-dood. Maar metafisika was nie sy vak nie en sy eie drange, begeertes en vrese 'n gebied wat hy liewer maar vermy het.

Gewoonlik moes hierdie soort lykskouing op kort kennisgewing geskied. Dit was vir hom aanvaarbaar. Die familie van die lyk, die bitplayers wat tydens die tweede toneel die verhoog volgestaan het en hom geïrriteer het met hulle overacting, het hy ook liewer maar vermy en wanneer 'n rit van etlike ure geverg is om die liggaam te ondersoek, het hy verkies om die rit met die familie se verteenwoordigers of die polisie te deel.

Van sy repertoire het hy gebruik gemaak om die ongemaklike stiltes tydens sulke reise te onderbreek. Daar was ander verhale wat hy voorgedra het by die hof, byvoorbeeld tydens die verdagings veroorsaak deur die - soos hy dit in sekere gekeurde geselskappe beskryf het - onuitputbare onbeholpenheid van die geregtelike proses en dié wat dit na bewering reguleer.

Hy was nie welsprekend in Afrikaans nie alhoewel dit eens sy moedertaal was en hy moes hard werk aan hierdie sin voor hy daarmee tevrede was.

Die kind se naam was John William Hartley, maar as daar ooit enige teken van Angel-Saksiese besmetting in sy genepoel was, is dié lankal verswelg deur die oorgeërfde karaktertrekke van hordes Wes-Transvaalse bywoners. Hy was 'n boerseun. Een van sewe kinders, ses voet lank, ietwat oorgewig, hare die kleur van 'n gruispad gesien deur 'n vuil ruit. As hy geleef het, sou hy vet geword het, soos Pa, en sy negentienjarige gesig het al klaar tekens gedra van gebrekkige tandversorging en misnoeë, so kenmerkend van sy sosiale stand.

Pa was die agricultural equivalent van 'n lapsed catholic, het hy later vertel. Dit was so lank terug dat Pa gewerk het dat niemand meer seker was van die feite nie. Op een stadium was daar die lap grond met die windpomp, die trekker wat elke nou en dan geloop het, die paar morge droëlandmielies, die krale (bees- en kaffer-). Daarna het Pa bestuurder geword van verskeie klein sake - wat gewoonlik beteken het dat Pa die trok bestuur het wat die stuk of tien arbeiders van een job na die ander vervoer het. Die nuwe bedeling het egter vir Pa ingehaal voor die oue, wat Pa betref, 'n kans gehad het om op dreef te kom.

Maar John William Hartley en sy ses siblings, in hulle ellendige huurhuisie op hulle ellendige dorpie, sou boerseuns en -dogters bly tot hulle sterwensdae.

John William het natuurlik polisieman geword. Soos 'n sonneblom natuurlik son soek. Soos 'n aasvoël natuurlik aas soek. In een sin was John William natuurlik daarvoor geteel, want wat is die polisieman se werk? Is dit nie om sy swart landgenoot se wel en weë, sy kom en gaan, sy werk en nagrus te reguleer, beheer, beïnvloed nie? Om volkome letterlik sy lewe en sy dood te manipuleer nie? En was John William nie die kulminasie, die manifestasie in hierdie tyd en op hierdie plek van geslag op geslag se eksperimentering nie? Die eindproduk van 'n proefneming wat sonder land, sonder aansien, sonder die vaagste benul wat sy ellende bewerkstellig het en bowenal sonder 'n tradisie van liefhê om op terug te val, trots en openlik, o god so openlik kon verklaar: "Meneer, jy ken nie die kaffer soos ons hom ken nie. Hy's 'n skelm ding, meneer."

Dié deel van die storie is nooit so kras voorgedra nie. Gewoonlik is dit heeltemal weggelaat. Waar dit paslik was om op hierdie tema uit te wei, het die raconteur hom deur sydelingse verwysings van sy taak gekwyt.

Die geskiedenis en ander middelpuntsoekende kragte het John William mettertyd polisiekollege toe gestuur, waarna hy gepos is na M (of was dit B?) op die grens tussen die Republiek en Botswana. Daar sou hy ondervinding opdoen in smokkelary (in al sy verskyningsvorms soos vee-, dagga-, porn- en baTswana-) en floreer.

Maar helaas nie. Die personeel het ses beslaan, die Sersant, John William, 'n swart sersant en drie swart konstabels. Beide sersante is bevorder op grond van lang en getroue diens eerder as welslae in eksamens. Dit was nie dat enigiemand behalwe die Sersant vir John William aangesê het wat om te doen nie - so-iets was nog ondenkbaar. Dit was nie dat hy nie vir húlle kon rondjaag nie - dit het binne die Sersant se taakbeskrywing geval.

Die probleem was meer subtiel maar so inheems soos tekkies. Dit het iets te doen met menseverhoudings. Ek besef ek het nie woorde vir wat ons almal elke dag ervaar, vir wat so ingeweef is in ons verwysingstelsel dat die afwesigheid daarvan ons koud en bedreig laat voel nie. Dit het te doen met 'n swart Suid-Afrikaner in die teenwoordigheid van wittes, die spanning (of afwesigheid daarvan) in sy lyf en gesig, sy gebare, sy stemtoon, in 'n woord sy demeanour. Die stil klein stemmetjie wat nòg die vuur nòg die wind is, die ding wat vir ons en vir hom vertel: ek is baas en jy is klaas.

En dit, in John William se geval en idioom, was missing. Die onmisbare, onmiskenbare, onontbeerlike dit wat vir jou sertifiseer nadat alles van jou weggestroop is: jy is een van dié wat saak maak.

Die gevolg was dat hy die swart personeel in woordewisselings betrek het. Dié het uitgeloop op beroepe van sy kant op sy blankheid en smalende opmerkings (in Afrikaans, in sy teenwoordigheid) van hulle kant. Daarna het hy begin bots met die gereg, verpersoonlik deur die Sersant. Daarop weer het gevolg klagtes onder die Polisieregulasies, 'n omvattende katalogus beuselagtighede opgestel vir die bekamping van daardie gevreesde siekte: weerspannigheid.

So, op 'n dag in Augustus, word John William op sy bed gekry, in sy frokkie en onderbroek, dienspistool in sy regterhand en 'n aaklige wond in sy kop. Geen selfmoordbriefie nie - 'n feit wat die Sersant nie verbaas het nie, gesien die gehalte van John William se amptelike verslae en verklarings.

Die polisie is doeltreffend as hulle werklik wil en binne twee dae is verklarings geneem, 'n lykskouing uitgevoer deur die distriksgeneesheer (deeltyds) en John William op sy tuisdorpie in die teenwoordigheid van Pa, etlike broers en een suster begrawe.

Aan Pa, John William se naasbestaande, is beteken die gebruiklike briefie wat hom uitgenooi het om die nadoodse ondersoek na die dood van John William by te woon en daaraan deel te neem.

Sulke verrigtinge vat langer op sulke klein dorpies. Die landdros het minder werk en sy funksies behels in 'n mate nog die seremoniële. Plattelandse gemeenskappe kuier lekker onder die mite van stil broers daar gaan 'n man verby. Die ding is plegtig afgehandel en na die bevinding van selfmoord het die distriksgeneesheer (deeltyds) die moeite gedoen om sy verslag met Pa deur te lees en, 'n dag later, sy afskrif van Gordon en Shapiro se *Forensic Pathology* aan hom te leen.

Pa het gaan *dink*. Aangespoor deur wat? Pa moes hom leer ken as *die oorledene*. Pa moes leer dat die oorledene nie meer 'n mens was nie - maar nog nie 'n 'n nie, steeds 'n samestelling leidrade daar waar hy in sy koue kis sy godgegewe taak van ontbinding volbring. Wat bestaan het op vorm Gesondheid Een voltooi die distriksgeneesheer (deeltyds) in sy doktershandskrif. Wat geleef het in die gedagtes van Pa wat uur na uur die hoge Engels van Gordon en Shapiro probeer verstaan en die distriksgeneesheer (deeltyds) lastig val, eers met vrae en later met hipoteses oor die oorsaak van die dood.

Die relevante feite is eenvoudig:

a) Die oorledene is regs.

b) Die oorledene se dienspistool word in sy regterhand gevind.

c) Daar is 'n groot wond aan die regterkant van die kop.

d) Daar is 'n klein wond aan die linkerkant van die kop.

Pa leer toe uit Gordon en Shapiro dat die ingangswond klein moet wees en die uitgangswond groot. Pa kyk na die verslag op die vorm Gesondheid Een en sien die groot wond aan die regterkant en die klein wond aan die linkerkant van die kop. Die distriksgeneesheer is in 'n helse verleentheid en ontwyk, in chronologiese volgorde:

a) Pa se vrae en

b) Pa.

Pa se nuutgevonde redeneervermoëns lei hom tot die volgende (op die oog af onomstootlike) gevolgtrekkings:

a) Die oorledene is in die linkerkant van sy kop geskiet.

b) Die oorledene het dus nie selfmoord gepleeg nie.

c) Die oorledene is dus vermoor, deur die kaffers.

Onthou: Pa het nog nie klaar geleer nie.

Pa is na die koerante en die prokureurs. Die prokureurs bekom deskundige bystand en 'n opgrawingsbevel. Só gaan die storie: "Ek ry toe uit na die dorpie vir die opgrawing. Pa, die Sersant, die distriksgeneesheer (deeltyds), die pers, die hele dorp is daar.

"Die kis is reeds sigbaar. Op my bevel word dit uit die graf gehys. Hulle maak die kis daar oop. Dit stink. Die liggaam wemel van die maaiers. Die skare krimp tot die distriksgeneesheer (deeltyds), die Sersant en Pa. Ons ry saam na die lykshuis. Ek weet al klaar wat gebeur het.

"Die lyk word op die ondersoektafel afgelaai. Ek kyk na die kop. My indruk word bevestig. Die oorledene het sy pistool teen die regterkant van sy kop gedruk voor hy gevuur het. Die gasse van die ontploffende patroon veroorsaak uitgebreide skade aan die vel en sagte weefsel van die skedel. Die ingangswond deur die skedelbeen is egter klein en rond. Die linkerkant van die skedel is versplinter, maar die energie van die koeël het in so 'n mate verlore gegaan in die botsing met die skedel dat die sagte weefsel aan die linkerkant van die skedel minimaal geskend is; daarom die klein sigbare uitgangswond.

"Ek verduidelik dit ook só aan Pa. Die Sersant en die distriksgeneesheer (deeltyds) besluit om te loop. Pa bly agter. Hy staar net na die liggaam. Ek wil toetse uitvoer op die skedel. Pa help om die liggaam te skuif.

"Ons tel die liggaam op. Die kop breek van die nek af en val op die vloer. Dit rol onder 'n tafel. Ek wil klaar maak. Dis net die kop wat ek nodig het. Ek tel dit op en beweeg na die ondersoekkamer langsaan.

"Ek hoor Pa op my hakke. Ek sit die kop neer en draai om. Pa se hand is na my uitgestrek:

"'Dokter, hier's Jannie se kakebeen, dokter.'"

Die hersiene uitgawe van die staaltjie eindig net daar. Die reaksie van die gehoor is altyd aanvaarbaar. Maar, alhoewel hy deesdae nooit die verhaal voltooi nie, sien die patologiese dokter in sy mind's eye nie die ontbindende lyk met die doodstank om hom, nie die kakebeen met die stukkies vel wat nog daaraan kleef nie. Hy sien net Pa wat verby Gordon en Shapiro (3de uitgawe), vorm Gesondheid Een en al die ander gedenktekens van die dood gestyg het. Pa wat wéét dat hy 'n roeping het. Dat hy op die aarde is om hier *bruikbaar* te wees, dat dit 'n Pa se taak is om sy kind te omhels en te beskerm al die dae van sy lewe.

*(Dié verhaal, onder die skuilnaam JC Philpot, het in Stet 2:4, September 1984, verskyn)*

VRYE WEEKBLAD PLAAS ELKE TWEEDE WEEK 'N KORTVERHAAL. VERKIESLIK ONGEPUBLISEERDE KORTVERHALE IN AFRIKAANS OF ENGELS, NIE LANGER NIE AS 1 200 WOORDE, KAN GESTUUR WORD AAN: VRYE WEEKBLAD FIKSIE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE REDAKSIE SAL BESLUIT WATTER VERHALE GEPLAAS MOET WORD EN GEEN KORRESPONDENSIE SAL OOR DIÉ KEUSE GEVOER WORD NIE. SKRYWERS ONTVANG R250 VIR 'N VERHAAL/VERHALE WAT GEPUBLISEER WORD.

# Die gaping tussen materie en nie-materie

**QUANTUM HEALING**: Exploring the Frontiers of Mind/Body Medicine
Deur Dr Deepak Chopra
Bantam Books, R34,99

**ANDREA VINASSA**

OM ure lank te filosofeer oor die bestaan al dan nie van God het my nog altyd as heeltemal sinneloos opgeval. Christene se meerderwaardige vaskleef aan geloof - God bestaan omdat die Bybel so sê - lyk vir my maar dwaas. Die gedagte van die Bybel se emosionele, irrasionele patriarg wat 'n macho-trip op die wêreld uithaal, is teenstrydig met die geordende heelal wat hy kwansuis sou geskep het. Ook nie die Oosterse mistici en hul gebabbel oor God as die eenheid van die heelal het my ook dwars in die krop gesteek.

Ek is 'n rasionele wese en ek het die onmoontlike gesoek: waterdigte wetenskaplike bewyse.

My kollega Johan Bruwer het nou die dag geskryf oor die ooreenkomste tussen Genesis se skeppingsbeeld en wetenskaplikes se siening van hoe die heelal ontstaan het. Hierin het hy uitgebrei op die kwantum-teorie van lig en getoon dat godsdiens en die wetenskap al hoe nader aan mekaar beweeg. Die kwantum-teorie dra heelwat by tot die wetenskaplike bewys van die bestaan van God.

Vooruitgang op die gebied van die molekulêre biologie gee die deurslag. Die Amerikaanse endokrinoloog (klierdokter) dr Deepak Chopra se doel met Quantum Healing: Exploring the Frontiers of Mind/Body Medicine is om te sorg dat nuwe bevindinge in selbiologie prakties toegepas word. Hy het egter so vyf jaar gelede 'n reis na sy geboorteland, Indië, onderneem waar die oeroue "Ayurvedic medicine" herleef het. Daar het hy ontdek dat die kennis wat selbioloë onlangs in groot deurbrake opgedoen het, sy voorvaders reeds 5 000 gelede geweet het. Ayurveda, wat so 100 gelede uitgesterf het, is 'n kombinasie van twee woorde in Sanskrit (die oudste taal) en beteken letterlik "wetenskap van die lewe".

Chopra noem talle gevalle van ooreenkomste tussen Oosterse gewoontes en hoogs gesofistikeerde Westerse wetenskaplike teorieë. Einstein het die laaste dertig jaar van sy lewe gewy aan sy "unified field theory" waarin hy wou bewys dat daar 'n natuurvlak is waar ruimte, tyd, energie en materie saamsmelt. Yoga is gegrond op die idee van 'n "unified field". Rishi's, Indië se mees gerespekteerde sieners of profete, is die kennisdraers van Ayurveda. Veda is nie sonder objektiewe kennis nie, maar die rishis het gemeen dat objektiwiteit nie die betroubaarste manier is om kennis op te doen nie, veral omdat daar dieper as die oppervlak ondersoek ingestel moet word. Die rishi's was ook meer gretig as enige kwantum-fisikus vir regstreekse ervarings.

Chopra se insiggewende vertolkings van die werking van die DNA-molekule (die geheue vir alle genetiese inligting) het hom gelei na 'n punt waar hy die rishi's se verduideliking bo die bioloë s'n moes kies. As die sel se proteïne die sel se ritmes reguleer, wat reguleer die proteïne? Bioloë verkies 'n materialistiese verklaring, maar Chopra sê daar is 'n inherente "intelligensie" wat die heelal reguleer. "That is where we really live, and the miracle of DNA is that it can turn so many totally abstract messages into life itself."

Chopra se argumente is uiters opwekkend en moeilik om op te som. Hulle moet self ervaar word. Sy doel is nie om te bewys of God bestaan nie, maar om praktiese raad te gee. Volgens dié stelsel is siekte bloot 'n waanbeeld, want as die liggaam intelligent genoeg is om lewe te skep, is die liggaam daartoe in staat om te genees.

'n Siekte soos kanker is "a holistic disease requiring holistic medicine. The word holistic, which tends to offend orthodox doctors, simply means an approach that includes the mind and body together. I believe Ayurveda does this better than any alternative, although it may not be very apparent on the surface. In fact, many well-publicised mind-body techniques such as hypnosis and biofeedback are far more flashy than Ayurveda."

Die geheim van Ayurveda lê in die omskepping van nie-materiële gedagtes in materiële objekte (in dié geval die molekules van die liggaam). Hy noem die geheimsinnige "gap" tussen materie en niematerie (ofte wel tussen siel en liggaam): die rishi's het dit die vierde dimensie genoem. Volgens hulle is siekte en gesondheid in dié dimensie gesetel. En die sleutel is meditasie. Hierdie oeroue stelsel gee mens, volgens Chopra, toegang tot 'n ruim anderkant dié wat deur middel van die sintuie waarneembaar is.

Diegene wat, soos ek, gedink het meditasie is Oosterse mumbo-jumbo of hippie-twak sal twee keer dink. Ná Chopra se imposante inspanning van Westerse wetenskap en die kwantum-teorie om die voordele van meditasie te verduidelik, kan 'n mens nie meer skepties wees nie.

"At the quantum level, matter and energy come into being out of something that is neither matter nor energy. Physicists sometimes refer to this primordial state as a 'singularity', an abstract construct that is not limited in time and space but is a compression of all the expanded dimensions of the universe. In the Big Bang, the whole universe jumped out of singularity - so it is theorised - which we can think of by analogy as a point smaller than the smallest thing in existence. Yet, that stupendous event of creation happens on another level every time you think the word rose.

"There is no piece of matter existing in a definite space that holds this word for you - it springs into existence from a region that simply knows how to organise matter and intelligence, mind and form."

Elke gedagte is 'n nuwe skeppingsproses. Mindblowing, nè?

Quantum Healing wys presies hoe ver verwyder ons van onsself is en hoe sinloos "georganiseerde" godsdiens is. Ja, alles is 'n gejaag na wind...

*"If my mother was still alive I don't think I would have written this kind of script. I wrote the film in the aftermath of her assassination. She died in 1982 and only after that did I start to write the story.*

*"We had a very intense and volatile relationship, like all mothers and daughters, which was compounded by the politics. We were beginning to talk about the past in the years before her death. The feelings were still there and she was not.*

*"This is not a film about my parents. They tried to protect us from politics. We never really had many political discussions in my family. I know of the children of activists who have rebelled against their parents and who have gone in the opposite direction, but I didn't and my sisters didn't."*

- Shawn Slovo, shortly after the world première of A World Apart at the Cannes Film Festival, 1988.

# 'I am not a very brave man'

## Ruth First se boeiende verslag van die




## 117 dae wat sy in eensame aanhouding deurgebring het. Dit was tot onlangs toe nog deur die Raad op Publikasies as *'ongewens'* beskou. 117 Days het as begeestering gedien vir haar dogter Shawn Slovo se rolprent A World Apart, wat vandag in Suid-Afrika begin draai. Só het First haar ervaring in die tronk beskryf:

If you could only see the searches now, they get more and more serious like the F.B.I. looking for atomic secrets. Partly the reason is that they know there is a pen somewhere and they suspect B. or me; partly it is that this has become a personal matter in which the warder seems to think his standing is at stake if he does not succeed in tracking it down.

I am unable to think of the torments the children must be having at school. Other kids can be such monsters over things they do not understand...

My nerves are still pretty jumpy but much better than the awful period of sixty/seventy days when I really thought I would not be able to see this through. Ten days ago, especially at breakfast time, I used to sit on my stool so utterly broken and beaten that it took me all my strength to get myself to stand up and face another day.

I feel easier, less tense... but sleep less, wake earlier and pace the floor more and more. Most days I am up and pacing half an hour or more before the 5.30 bell and lights go on. And today, for instance, have been pacing almost all day except for time at writing. But still, relatively slow, controlled pacing, not the frenzied speed-gathering pacing of my worst days... I know I am pretty close to the end of my nervous tether. I am at my worst at breakfast and a few hours thereafter, then pick up during the day. The prospect is really bleak - unless I am charged, which is what I hope for. Just to be able to talk to people!

The prospect of another ninety days fills me with such awful depression and fear that I cannot bear to contemplate it.

Am very fluttery internally, for no special reason, and feel as though I am as old as Father Time, and shaky as a leaf...

It is hell, not just the aloneness and solitude of tedium, but the devilish neurotic fears, anxieties, and tensions that can work up with only one's mind for company and nothing to move it to think except one's own troubles. You can't imagine what this does to you. You become not just the centre but the whole of your universe, your own fate, your own future. Nothing you do or say can possibly affect the life of anyone else, or so it seems.

What little courage I have gradually erodes in loneliness with no one near to sustain me.

Nothing has given me worse torment than the fear that something will happen to you or that you may be dragged into this nightmare situation. This tortures me almost to distraction. On days when I expect you I age a year with every hour that passes. I keep telling myself this is madness as it is, but reasoning does not help against unreasonable fear. I am not a very brave man, and it is the fear of imagination rather than the real threats that I am not fit to stand.

This life is having its effect. I find that with many technical problems, for example inventing, my mind is so completely empty of all else that it operates with what seems to me magical clarity. (Is this itself a sign of madness?) But on questions which involve value judgements, emotional assessments, I am hopelessly out of control. I no longer really trust my judgement as distinct from my thinking...

Does Esmé know that Dennis is in chains? Both ankles joined by a long clanging chain, day and night, which is standard treatment for escapees. I think the day he was brought back here I nearly wept. This is really the saddest sight I have seen, really the saddest sight ever...

# Coming back through a narrow door

Popular wisdom decrees that children and, in South Africa, are seen and not heard. **A World Apart** tells the story of the friendship between two of the disempowered. **ANDREA VINASSA** spoke to *Linda Mvusi* who plays Elsie, the traditional servant in the Roth's middle-class Johannesburg household.



CELEBRATED black filmmaker Spike Lee dismissed *A World Apart*, on its release in America, as yet "another film about South Africa told from a white perspective". Shawn Slovo says that Lee's refusal to sanction the film did it a lot of damage.

Can one assume a measure of gender blindness on the part of America's most aggressive filmmaker, since the character of the family maid, Elsie, plays an at least as important role in the life of Molly as does her activist mother.

In fact, part of Slovo's objective was to portray the role of black women as surrogate mothers to so many white children. Significantly, even in an "enlightened" household the class consciousness holds sway.

And it was not only Lee who inadvertently trivialised the character played by Linda Mvusi: Slovo tells the story of the Zimbabwean father of an extra on A World Apart who, on watching Mvusi play a scene, said: "You know, you could have got my maid to play that part. I said, 'Actually she's an architect.' That sort of sums it up."

Mvusi, who shared Cannes's 1988 Best Actress Award with Barbara Hershey and Jodhi May, has been in exile since 1960. She spent a pivotal 15 months in South Africa during Steve Biko's rise to fame and in 1976. She lived "all over Africa - except North Africa - Europe and North America." She speaks in amazement about "coming out of exile" and the first time she went to a "gas station" and a petrol attendant spoke to her in a language she knew. "It's at funny times like that when you find your home."

I hazard a question guaranteed to arouse a reaction and I am not disappointed. Roles for black women are few and far between, and when they are cast it is generally in the role of servants. Does the role of Elsie not reinforce the stereotype of the black woman in a working class context?

"In the context of this particular film, or in the context of any film in this country, I don't understand the question, for that is a feature of apartheid. Films written without that kind of reality would be far worse. It would be false, like all these funny advertisements. First of all, that is probably the condition of most women in South Africa and most working class women in South Africa, who are mostly black, so it was a wonderful entree to explore this condition of being a woman in this situation and a political activist in a South Africa of the 1960's.

"What did you expect? For her to be an executive? It was a chance to portray that life, and it was hard creating that reality, but in an honest way where the perspective was a people's perspective and the role could be developed in an integral way with dignity. That is the case even with the Albie role. And I tend to think that as roles they stand up.

"Let's get a handle on the stereotypes in the industry. Ever since Elsie when an outfit rolls into town (Harare) I get offered the role of a maid."

Slovo interjects: "It's not Linda who should be asked that question, but the writers and producers. Why aren't you writing the roles other than the roles for maids and maids and maids?"

In real life Mvusi is an executive. In October she launched a film company in Zimbabwe with two other South Africans which will serve the southern African region in the field of production as well as distribution.

And Mvusi might have her revenge on Spike Lee yet. Negotiations for the distribution rights to Lee's films have been set in motion. He has stringently adhered to the cultural boycott.

"We have two scripts in the pipeline. We have done a documentary and are involved in the pilots for televisions news magazine programmes." Mvusi presented and produced a segment for the revamped *South Africa Now*.

The daughter of a lecturer in fine arts, Mvusi is an architect by profession and has worked everywhere from Chicago to Sweden. "It's a fairly typical exile condition. I can't imagine being in one place for all my life."

Returning has been very painful and trips to the squatter camps have convinced Mvusi that poverty here is much worse than in many parts of the Third World. "Apartheid has smothered it in a blanket of ignorance. There's a paucity of ideas about what to do and things are still racially tainted.

"What was really depressing is the attitude towards exiles - I will say it has been fomented because I can't understand where it comes from. I don't know if it's the media, but exiles have been seen as a problem. It's really schizophrenic. We have had a wealth of experience. Then you come through a very narrow door and there is this enmity. South Africa is much more divided than I expected and divided in very petty ways one could not have conceived of given that we are all fighting against apartheid. I can't come to grips with this idea that there is competition.

"After the shock I felt that I couldn't work here. I did not feel I had the personal infrastructure to sit and be creative. I still feel I have to have a leg in Zimbabwe. When I go back to Zimbabwe my head clears. This is a very difficult society to function in."

# Slovo's political coming of age



More than three years after its release internationally **A World Apart** is now on the mainstream circuit in South Africa. First its writer, Shawn Slovo, and producer, Sarah Radclyffe of Working Title Films, kept it off the screens. Then the Publications Appeal Board banned it outright.

**ANDREA VINASSA** trys to discover the cause of the paranoia.

IT is almost impossible to view *A World Apart* as merely another film and not as part of your own personal history. A myriad subjective emotions will probably always crowd the critical faculties when assessing a film about South Africa and its political ills.

It is certainly the best film of its kind (if one compares it to *Cry Freedom* and *A Dry White Season*). A thinly veiled autobiographical account of the relationship between Ruth First and her daughter Shawn Slovo, *A World Apart* provides a veracious reflection of the machinations of white South African society.

In writing, sensibility and in execution *A World Apart* is a distinctly British and unashamedly liberal film, focusing as it does on the minutiae of daily life to generate a picture of the inner life of the characters - and what a celebration of middle-class liberal values it is.

It is disconcerting that the story of Ruth First or an activist based on Ruth First, whose politics were anything but liberal, should be contained in so liberal a film. But then, as we are reminded, this is not the story of the radical life and radical death of a veteran SACP member...

Rather than fire away with the epoch-making events of the time - the Rivonia Trial and the Sharpeville Massacre - or even major political injustices, *A World Apart* chooses an entirely personal and therefore universal angle. It portrays the delicate relationship between an activist and her 13-year-old daughter who must vie with the struggle for her mother's attention - her overprotectiveness merely alienated her from her children.

Although the narrative is often flimsy - on the other hand, we should be grateful for being spared the high jinks of Richard Attenborough's *Cry Freedom* - Slovo displays a keen ear for character and favours subtlety above all else.

The chronicle of Molly's political coming of age is sensitively observed and never self-indulgent. Often petulant and frustrated, Molly experiences the huge political events of the day as hindrances in her communication with her mother, but when she suspects that she is being patronised, is quick to contradict the notion that she is too young to understand.

When her mother is detained under the 90 Day Detention Act, Molly turns to Elsie, the family servant, for comfort and gets much more. Elsie introduces her to the world her mother saught to prevent her from entering.

The film is not without its ironic humour: 50s parties in white suburbia have got to be some of the funniest events of recent history.

Curiously, Spike Lee's complaint that the film focused on the plight of a middle-class white child was not shared by the black members of the première audience when I spoke to them after the screening. They were all in agreement that a black child would not have suffered the same ostracism, humiliation and rejection. There is a huge extended family to attend to most of the needs of "struggle orphans". Perhaps Lee was disturbed that most of the men in the film were villains (security policemen) and the others provided him with no male hero with which to identify.

# Daar ís 'n lewe vir die *kunslied*



**HENNING VILJOEN** skryf oor nuwe klassieke laserskyfopnames

TE oordeel aan die uitstekende aantal nuwe liederopnames wat die laaste jaar uitgereik is, blyk dit asof daar 'n nuwe bloeityd vir dié musikale "kleinkuns" aangebreek het. Daar is dus inderdaad 'n lewe vir die kunslied ná Dietrich Fischer-Dieskau en Elizabeth Schwarzkopf.

Een van die pragopnames, wat ook die "Grammaphone"-prys vir die vokale plaatopname vir 1990 gewen het, is Peter Schreier en Andras Schiff se opname van Schubert se "Schwanengesang" en ander lieder (DECCA 425 612-2). Dié lieder word meestal deur die laer manstemme vertolk, waardeur die morbiede ondertone van die lieder geaksentueer word. Daarenteen bring 'n liriese tenoorstem soos dié van Peter Schreier 'n verhelderende nuwe perspektief in die lieder na vore. Sonder Fischer-Dieskau se oordrewe teksdekonstruksie ontgin Schreier elke lied as 'n kosbare kleinood. In teenstelling met Schreier se vorige opname van die lieder, het sy stem 'n voller rykheid bygekry en sy vertolking gesteun deur die briljante begeleiding van Andras Schiff het óók gewen aan emosionele diepte. Schreier en Schiff rus 'n mens met nuwe musikale ore toe vir hierdie Schubertlieder. Dié opname is beslis 'n uitsonderlike baken onder liederopnames.

Nog 'n nuwe Schubertopname wat my oneindige plesier verskaf het en nuwe dimensies in die siklus vir my oopgemaak het, is Brigitte Fassbaender se opname van "Winterreise" (EMI CDC 7 49846). Dis 'n siklus wat normaalweg eksklusief vir manstemme gereserveer word. Christa Ludwig, met James Levine as begeleier, was egter die eerste vrou om die manlike domein met sukses te betree. In vergelyking met Ludwig, wat 'n musikaal verantwoorde vertolking lewer, laat Fassbaender haarself bepaalde vryhede toe waarmee sy elke lied dramaties tot op die been oopsny met haar ryk geskakeerde vertolkings. Vir sommige puriste kan sy dalk die grense van die lied as oorwegend liriese kunsvorm oorskry deur ietwat na die operamatige oor te hel. Vir my is dit 'n verbysterende vertolking wat my op 'n nuwe ontdekkingsreis geneem het.

Nadat Gundula Janowitz verlede jaar van die operaverhoog afskeid geneem het, tree sy nog op in liederuitvoerings. Daar het verlede jaar 'n nuwe opname van Schubertlieder verskyn (NUOVA ERA 6860) - die uitvloeisel van so 'n konsertoptrede in Italië. Vir dié wat wat nog haar Schubertkonsert met Pieter de Villiers as begeleier in die Staatsteater en Roodepoort kan onthou, sal dié nuwe opname wonderlike herinneringe optower want dit sluit die meeste van die lieder van die konsert in. Janowitz het haar as 'n uitmuntende Schubertvertolker gevestig met haar opname vir Deutsche Grammophon van al die sogenaamde vroue-lieder van Schubert met Irwin Gage as begeleier - hopelik word dié opname binnekort op laserskyf uitgereik! In die nuwe opname het haar stem iets van die soepelheid ingeboet, maar daarenteen het dit nou aan warmte in die laer register gewen, sonder om enige van die unieke instrumentale Janowitzklank in te boet.

Hoewel Charles Spencer, die begeleier, vinnig besig is om een van die gesogste begeleiers in Europa te word, het 'n vergelyking met 'n roofopname van Janowitz se Roodepoortkonsert my laat besef wat 'n groot begeleier ons in Suid-Afrika in Pieter de Villiers het. Met 'n ongedwongenheid laat De Villiers die musiek uit die klavier vloei, terwyl Spencer geneig is om die musiek te stoot, waardeur die ritmiese struktuur soms die musikale lyn versteur.

Thomas Hampson en Anne Sofie von Otter is twee nuwe liedersterre op die horison wat albei met prag-liederopnames na vore gekom het. Thomas Hampson, die jong Amerikaanse bariton, se opname van Robert Schumann se Kerner en Andersenlieder (TELDEC 2292-44935-2) vul my met dieselfde musikale opwinding as Schreier se opname van "Schwanengesang". Hampson beskik oor 'n nobele stem, wat vir my mooier is as dié van Fischer-Dieskau of Prey, terwyl hy as vertolker reeds op dié jong leeftyd op gelyke voet met die twee deurwinterde sangers kan meeding. Hoewel die twaalf Kernerlieder nie streng gesproke aanspraak op 'n siklus kan maak nie, is dit nietemin onbegryplik waarom dit as 'n groep nie ewe bekend is as "Dichterliebe" nie.

Met haar opname van Brahmslieder is Anne Sofie von Otter (DEUTSCHE GRAMMOPHON 429 727-2), die jong Sweedse mezzosopraan, nou vinnig besig om haar plek onder die voorste liedersangers los te sing. Sy wend haar ryk stem met groot verbeeldingskrag aan om bekende lieder soos die "Zigeunerlieder", "Von ewiger Liebe", "Meine Liebe ist grün" en "Die Mainacht" 'n nuwe varsheid te gee. Bengt Forsberg beskik nie net oor die klaviervernuf wat Brahms vereis nie, maar ky kompleteer von Otter se musikale aamvoeling om van elke lied 'n besondere belewenis te maak. Dit is een van daardie liederplate wat ondanks die omvang te gou tot 'n einde kom.


*dié week by die*

**MARK-TEATER**

UPSTAIRS BY DIE MARK

STRUTS AND FRETS

*Starring Fiona Ramsay, Kate Edwards & Tony Bentel*

*Directed by Vanessa Cooke*

Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

Theatre for Africa bied aan

**GATHERING OF THE BEASTS**

Nuwe musiekspel

deur Nicholas Ellenbogen en Neil Solomon

"Brilliant..." - Evening Post

Met Michael Atkinson, Natalia de Rocha, Seputla Sebogodi en Kurt Egelhof

Ma - Vr 8nm, Sa 6nm & 9nm

MARK-GALERYE

Mark-versameling

**KIPPIES BY DIE MARK**

RHYTHM METHOD

Tuesdays to Sundays

Admission: Tues - Thurs R 10.00

Fri - Sun R 12.00

DIE LAAGER

SOLI PHILANDER se TAKE TWO

Regie deur Andrew Buckland

Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

VLOOIMARK

*Oop van 9vm tot 4nm*

TELEFOON 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm

Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.


# 'n Lieflike *grynslag*

**TEATER**: OTHER PEOPLE'S MONEY
Deur Jerry Sterner
Met Sean Taylor, Jennifer Steyn, David Clatworthy, John Hussey en Vera Blacker.
Regie: Clare Stopford
Theatre on the Bay, Kampsbaai

**ARNOLD BLUMER**

AS jy wil weet hoe dit voel om verlief te raak op die dodelike grynslag van 'n mensvreterhaai, gaan na Pieter Toerien se teater in Kampsbaai. Daar sit hy in sy kantoor en weeg 'n ton, sê hy. Hy vreet net doughnuts, suip whiskey soos water met sy pinkie gekunsteld weggesprei van die glas, rook drie pakkies sigarette 'n dag en hy lag so 'n diep gutturale lag vol brutale selfversekerheid. Ten spyte van sy lywigheid flits hy soos 'n geoliede blits op sy kantoorstoel van sy rekenaar wat hom vertel hoeveel aandele hy nou al het na sy lessenaar waar die doughnuts gebêre word. Hy's egosentries verby en hou net van een ding - geld.

Sy naam is Lawrence Garfinkle (Sean Taylor) en ek sweer hy het uit een van Ayn Rand se romans ontsnap. Taylor speel die rol so verbluffend goed dat jy aan die einde van die aand heilig oortuig is dat alles - maar werklik alles, liefde en geloof inkluis - gekoop kan word.

Garfinkle se teenstander is die firma "New England Wire & Cable", waarvan hy die aandele so vinnig opkoop dat die beurs op Wall Street behoorlik sing. Dié firma se uitgediende filosofie van menslikheid teenoor sy werknemers word deur Garfinkle met 'n allamintige hoonlag van die tafel afgevee. Totdat die prokureur Kate Sullivan (Jennifer Steyn) se hulp ingeroep word. Uiteindelik kom Garfinkle iemand teë wat teen hom opgewasse is.

Maar die stryd eindig voorspelbaar: Kate word sy vennoot en later sy vrou, die firma verdwyn stilletjies in die niet. Dis hier waar die krake in die teks wys. Hoekom twee uur lank 'n yslike stryd op tou sit oor iets wat in elk geval voorspelbaar is?

As die firma se baas, Andrew Jorgenson (John Hussey), 'n verhoogteenwoordigheid gehad het wat minstens so sterk soos Taylor s'n was, dan sou dié kraak miskien toegesmeer kon gewees het. Maar Hussey se temerige geneul al op een stemtoon oor sy firma se sake maak hom van die begin af 'n verloorder.

Wat van iemand soos Michael McCabe in die rol? Sou baie meer vonke nie dan gespat het nie? Ook die vertellerfiguur, William Coles (David Clatworthy), vertoon ongewoon vaal en ek weet nie of dit die teks of die regie se skuld is nie. Die enigste een wat werlik lewe toon in die firma se kamp is Jennifer Steyn as die prokureur wat met vernuf en sluheid verbete vir die firma se oorlewing baklei.

Het die regie 'n bietjie gesny aan die geredekawel oor hoe die beurs werk, sou die spanning nog verhoog kon word. Maar met dié rolbesetting is dit eintlik Sean Taylor se one-man-show waarmee hierdie witdood-haai op 'n dolle vaart diepsee toe peil omdat die lyn gebreek het wat hom wal toe sou trek.

# Van *Groenewald tot* Genet



Die Kafka-tentoonstelling by die Grahamstad-fees beloof om een van die hoogtepunte te wees. Die fotograaf Jan Parik se foto's van Praag bevat ook dokumentêre stof oor die skrywer en beeld die landskap waarin hy geleef het, uit.

AS jy van die Afrikaanse drama hou, kan jy uitsien na die randfees (27 Junie tot 6 Julie) in Grahamstad waar 'n oorvloed nuwe en opspraakwekkende teaterstukke aangebied word.

Sukovs bied vanjaar twee vollengte-dramas aan, *Diensmeisies* en *Kloue*, asook 'n stuk vir kinders getitel Rooikappetjie wat om die beurt in Afrikaans en Engels opgevoer word.

*Diensmeisies* is Wim Vorster se weergawe van Jean Genet se *Les Bonnes*. Dit is die eerste keer dat Genet se stuk in Afrikaans op die planke gebring word. Al die rolle word deur mans vertolk volgens Genet se voorskrif. Vorster meen dat die lofuitinge, frustrasies, drome, seksuele fantasieë en vryheidsdrange van Genet se diensmeisies 'n sterker boerse klank verkry, omdat onderdrukker en onderdrukte mekaar in Engels aanspreek en slegsê.

Ernst Eloff vertolk die hoofrol - die vreemdste en sielkundig mees versteurde rol van sy loopbaan. Die ander karakters word vertolk deur Christo Compion en Hendrik Baird.

Saam dring die drie deur tot in die donkerste uithoeke van die onbewuste in 'n drama oor rou menslike emosies en die drang na vrye uitdrukking.

*Kloue* is 'n nuwe aanbieding van die dramaturge André van Deventer en Carin Crous. Dit speel in die Tweede Wêreldoorlog in 'n konsentrasiekamp af. Die psigopatologie van 'n tweeslagtige sadis word ondersoek en sy verhoudings met ondergeskiktes word ontbloot. Louw Verwey vertolk die hoofrol, terwyl Pieter Brand en Isadora Verwey die ondergeskiktes is. Volgens Gerben Kamper, die regisseur, handel die stuk oor die mens se stryd met die Opperwese, godsdiens, rassisme, sosio-politiese bestaan en teenstrydige seksuele voorkeure. Die kinderstuk *Rooikappetjie* is 'n musiekervaring vir die kleinspan wat deur marionette opgevoer word.

*Tintinyane*, 'n Afrika-sprokie oor 'n jong meisie wat soos 'n voëltjie sing, sal ook byval by kinders vind. Dit is geskryf deur Corlia Fourie in medewerking met Petro Visser.

'n Kragtige sielkundige riller, *Die Wildeman*, word deur Lizinda Schrapeler aangebied. Dié stuk van Jan Groenewald is tien jaar gelede die eerste keer opgevoer en het verlede jaar by 'n plaaslike toneelfees vier pryse gewen.

Dit handel oor 'n wilde man wat in 'n hok aangehou moet word sodat hy kan leer om weer mens te word. Die gehokte man veroorsaak 'n verwarring in die terapeut se psige en krap sy verhouding met sy vrou om. Dat die mens inherent dierlik is, is die vertrekpunt van die stuk.

*Oogies die comrade* handel oor die skepping van 'n nuwe Suid-Afrika en is geskryf deur Oscar Swanepoel, 'n onderwyser van Port Elizabeth. Die hoofkarakter is 'n gemeenskapswerker wat probeer om sy mense op te hef. Sommige ondersteun hom, terwyl ander weier. Hy word uit jaloesie vermoor deur 'n paar wat nie sy strewe verstaan nie. Daphne Pieterse sê dis 'n oproep en uitdaging aan mense om betrokke te raak.

Dario Fo se *Mistero Bufo* is deur Herman Pretorius verwerk. Musiek, mimiek en die gesproke woord word gebruik om die wêreld van Dario Fo nuut te maak. Chris Truter en Antoinette Pienaar het die regie behartig.

**(Besprekingsvorms is beskikbaar by die 1820 Stigting, Posbus 304, Grahamstad 6140. Navrae: tel [0461] 27-115)**

## *Shakespeare* steeds kosjer

VERLEDE jaar het die teenwoordigheid van Barbara Masekela, destydse hoof van die ANC se Departement van Kuns en Kultuur, by die Grahamstad-fees groot opskudding veroorsaak. Vanjaar kraai geen haan ná die bydrae van Wally Serote (die persmededeling noem hom die ANC se kultuurindoena) tot die Winterskool nie.

En raai wat is die onderwerp van die lesingreeks? "'n Dieptewaardering van Shakespeare as bron van begeestering en aansporing vir kunstenaars." Dis 'n verligting dat Oom Will nog kosjer is. Soos Tim Huisamen, die voorsitter van die Winterskool, dit stel: "Shakespeare is nog al die jare 'n onuitputlike bron vir skeppende geeste."

Frank Kermode, ere-fellow van Cambridge Universiteit se King's College, lewer die sleuteltoespraak: "Shakespeare and Verdi's librettists". Hy is 'n voorste letterkundige en kritikus, en het klas gegee by Harvard.

Ralph Lawson van Kruik (die regisseur van *The Merry Wives of Windsor*) en die operaregisseur Angelo Gabbato gesels oor die vertolking van Shakespeare se werke vir die verhoog.

Shakespeare het herhaaldelik van Afrika-beeldspraak gebruik gemaak: professor Malvern van Wyk Smith, hoof van die departement van Engels aan die Rhodes-Universiteit, bied 'n lesing oor die Elizabethaanse siening van Afrika aan, terwyl Walter Chakela van Bophuthatswana se Uitvoerende Kunsteraad die onderwerp uit die teenoorgestelde oogpunt benader in "Shakespeare and me, the African."

Die "nuwe Suid-Afrika" is 'n belangrike fokuspunt van die fees. Daarom, sê Huisamen, word bydraes oor die eietydse digkuns ingesluit: "As 'n mens dieper insig in 'n land wil kry, moet jy sy gedigte lees."

Serote is in sy hoedanigheid as digter genooi om deel te neem. Hy bied 'n lesing oor sy siening van poësieskryf aan. Hy deel Andries Oliphant, die oud-redakteur van Staffrider, gesels ook oor digkuns in die "nuwe Suid-Afrika", terwyl Albie Sachs die begrip van 'n "vryheidscharter vir kunstenaars" bespreek. Johann de Lange, die wenner van verlede jaar se Rapport-boek-van-die-jaar-prys, lees voor uit sy werk en bespreek die "rol van homoseksuele digters en hul digkuns in die 90s".

Verder lees die digters Wilma Stockenström, Chris Mann, Rob Berold, Rosa Keet, Don MacLennan, Lucas Malan, Etienne van Heerden en Jenny Roberts hulle werk voor. VWB



Andries Oliphant gesels oor die digkuns

## A bowl of *jazz*

A jazz night in Sun City's Superbowl? Are there really all that many jazz fans?

Yes there are, says Monk Goocin, spokesperson for the Jazz Foundation which, with Ipuma and Sun International, is presenting the country's finest jazz musicians in a single concert called "One Night's Journey Through Jazz" at Sun City on July 13.

"Gone are the days when jazz was associated with a vanishing coterie of elderly fans," says Monk. "There is a world reawakening to jazz".

The multi-talented concert will feature some of South Africa's greatest jazz standards such as Dollar Brand's *Mannenburg*, Ntoli Ntoli, and a medly arrangement conducted by Victor Ntoni which will pay tribute to South Africa's jazz composers.

'sing a variety of styles - including blues, ragtime, swing, fusion and -jazz - the swinging tribute will celebrate the soul of jazz. It will explore the various forms of this musical expression, from its spiritual origins through its changing moods and styles, culminating in the unique South African sound of Afro-jazz.

Ernest Mothle is the arranger and director and artists include jazz music tutor Darius Brubeck, Wingston Mankunku Ngozi, Stompie Manana and Duke Makasi. Vocals will be provided by swinging jazz star Abigail Kubeka.

Sun International Entertainment director Hazel Feldman says: "This is the right time and the Bowl is the right venue to provide a platform for our greatest musicians in the best tradition of big-band, big-sound productions.

"The core of the appeal of jazz is that it combines intellectual content with physical energy to serve as a bridge between generations, classes and cultures."

Brubeck will play the piano, with Mothle and Ntoni on bass. Thomas Dyani will play percussion and Johnny Fourie will be on guitar.

In the saxophone section, the jazzmen are Duke Makasi, Ngozi, Chris Merz and Sean Bergin. The trombone section features John Davies, Jasper Cook, Mfaniseni Thusi and Baba Mbatha.

PITSO TSHUKUDU

VWB

OM 'N ADVERTENSIE IN HIERDIE KOLOMME TE PLAAS, BEL VIR PEPPY OF CATHY (011) 836-2151, FAKS (011) 838-5901, OF SKRYF AAN KLEINADVERTENSIES, POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE SPERTYD VIR KLEINADVERTENSIES IS 5 NM OP DIE DINSDAG VOOR PUBLIKASIE.

TARIEF: R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN


**NU METRO THEATRES**

**NOW SHOWING: 14-20 JUNE**
**BOOK AT COMPUTICKET**

**NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**ONCE AROUND** — Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**FILOFAX** — James Belushi, Charles Grodin (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WHITE PALACE** — James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23/5871 Parking at Jack Mincer**

**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**KINDERGARTEN COP** — Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WILD ORCHID** — Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**HENRY AND JUNE** — Fred Ward, Uma Thurman (2-21) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
**WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL** — Winona Ryder, Jeff Daniels (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**ONCE AROUND** — Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362**

**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**LEBA KLERKSDORP (018) 24564**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WAITING FOR THE LIGHT** — Shirley Maclaine, Teri Garr (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**VAAL VEREENIGING (016) 21-1339**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266**

400 **DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) MON-FRI: 7.00, 9.00. SAT: 5.00, 7.00, 9.00
150 **COUPE DE VILLE** — Patrick Dempsey, Alan Arkin (2-14) MON-FRI: 7.00, 9.00. SAT: 5.00, 7.00, 9.00

**NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WAITING FOR THE LIGHT** — Shirley Maclaine, Teri Garr (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**ONCE AROUND** — Richard Dreyfuss, Holly Hunter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WHITE PALACE** — James Spader Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL** — Winona Ryder, Jeff Daniels (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WAITING FOR THE LIGHT** — Shirley Maclaine, Teri Garr (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WHITE PALACE** — James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL** — Winona Ryder, Jeff Daniels (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO RANDBURG 787-0340**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**7 ARTS NORWOOD 483-1680**

**GOING PLACES** — Gerard Depardieu (2-19) MON-THURS: 12.30, 2.30, 5.45, 8.00 FRI-SAT. 12.00, 2.15, 5.30, 7.45, 10.00

**NU WORLD CENTRE 1-8 494-3001 BARAGWANATH ROAD**
**ALL ADMISSIONS R4,00**
PLEASE NOTE NEW SCREENING TIMES MON-THURS: 2.30, 5.15, 7.45 FRI-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16)
**ONCE AROUND** — Richard Dreyfuss, Holly Hunte(2-14)
**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16)
**CHILD'S PLAY** — Chris Sarandon, Catherine Hicks (2-18)
**KINDERGARTEN COP** — Arnold Schwarzenegger (PG 2-8)
**LAST EXIT TO BROOKLYN** — Stephen Lang, Jennifer Jason Leigh (2-19)
**MISSISSIPPI BURNING** — Gene Hackman (2-19)
**LAMBADA - THE FORBIDDEN DANCE** — Laura Herring (2-10 PG)

**MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553**
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUN: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00

**KINDERGARTEN COP** — Arnold Schwarzenegger (PG 2-8)
**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16)
**BETSY'S WEDDING** — Molly Ringwald, Alan Alda (2-12)
**GREEN CARD** — Gerald Depardieu, Andie MacDowell (A)

**CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830**
NOW SHOWING: Meryl Streep, Shirley MacLaine **POSTCARDS FROM THE EDGE**



**NU METRO THEATRES PRETORIA**

**Now Showing 14-20 June**
**BOOK AT COMPUTICKET**

**NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682**

**DESPERATE HOURS** — Suspense Thriller (2-16) Anthony Hopkins, Mickey Rourke DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867**

**PERFECT WEAPON** — Action (2-10) Jeff Speakman, Mako DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096**

**White Palace** — A Sexy Comedy Drama (2-18) James Spader, Susan Sarandon DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**Waiting For The Light** — A Heart-warming Comedy (A) Shirley MacLaine, Teri Garr DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568**

**NUNS ON THE RUN** — Comedy (A) Eric Idle, Robbie Coltrane DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**DESPERATE HOURS** — Suspense Thriller (2-16) Anthony Hopkins, Mickey Rourke DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**Green Card** — Award-Winning Romantic Comedy (A) Gerard Depardieu, Andie MacDowell DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**Waiting For The Light** — A Heart-warming Comedy (A) Shirley MacLaine, Teri Garr DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**Once Around** — Comedy Drama (2-14) Richard Dreyfuss, Holly Hunter DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Action (2-10) Jeff Speakman, Mako DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**Filofax** — Comedy (A) James Belushi, Charles Grodin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266**

400 **DESPERATE HOURS** — Suspense Thriller (2-16) Anthony Hopkins, Mickey Rourke MON-FRI: 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00
150 **Coupe De Ville** — Comedy/Drama (2-14) Patrick Dempsey, Alan Arkin MON-FRI: 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

**NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767**

**Green Card** — Award-Winning Romantic Comedy (A) Gerard Depardieu, Andie MacDowell DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**DESPERATE HOURS** — Suspense Thriller (2-16) Anthony Hopkins, Mickey Rourke DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**Q & A** — Explosive Crime Thriller (2-19) Nick Nolte, Timothy Hutton DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15


Onafhanklike rolprentteaters

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915:
Vandag en môre: The unbearable lightness of being
Sondag: No middle road to freedom en The struggle from within. Gratis vertonings ter herinnering van 16 Junie.
Dinsdag tot Donderdag: Fellini se Satyricon
Vertonings om 3nm, 6nm en 9nm.
SEVEN ARTS: Grantlaan, Norwood. (011) 483-1680: Going Places
Vertonings om 12nm, 2nm, 6nm en 8nm. Vrydae en Saterdae om 12nm, 2nm, 4nm, 6nm, 8nm en 10nm.
CINE CORLETT: Bramley, (011) 786-0324.
Cine 1: Avalon
Cine 2: Bonfire of the Vanities
Maandae tot Vrydae: 8nm
Saterdae: 2.30nm, 6nm en 9nm.

KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68. (021) 245-927
'n Keur van rolprente - onder meer Last Exit to Brooklyn, Goodfellas, Venetian Woman en Heart of the Stag. Bel gerus, hulle is vriendelike mense.


**NU METRO THEATRES**

**NOW SHOWING: 14-20 JUNE**
**BOOK AT COMPUTICKET**
**(EXCEPT MITCHELL'S PLAIN)**

**NU METRO CLAREMONT 1-6 THE ATRIUM 683-1123**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WHITE PALACE** — James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**FILOFAX** — James Belushi, Charles Grodin (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951**

**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**FILOFAX** — James Belushi, Charles Grodin (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585**

**A WORLD APART** — Barbara Hershey, Jodhi May (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569**

**WARM SUMMER RAIN** — Kelly Lynch, Barry Tubb (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040**

**GHOST** — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) PLUS **PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00
**SIBLING RIVALRY** — Kirstie Alley, Carrie Fisher (2-14) PLUS **HUDSON HAWK** — Bruce Willis, Danny Aiello (2-16) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00

**NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 782-2404**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100**

**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WHITE PALACE** — James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**STARNET 1-7 N1 CITY GOODWOOD 595-1820**

**PERFECT WEAPON** — Jeff Speakman, Mako (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**WHITE PALACE** — James Spader, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**NUNS ON THE RUN** — Eric Idle, Robbie Coltrane (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**KINDERGARTEN COP** — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30 (PG 2-8)
**CLASS ACTION** — DAILY: 5.15, 7.45, 10.00 (2-10 PG)
**DESPERATE HOURS** — Anthony Hopkins, Mickey Rourke (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
**HENRY AND JUNE** — Fred Ward, Uma Thurman (2-21) DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
**DANCES WITH WOLVES** — Kevin Costner (2-12) DAILY: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30


### DIENSTE

Proeflees, Vertaling, Redigering - Skakel (012) 343-9370 (naure)

**CITY COLLEGE**
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
- Computer courses
- Secretarial courses
- English
- Enrolments accepted throughout the year
- Accommodation available
- Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

**DRESSMAKING & DESIGN**
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

**TIK- EN VERTAALWERK**
Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**
Vir gratis en onafhanklike advies oor enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

**POWA**
(People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteunings- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

**VISUAL ART COURSES**
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

### GEBEURE

THE 40 WATT CLUB
Africa's first Cyberpunk club, the 40 Watt Club (cnr Twist & De Villiers), open every Wed, Fri, Sat night. Doors open at approximately 10pm. PS: The club is also available on Sun, Mon, Tues for New Music bands who need a venue for jamming - contact Simon for details.

### MARK

**PHAMBILI BOOKS:**
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00


**STET STET STET**
**STEEK IN DIE WIELE BY BLOEDRIVIER!**
**STET (6:4) HET 'N (HELE) RUKKIE GELEDE VERSKYN.**
**STUUR 'N TJEK OF POSORDER VAN R6 AAN:**

**STET, POSBUS 39400, BRAMLEY 2081**



**Kashgar**

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68,
The Firs, Rosebank.
Tel: (011) 880-3566

STER-KINEKOR
14 JUNIE – 20 JUNIE
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM

# ROLPRENTE

LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE

PRETORIA
COMPUTICKET
NAVRAE (012) 322-7460

## SENTRAAL

### KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2/3

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING.

**MIAMI BLUES** (2-19)
MET ALEC BALDWIN EN FRED WARD.

**THE PERFECT WEAPON** (2-10)
'N AKSIE-BELAAIDE RILLER.

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)
'N EROTIESE RILLER MET DON JOHNSON.

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**STATE OF GRACE** (2-18)

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**ROBIN HOOD** (A)
**CLASS ACTION** (VV2-10)
**WHITE PALACE** (2-18)
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
28 June – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)

ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE
NA 4 NM MAAN-VRY, SAT, HELE DAG

### CINE CARLTON 1-5 331-2332

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA.

**NUNS ON THE RUN** (A)
'N PRET-BELAAIDE LAGWEKKENDE KOMEDIE!

**FILOFAX** (A)
**JACOB'S LADDER** (2-18)
Sat 15 Jun. 10.00, 12.15, 2.30 nm
**DUCKTALES – THE MOVIE** (A)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**HENRY & JUNE** (2-21)
ID moet getoon word by die teater

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – QUIGLEY DOWN UNDER (VV2-10)

ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

### KINE HILLBROW 1-3 725-3134/725-2061

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING.

**ROBIN HOOD** (A)
DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)

VOLGENDE AANBIEDINGS
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
28 Jun – CHINA O'BRIEN 2 (A)

## NOORD

### SANDTON CITY 1-9 783-4430/1

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING.

**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA.

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**ROBIN HOOD** (A)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**FILOFAX** (A)
**NUNS ON THE RUN** (A)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**NUNS ON THE RUN** (A)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE DOORS** (2-19)
Sat 15 Jun: 10.00 & 12 15
**DUCKTALES – THE MOVIE** (A)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**CLASS ACTION** (PG2-10)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### CRESTA RANDBURG 476-3802

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING.

**ROBIN HOOD** (A)
**NUNS ON THE RUN** (A)

### KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING

**NUNS ON THE RUN** (A)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA.

**FILOFAX** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### THE MALL ROSEBANK 880-2866/7

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 nm
**MR & MRS BRIDGE** (A)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
**METROPOLITAN** (A)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 nm
**HENRY & JUNE** (2-21)
ID moet getoon word by die teater

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**HIDDEN AGENDA** (2-13)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**WILT** (2-18)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**HANDMAID'S TALE** (2-19)
ID moet getoon word by die teater

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**THE FIELD** (VV2-10)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**GREEN CARD** (A)

Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**IMPROMPTU** (2-16)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – CHE ORE È (A)
28 Jun – ITINERAIRE D'UN ENFANTE (A)

### CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**WINTER PEOPLE** (2-14)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE SHELTERING SKY** (A)

## SUID

### SOUTHGATE MALL 1-7 942-2036/7

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING.

**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)
'N EROTIESE RILLER MET DON JOHNSON

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**ROBIN HOOD** (A)
**FILOFAX** (A)
**NUNS ON THE RUN** (A)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**STATE OF GRACE** (2-18)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
28 Jun – CHINA O'BRIEN 2 (A)

## OOS

### GOLDEN WALK 1-4 GERMISTON 825-8326

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**MIAMI BLUES** (2-19)
ALEC BALDWIN EN FRED WARD IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA.

**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING. MET BRUCE WILLIS EN DANNY AIELLO.

**A PERFECT WEAPON** (2-10)
'N AKSIE-BELAAIDE RILLER.

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
28 Jun – CHINA O'BRIEN 2 (A)

### EASTGATE 1-6 622-3617/8

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR, DIE OPWINDING.

**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA.

**ROBIN HOOD** (A)
DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

**FILOFAX** (A)
'N LAGWEKKENDE KOMEDIE!

**NUNS ON THE RUN** (A)
'N PRET-BELAAIDE LAGWEKKENDE KOMEDIE!

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE DOORS** (2-19)
DIE KONTROVERSIËLE LEWE VAN 'N MUSIEK LEGENDE

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)

### KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**MIAMI BLUES** (2-19)
ALEC BALDWIN EN FRED WARD.

**NUNS ON THE RUN** (A)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### CONSTANTIA BENONI 422-3305

Maan-Don: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (A)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING!
Sat 15 Jun: 10.00 & 12.15
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)

VOLGENDE AANBIEDING
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)

### PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA.

**FILOFAX** (A)
'N LAGWEKKENDE KOMEDIE

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

## POTCH

### KINE POTCHEFSTROOM 930378

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.15, 7.30, 9.45 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
**WINTER PEOPLE** (2-14)
**ROBIN HOOD** (A)
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
Sat 15 Jun 10.00 am
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
**MERMAIDS** (2-14)

VOLGENDE AANBIEDINGS
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

## WES

### WESTGATE 1-6 764-2530

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING. MET BRUCE WILLIS EN DANNY AIELLO.

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)
'N EROTIESE RILLER MET DON JOHNSON

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**ROBIN HOOD** (A)
DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

**FILOFAX** (A)
**NUNS ON THE RUN** (A)
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### KINE FLORA 1 & 2 472-1658

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**MIAMI BLUES** (2-19)
ALEC BALDWIN EN FRED WARD IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA.

Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
FINALE DAE!

VOLGENDE AANBIEDING
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)

VEILIGE PARKERING BESKIKBAAR TOT NA LAAT VERTONINGS

### CINE HIGHGATE 1-5 474-2013

Kaartjies: Volwassenes R7,00
Skoliere R4,80

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING. MET BRUCE WILLIS EN DANNY AIELLO.

**MIAMI BLUES** (2-19)
ALEC BALDWIN EN FRED WARD IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA

**A PERFECT WEAPON** (2-10)
'N AKSIE-BELAAIDE RILLER.

**ROBIN HOOD** (A)
DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE!

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)
'N EROTIESE RILLER MET DON JOHNSON.

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### KINE KRUGERSDORP 665-5330

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WHITE PALACE** (2-18)

Maan-Don: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**STATE OF GRACE** (2-18)
Sat 15 Jun: 10.00 am
**HOME ALONE** (A)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

## VAAL △

### RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-15)
DIE AVONTUUR! DIE OPWINDING. MET BRUCE WILLIS EN DANNY AIELLO.

**FILOFAX** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)
28 Jun – CHINA O BRIEN 2 (A)

### KINE VANDERBIJLPARK 016-330072

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**ROBIN HOOD** (A)

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

## PRETORIA

### STERLAND 1-13 341-7568/9

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)

**MIAMI BLUES** (2-19)
ALEC BALDWIN EN FRED WARD IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA.

**FILOFAX** (A)
**ROBIN HOOD** (A)

Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.00, 7.45, 10.30 nm
**STATE OF GRACE** (2-18)
Sat 15 Jun. 10.00, 12.15, 2.30
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE DOORS** (2-19)
Sat 15 Jun: 10.00, 12.15, 2.30
**DUCKTALES – THE MOVIE** (A)

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**JACOB'S LADDER** (2-18)
**SIBLING RIVALRY** (2-14)
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.00, 7.45, 10.30 nm
**HENRY & JUNE** (2-21)
ID moet getoon word by die teater
Sat 15 Jun 10.00, 12.15, 2.30
**ALL DOGS GO TO HEAVEN** (A)

Daagliks: 10.00, 2.00, 5.30, 9.00 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### SUNNYPARK 1-3 44-4069

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WINTER PEOPLE** (2-14)
'N ROMANTIESE DRAMA MET KURT RUSSEL EN KELLY MCGILLIS.

**NUNS ON THE RUN** (A)
**MERMAIDS** (2-14)
Sat 15 Jun 10.00, 12.15, 2.30
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
28 Jun – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES 2 (A)

### BROOKLYN 1-5

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
**WINTER PEOPLE** (2-14)
**ROBIN HOOD** (A)
**MR & MRS BRIDGE** (A)
Sat 15 Jun 10.00, 12.15, 2.30
**THE LITTLE MERMAID** (A)

Daagliks: 10.00, 2.30, 5.00, 7.45, 10.30 nm
**THE HOT SPOT** (2-19)
Sat 15 Jun: 10.00, 12.15, 2.30
**THE FOX & THE HOUND** (A)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### VERWOERDBURGSTAD 663-2034

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**HUDSON HAWK** (2-16)
**ROBIN HOOD** (2-16)
**NUNS ON THE RUN** (A)
**FILOFAX** (A)

VOLGENDE AANBIEDING
21 Jun – EDWARD SCISSORHANDS (VV2-10)

### ICE-RINK 44-5253

**PUBLIEKE SKAATS**
Maan-Sat: 10 vm, 2 nm, 7 nm

### Sun City Teaters 014651-21174

WORD TANS VERTOON:
OOP 7 DAE PER WEEK

CINE 3

2 SPLINTERNUWE VOLWASSE ROLPRENTE:
MELODY OF PASSION (Volwasse)
VISTA VALLEY P.T.A. (Volwasse)

## WITWATERSRAND INRYE 14 JUNIE – 20 JUNIE

### TOP STAR (STAD) 493-5877
'N SPANNINGVOLLE RILLER MET JODIE FOSTER & ANTHONY HOPKINS.
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
**NARROW MARGIN** (2-13)
Vry 21: EDWARD SCISSORHANDS/AWAKENINGS

### VELSKOEN (RANDBURG) 793-2812
'N SPANNINGVOLLE RILLER MET JODIE FOSTER EN ANTHONY HOPKINS
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
**NARROW MARGIN** (2-13)
Vry 21: EDWARD SCISSORHANDS/AWAKENINGS

### ATLAS (BRENTWOOD PARK) 973-1017
DIE AVONTUUR, DIE ROMANSE, DIE LEGENDE! MET PATRICK BERGIN
**ROBIN HOOD** (A)
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
Vry 21: NUNS ON THE RUN/MY BLUE HEAVEN

### SPEEDYS (SOUTH HILLS) 613-4129
MELANIE GRIFFITH, TOM HANKS EN BRUCE WILLIS!
**THE BONFIRE OF THE VANITIES** (2-18)
**GOODFELLAS** (2-19)
Vry 14: ROBIN HOOD/LOOK WHO'S TALKING TOO

### 5-STAR (HONEYDEW) 794-1385
SEAN CONNERY & MICHELLE PFEIFFER!
**THE RUSSIA HOUSE** (2-16)
**GHOST** (2-14)
Vry 21: PACIFIC HEIGHTS/DARK ANGEL

### KEMPTON PARK 976-4905
SUPER AKSIE & SPANNINGS DRAMA DUBBEL!
**THE BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS** (A)
**MISERY** (2-16)
Vry 21: SLEEPING WITH THE ENEMY/MARKED FOR DEATH

### GERMISTON 902-1607
KATHY BATES IN DIE SPANNINGVOLLE DRAMA!
**MISERY** (2-16)
**A NIGHTMARE ON ELM STREET** (2-16)
Vry 21: BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS/BLACK EAGLE

### VEREENIGING (016) 630211
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
**DAMNED RIVER** (2-16)
Vry 21: WHITE PALACE/RUSSIA HOUSE

### STERLIG (ROODEPOORT) 764-2468
SUPER AKSIE-BELAAIDE DUBBEL!
**BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS** (A)
**BLACK EAGLE** (A)
Vry 21: SILENCE OF THE LAMBS/NARROW MARGIN

### BRAKPAN 915-3907
'N SPANNINGVOLLE RILLER!
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
**NARROW MARGIN** (2-13)
Vry 14: BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS/BLACK EAGLE

### PANORAMA (MONDEOR) 682-3411
SEAN CONNERY & MICHELLE PFEIFFER!
**THE RUSSIA HOUSE** (2-16)
**GHOST** (2-14)
Vry 21: SEX, LIES & VIDEOTAPE/YOUNG GUNS

### MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060
KATHY BATES IN DIE SPANNINGVOLLE DRAMA VAN STEPHEN KING!
**MISERY** (2-16)
**A NIGHTMARE ON ELM STREET 4** (2-16)
Vry 21: WHITE PALACE/RUSSIA HOUSE

### HILLFOX (FLORIDA) 679-1212
JAMES SPADER & SUSAN SARANDON IN DIE ROMANTIESE DRAMA!
**WHITE PALACE** (2-18)
**DARKMAN!** (2-16)
Vry 21: BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS/BLACK EAGLE

### SPRINGBOK (SPRINGS) 813-4138
SUPER AKSIE-BELAAIDE DUBBEL!
**BEST OF THE MARTIAL ARTS FILMS** (A)
**BLACK EAGLE** (A)
Vry 21: NUNS ON THE RUN/MY BLUE HEAVEN

### STADIUM (MALVERN) 615-1131
JAMES SPADER & SUSAN SARANDON!
**WHITE PALACE** (2-18)
**THE RUSSIA HOUSE** (2-16)
Vry 21: SILENCE OF THE LAMBS/NARROW MARGIN

### KINANDER (EVANDER) 24117
MICHAEL KEATON & MELANIE GRIFFITH!
**PACIFIC HEIGHTS** (2-18)
**DARK ANGEL** (2-12)
Vry 21: FLIGHT OF THE INTRUDER/HAVANA

### KRUGERSDORP 953-1959
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
**THE RUTANGA TAPES** (A)
Vry 21: SLEEPING WITH THE ENEMY/FLATLINERS

### NIGEL 739-6616
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
**DAMNED RIVER** (2-16)
Vry 21: FLIGHT OF THE INTRUDER/GHOST

## STER-KINEKOR PRETORIA INRYE

### LYNNWOOD 87-1633
'N SPANNINGVOLLE AKSIE RILLER!
**STATE OF GRACE** (2-18)
**KING OF THE KICKBOXERS** (2-16)

### SWARTKOPS 374-4902
'N ROMANTIESE DRAMA!
**WHITE PALACE** (2-18)
**THE RUSSIA HOUSE** (2-16)

### WONDERBOOM 57-1108
'N ROERENDE KOMEDIE!
**MIAMI BLUES** (2-14)
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)

### UITSPAN 37-2051
'N SPANNINGVOLLE RILLER!
**THE SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
**WILT** (2-18)

### JAKARANDA 54-9115/9
'N SPANNINGVOLLE RILLER!
**NARROW MARGIN** (2-13)
**JACOB'S LADDER** (2-18)

### WITBANK 01351-81064
'N LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
**PROBLEM CHILD** (A)

### RUSTENBURG 01421-29358
'N SPANNINGVOLLE DRAMA!
**MISERY** (2-16)
**THE LAST WARRIOR** (2-12)

*Altyd beter op die groot skerm!*

---

STER-KINEKOR
FRIDAY and SATURDAY 14 and 15 JUNE 1991

# MOVIE GUIDE

Catch the EXCITEMENT  Catch the ADVENTURE
Bruce Willis in **HUDSON HAWK**

ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET – ENQ: (021) 21-4715

### Golden Acre

CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE WILLIS •
IS
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• PATRICK BERGEN •
IS
**ROBIN HOOD**
ROUSING ACTION ENTERTAINMEN (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45 10.00 pm
JAMES BELUSHI • CHARLES IRODIN
**FILOFAX**
COMEDY (ALL)

### Monte Carlo

FORESHORE, TEL. 25-3052
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
KURT RUSSELL • KELLY McGILLIS
**WINTER PEOPLE**
A STORY OF FORBIDDEN LOVE (2-14)

DAILY: 10.00 am, 1.30, 5.00 and 8.30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Winner 7 Oscars including Best Picture (2-12)

### Protea Claremont

MAIN ROAD, TEL. 61-7979
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
KURT RUSSELL • KELLY McGILLIS
**WINTER PEOPLE**
A STORY OF FORBIDDEN LOVE (2-14)

NIGHTLY AT 10.00 pm
• TIM ROBBINS •
**JACOBS LADDER**
Riveting Suspense-ridden Thriller (2-18)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, pm
• GENE HACKMAN •
**CLASS ACTION**
High powered court room drama (P.G. 2-10)

MON-FRI: 9.45 am, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 pm
SATURDAY: 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 pm
JOANNE WOODWARD • PAUL NEWMAN
**MR & MRS BRIDGE**
AWARD WINNING DRAMA (All)
★ SAT ONLY at 9.45 am, 12.00 noon ★
**RESCUE** (All)

### Maynard Mall Wynberg

MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE WILLIS •
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

MON-FRI: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
SATURDAY: 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
JAMES BELUSHI • CHARLES IRODIN
**FILOFAX**
COMEDY (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.30, 7.45 pm
• PATRICK BERGEN •
IS
**ROBIN HOOD**
ROUSING ACTION ENTERTAINMEN (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.30, 8.15, 10.15 pm
**NUNS ON THE RUN**
HILARIOUS COMEDY (ALL)

NIGHTLY at: 10.00 pm
Val Kilmer as Jim Morrison
**DOORS**
MIND BLOWING MUSICAL (2-19)
★ SATURDAY at 9.45 am, 12.00 noon ★
**AN AMERICAN TAIL** (All)

### Blue Route Tokai

Blue Route Centre, TEL. 75-3030
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE WILLIS •
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

MON-FRI: 9.30 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 pm
SATURDAY: 5.15, 7.45, 10.15 pm
• DON JOHNSON •
**HOT SPOT**
PASSIONATE THRILLER (2-19)

DAILY. 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
KURT RUSSELL • KELLY McGILLIS
**WINTER PEOPLE**
A STORY OF FORBIDDEN LOVE (2-14)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
JAMES BELUSHI • CHARLES IRODIN
**FILOFAX**
COMEDY (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30 pm
• PATRICK BERGEN •
IS
**ROBIN HOOD**
ROUSING ACTION ENTERTAINMEN (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
**NUNS ON THE RUN**
HILARIOUS COMEDY (ALL)

DAILY: 5.00 and 8.30 pm ONLY
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
Winner 7 Oscars Including Best Picture
SAT ONLY: 9.45, 12.00 am 2.30 pm ★
**WILLOW** (All)

### Kenilworth Centre

4 Cinema Complex – TEL. 683-1209
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• PATRICK BERGEN •
IS
**ROBIN HOOD**
ROUSING ACTION ENTERTAINMEN (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE WILLIS •
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

MON-FRI: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
SATURDAY: 5.15, 7.45, 10.00 am
• TIM ROBBINS •
**JACOBS LADDER**
Riveting Suspense-ridden Thriller (2-18)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.45, 5.30, 8.00, 10.00 pm
ALEC BALDWIN • FRED WARD
**MIAMI BLUES**
ACTION PACKED COP DRAMA (2-19)
★ SAT ONLY 9.45 am 12.00, 2.30 pm ★
**PROBLEM CHILD** (All)

### Constantia Rosebank

MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 10.00 am, 2.15, 5.00, 7.45, 10.15 pm
JOHN MALKOVICH • DEBRA WINGER
**SHELTERING SKY**
A PROVOCATIVE PASSIONATE DRAMA (2-21)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.15 pm
• RICHARD HARRIS •
**THE FIELD**
MEMORABLE AWARD WINNING DRAMA (PG2-10)

DAILY: 10.00 am, 2.15, 5.00, 7.45, 10.15 pm
**HENRY AND JUNE** (2-21)
Erotic movie from director of "Unbearable Lightness of Being"

### Tyger Valley

Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 948-6710
DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE WILLIS •
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
• PATRICK BERGEN •
IS
**ROBIN HOOD**
ROUSING ACTION ENTERTAINMEN (ALL)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 pm
**NUNS ON THE RUN**
HILARIOUS COMEDY (ALL)

MON-FRI: 9.45 am, 12.00, 2.30 pm
• KIRSTIE ALLEY •
**SIBLING RIVALRY**
SPARKLING COMEDY (2-14)

DAILY: 5.15, 7.45, 10.15 pm
JODIE FOSTER • ANTHONY HOPKINS
**THE SILENCE OF THE LAMBS**
TERRIFYING THRILLER (2-18)

SAT ONLY: 9.30, 11.15 am, 1.00, 2.30 pm
**DUCKTALES – THE MOVIE** (All)

### Kine Parow

Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
MON-THURS: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.15, 8.00 pm
FRI/SAT: 9.45 am, 12.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE WILLIS •
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

FRI: 9.30 am, 12.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.15 pm
SATURDAY: 2.30, 5.15, 8.00, 10.15 pm
MON-THURS: 9.30 am, 12.00, 2.30, 5.15, 8.00 pm
• DON JOHNSON •
**HOT SPOT**
PASSIONATE THRILLER (2-19)

★ SAT ONLY: 9.45 am AND 12.00 noon ★
**LADY AND THE TRAMP** (All)

### Stellenbosch

TEL. (02231) 4464
SAT: 11.00 am, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
MON-FRI: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
JAMES BELUSHI • CHARLES IRODIN
**FILOFAX**
COMEDY (ALL)

SAT: 10.30 am, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
MON-FRI: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
**NUNS ON THE RUN**
HILARIOUS COMEDY (ALL)

MON-FRI: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SATURDAY: 11.00 am, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
• BRUCE WILLIS •
**HUDSON HAWK**
CATCH THE EXCITEMENT (2-16)

DAILY: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
• TIM ROBBINS •
**JACOBS LADDER**
Riveting Suspense-ridden Thriller (2-18)

★ SAT ONLY: 10.00 am AND 12.00 noon ★
**NEVER ENDING STORY II** (All)

### Somerset West

TEL. (024) 51-5581
MON, TUES, WED: 2.30, 5.30, 8.00 pm
THURS: 2.30, 5.30 pm
FRI/SAT: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
KURT RUSSELL • KELLY McGILLIS
**WINTER PEOPLE**
A STORY OF FORBIDDEN LOVE (2-14)

MON-THURS: 3.00, 6.00, 8.30 pm
FRIDAY: 2.30, 4.45, 7.00, 9.15 pm
SATURDAY: 11.00 am, 2.30, 4.45, 7.00, 9.15 pm
JAMES BELUSHI • CHARLES IRODIN
**FILOFAX**
COMEDY (ALL)
★ SAT ONLY at 9.30 and 11.30 am ★
**WHO FRAMED ROGER RABBIT**

### DRIVE-INS ★

NIGHTLY AT 7.30 pm
★ R14,00 per Car, Combi or L.D.V. for 2 Films ★

### Goodwood – Tel 54-4339

Next to Goodwood Showgrounds
ALEC BALDWIN • FRED WARD
**MIAMI BLUES**
ACTION PACKED COP DRAMA (2-19)
— PLUS —
**SUSPECT**
SUSPENSE DRAMA (2-14)

### Seabreeze – Tel 701-3309

Pollsmoor Rd. TOKAI
JODIE FOSTER • ANTHONY HOPKINS
**THE SILENCE OF THE LAMBS**
TERRIFYING THRILLER (2-18)
— PLUS —
JAMES CAAN • KATHY BATES
**MISERY**
OSCAR WINNING THRILLER (2-16)

### Skyvue – Tel 903-5130

Main Road KUILS RIVER
• KIRSTIE ALLEY •
**SIBLING RIVALRY**
SPARKLING COMEDY (2-14)
— PLUS —
JAMES CAAN • KATHY BATES
**MISERY**
OSCAR WINNING THRILLER (2-16)

# Waar is die Nuwe Suid-Afrika?

HEIN MARAIS

WAT is dié geheimsinnige Nuwe Suid-Afrika? 'n Vet wit leun? Redding op afslag? 'n Swak grap? Of die vae gedaante van iets aan die kom?

Die naam het al so bekend geword dat die koerante kripties daarna verwys as die NSA. En tog, soos 'n ma van die Kaapse Vlakte dit aan my gestel het: "Dit bestaan nie." Sy het namens baie van haar landgenote verduidelik: "My lewe is dieselfde, my probleme is dieselfde: om geld te kry om kos te koop, om in een stuk van die huis by die werk te kom, om dae lank met 'n siek kind tou te staan by die kliniek. Ek kan dié NSA nie sien nie. Waar is dit?"

Die NSA is daardie klinkende radio-deuntjie, die skreeuende kennisgewings in stowwerige blikkiesdorpe, die TV-advertensies wat die nuusleser se weergawe van nog 'n mismoedige dag onderbreek, die teks van 'n nuwe aankondiging deur die regering. Omdat dit ons lewens as 'n ideologie binnekom, is dit orals en nêrens. Dit bemark 'n visie, 'n handvol begeertes. En as sulks is dit omtrent so werklik soos die Tandmuis of Vader Krismis. Dit bestaan nie op straat nie - dit sweef in ons drome rond: as woorde, beelde, moontlikhede. Die NSA is 'n vuisvol ideologiese boodskappe vermom as vaderlike clichés en goeie tyding. Maar terwyl dit hier is, moet dit ernstig opgeneem word - om redes wat nie voor die hand lê nie.

"Die probleem met die NSA," het een kameraad my gesê, "is dat dit vir elke mens iets anders beteken. Vir my beteken dit die vermoë om te besluit of ek in Alexandra of in Yeoville wil bly. Vir 'n witmens kan dit bloot die opwinding beteken om 'n swembad met 'n swartmens te deel."

"Ons het die nuwe Suid-Afrika jare gelede al ontdek," spog 'n advertensie van Barlow Rand deesdae met 'n tikkie waarheid, en voeg by: "In die middel-sewentigerjare het ons 'n rigting ingeslaan met die soort sakepraktyke wat ons as reg beskou het, ter wille van ons eie toekoms en die land s'n."

Die basiese buitelyne van die NSA is in 'n tydperk geskets toe die Suid-Afrikaanse ekonomie en politieke stelsel 'n uitgerekte krisis binnegegaan het. Maar die ontsnappingsroetes is deur apartheid toegemaak. Gekonfronteer deur 'n tekort aan geskoolde arbeid en 'n uitgeputte mark (om nie te praat van die angswekkende vooruitsig van onbeheerbare politieke verandering nie), het sommige sektore van kapitaal hoop gesien in 'n nie-rassige samelewing. In die toekoms, het dié siening gelui, sal die blomme van die kapitalisme net op die graf van apartheid bloei.

Dié vereistes het die hooftemas geword van die NSA-propaganda. 'n Vroeë voorbeeld was 'n korporatiewe advertensie wat twee mynwerkers wys (die een swart en die ander wit) wat tesame 'n boor teen die rotswand hou. Daar het die NSA in die kalklig gestaan. Swart en wit verenig in die sweterige omhelsing van arbeid, besig om eeue se antagonisme "uit te wis" deur met 'n gemeenskaplke doel te verenig, besig om die ekonomie te bou, om rykdom te skep. Maar rykdom vir wie? Die NSA het tot sy reg gekom op 2 Februarie 1990, toe FW de Klerk die sluise geopen het op 'n vloedgolf hoop en moontlikhede. Vandag staan ons - verward, versigtig en gespanne - in 'n storm van dergelike boodskappe. Die NSA. Simfonieë van veelrassige roetines. Huishulpe en huisvroue wat in die gangetjies van afdelingswinkels rondjaag, yuppies van alle rasse wat bevryding gelykstel aan die vryheid om te kies watter soort bier jy wil koop, tieners wat gelykgemaak word deur hul keuse van jeans. Op een, belangrike vlak sê die NSA ons is almal verenig - as *verbruikers*.

Ons word saamgebondel in 'n denkbeeldige gemeenskap van begeertes en vermoëns: gelykgemaak, ontras, broers en susters by die kasregister. Al wat ons van vervulling weerhou, is die wil om verby die etterende erfenisse van apartheid te kyk. Om te vergewe en te vergeet.

Dis die grond waarop massa-geheueverlies gedy. Soos nog 'n advertensie preek: "Tensy ons geloof het in die toekoms, sal ons vasgevang bly in die verlede." Apartheid is afgebreek tot daardie mistige klanke: "die verlede". Wat agter die rug is, is agter die rug. Die NSA eis dat mense vergeet; dit het geen tyd vir die geskiedenis nie. Dit bemark die woesteny van apartheid as 'n ry "uitdagings" en "geleenthede", wat deur omstandighede op ons weg geplaas is.

Die teenstrydighede tussen dié visie en die werklike lewe lyk groot genoeg om van die NSA 'n surreële belediging te maak.

Maar die nuwigheid en krag van die NSA lê ook in die feit dat dit die basiese elemente van "stryd-ideologie" benut. Dit loof die strewe na 'n meer demokratiese, waardige en menslike orde. Dit bied 'n gefluisterde verwerping van die verlede. Dit swaai nie net die vaandel namens sommige van die vryheidstryd se ideale nie (Vryheid, Geregtigheid, Gelykheid), maar moedig ook 'n betrokkenheid by dié ideale aan.

Maar watter soort betrokkenheid? Hier lê die kern van die saak. Waar die visies van die Freedom Charter gemik was op mobilisasie en politieke optrede, eis die NSA onttrekking. Dit moedig geduld aan, én vertroue - vertroue in die magsmakelaars in hul donker pakke. Ons plek is op die galery, as toeskouers, toejuigende ondersteuners, aanhangers wat die skouspel van transformasie aanskou.

Die NSA sê: "Moenie golwe maak nie." Droom, glo en hoop, maar laat die ware werk oor aan dié "wat die beste weet". Dit stem volmaak ooreen met die oorverdowende oproep tot "ordelike verandering" en 'n "beheerde oorgang". Ons word aangespoor om ons vertroue te plaas in 'n Sterk Hand. Fundamenteel eis dié siening dat die Suid-Afrikaanse transformasie deur sy draaie en kompromisse vertroetel word deur politieke elite-groepe. Die ondersteuning van die massas vervang deelname deur die massas. Dié scenario skryf die gemobiliseerde gemeenskappe halfpad uit die teks uit. Ons wat eens die spelers was, word nou afgegradeer tot byspelers in die skaduspel van Verandering, 'n koor wat die optrede van "ons span" loof of beween.

Die NSA verwag dat mense hulle na hul private ruimtes onttrek. Daar waar ons nie in optrede verenig is nie, maar in 'n "visie van 'n vryer, meer voorspoedige môre", soos 'n huidige BP-advertensie verklaar. Daar waar, soos daardie fatalistiese bufferplakkers ons herinner, Kak Spat en ons dit kan vat soos dit kom, getroos deur ons hoop en private fantasieë. Daar waar betrokkenheid en eise nie in die gemeenskap, die werkplek, die strate uitgedruk word nie, maar in private transaksies by die winkeltoonbank, by die huis en by die stembus.

Dit alles beteken nie dat die NSA 'n bloudruk vir môre of vir die toekoms in vermomming is nie. Soos ons almal kan sien, is die NSA (nog) nie 'n werklikheid nie. Dit bestaan as 'n ideologie, as 'n bepaalde omlyning van moontlikhede en begeertes. Maar dit help om die verhoog te ontruim vir die intredes wat die toekoms sal vorm. En dis 'n luide herinnering daaraan dat die poets, in die werklike Nuwe Suid-Afrika, op ons gebak kan word.

*(Hein Marais is verbonde aan die tydskrif New Era)*

---

# Die stories wat ons laat stry



**GELOOFSPRAATJIES**

DIRKIE SMIT

ALLE oorloë en stryd word ten diepste gemotiveer en gelegitimeer deur mites, deur stories, die gemeenskaplike verhale wat groepe oor hulself vertel, wat aan hulle vertel word, en wat hulle glo. Só sê Ira Chernus, voorsitter van die Godsdiens en Vrede-Navorsingsgroep van die invloedryke American Academy of Religion.

"Elke stryder veg met die een of ander soort storie in die agterkop, bewus of onbewus, wat sowel die doodmaak van andere as die waagstuk dat 'n mens self kan sterf, betekenisvol, sinvol, noodsaaklik maak," sê Chernus.

Oor die belangrike rol van sulke groep-stories, sulke "kollektiewe mites" in die vorming en instandhouding van groepe en individue se identiteit, kan skaars twyfel bestaan. Ons ís ons stories. Ons is die produk van die verhale wat oor ons - as groepe en individueel - vertel word. "Die storie van ons lewe" - so het die baanbreker-teoloog, Richard H Niebuhr al jare gelede gesê - bied die perspektief van waaruit ons die lewe bekyk, ervaar en vertolk.

Sulke verhale is nie net deskriptief nie, maar ook preskriptief. Hulle sê nie net hoe dinge is nie, maar suggereer ook hoe dinge behoort te wees.

In die stories wat van kleins af oor ons aan ons vertel word, en deur die jare heen op duisende maniere - onderwys, religie, openbare media, politieke retoriek, indoktrinasie - bevestig en ingeskerp en ingehamer word... in dié stories sit alles ingebed:

- Hulle verskaf aan mense die gesamentlike vertolking van die geskiedenis, van ons en van hulle; van afkoms en toekoms; van lot en roeping; van bevryding en bestemming; van belangrike gebeurtenisse en feestelike datums.
- Hulle suggereer die waardes wat ons moet nastreef en die bose wat ons moet verag; die deugde wat mens beoefen en die kwaad wat mens vermy; wat gedoen word en wat nie gedoen word nie; wat "in" is en wat "uit"; wat ordentlik is, beskaaf, respektabel, ja, menslik, en wat nié.
- Hulle vertel ons wie die belangrike figure is, die voorbeelde, die helde, die heiliges, die profete, die martelare; uit die verlede: dié wat gehuldig, nagevolg, aangehaal, gevier, vereer word; uit die hede: dié na wie geluister word, die leiers, diegene "wat weet wat aangaan", wat die beste ingelig is.
- Hulle gee inhoud aan die slagspreuke waarmee ons leef; die cliché's waarmee ons vir onsself en vir mekaar verduidelik wat die toedrag van sake is; die woorde, uitdrukkings, liedere, kleure, baniere, plekke wat ons gevoelens laat opwel, hetsy van trots of van woede.
- Ja, hulle bepaal selfs die emosies wat ons behoort te ervaar: waarvoor ons bang moet wees en waaroor ons ons moet verheug; wat die groot bedreigings is, die einde van die wêreld soos ons dit ken, en wat die groot hoop is, die droom, die heil, die utopie, die oplossings van al ons probleme.
- Hulle formuleer die belange waarvoor 'n mens bereid moet wees om te offer, jou goed, maar ook jou bloed, en verkieslik die bloed van ander; die dinge waarvoor dit die moeite werd is om te stry, te veg, die wapen op te neem.
- Uiteindelik maak hulle ook duidelik wie die "ander" is, die "outsiders", "hulle" wat "ons" verlede en daarom ook "ons" toekoms nie deel nie; wat anders is, nie soos "ons" nie, nie van "ons" nie; selfs minder menslik, nie menswaardig nie, misbaar, die vyand.

Kortom: ons ís ons verhale, ons mites. Uiteindelik is ons sogenaamde beginsels, ons dogmas, ons diepste oortuigings niks anders nie as "gebalde vertellings", "gebundelde", "gekonsentreerde" verhale... Sodra ons moet verduidelik wat ons presies glo of dink, begin ons dié dogmas en beginsels invul, motiveer, beskryf in terme van verhale, van figure, van gebeurtenissse, van tradisies, van wat hier of daar gebeur het of van wat dié of daardie gesê het.

Natuurlik skep dit probleme. Natuurlik veroorsaak dit stryd. Van woordewisselings tot gewapende stryd.

"Daar is geen perspektief van waar ons ons eie perspektiewe kan sien nie," sê die gesaghebbende ekumeniese teoloog Dietrich Ritschl. "Ons verhale is die draers van ons perspektiewe."

Sulke verhale word maklik ideologies. Dit verblind, dit mislei. Dit laat ons dink dat óns perspektief, óns verhaal, die absoluut enigste ware een is. Die een wat tot elke prys uitgeleef en verwesenlik moet word, omdat dit in almal se beste belang is. Die een wat selfs deur die godsdiens gelegitimeer en geseën word.

En sulke verhale, sulke kollektiewe mites, sulke draers van perspektiewe, as hulle uiteenlopend genoeg is, verblindend genoeg, ideologies genoeg, lei uiteindelik maklik tot oorloë, tot stryd en geweld en doodslag.

Die magtiges in enige samelewing is diegene wat in staat is om dié mites retories te gebruik om mense op te sweep, te oortuig, mee te neem. Oorspronklik - verduidelik Anton Grabner-Haider in 'n gesaghebbende studie oor die werking van kollektiewe mites - het die woord "mite" juis te doen gehad met die gebruik van taal: Aan die een kant het dit beteken "om geheimenisse mee te deel", en aan die ander kant "om met mag, krag, invloed, te kan praat".

Die invloedryke mense in die samelewing was diegene wat inlig, met kennis en gesag die verhale van die groep se oorspronge en doelwitte kon vertel en daardeur die volgelinge met krag kon oortuig en meevoer. Met hulle taal kon hulle mense beveel, seën, vloek, dinge belowe; kon hulle mense tot allerlei emosies beweeg; kon hulle gedrag bepaal; kon hulle beskik oor lewe en dood.

As ek elke dag koerant lees, radio luister, televisie kyk, kan ek nie help om aan Ira Chernus se tese te dink nie. Met droefheid. Want ek dink dis waar.

Ons leef in ons afsonderlike verhale. En in die meeste van dié verhale is die lewe van "die ander", "hulle" lewens, niks werd nie en ons eie stryd, opoffering, "geveg" en dood die moeite werd. En sovele magtiges in ons land voer ons steeds op dié mites.

Wat het dit alles met geloofspraatjies te doen?

Deur die eeue heen was godsdiens in al sy gedaantes, ook die Christelike godsdiens, een van die magtigste invloede in die instandhouding van sulke verhale. Godsdiens is so dikwels die "sacred canopy", die hemelse koepel, wat die groep se "symbolic universe" byeen hou, sin gee, finaal legitimeer - in Peter Berger se bekende terme.

Trouens, een van die verskriklikste dinge wat met die evangelie kan gebeur, is juis dat dit gebruik word om ons eie verhale te sanksioneer, soos in die talle vorms van burgerlike religie deur die geskiedenis. Met die verskriklike godsdienstige oorloë wat dikwels daaruit gevloei het.

Ook daarom dat die Duitse teoloog J B Metz ons kom herinner dat die evangelie self ook 'n verhaal is, sy eie verhaal is, en die Christelike leerstellings ook "gebundelde vertellings". Die Christelike evangelie en alle Christelike prediking wil ons keer op keer herinner aan Jesus, veral ook aan sy lyding en sterwe.

Dié verhaal van Jesus - sê Metz - is 'n kontra-verhaal, 'n lastige verhaal, 'n vreemde verhaal, 'n ondermynende verhaal. Dit 'n anderse verhaal.

Dit wil juis ons eie verhale, ons eie vanselfsprekendhede, ons eie heldefigure en martelare, ons eie slagspreuke en waardes ondergrawe, ontmasker, teëspreek, vervang.

Die verhaal van Jesus se lye en sterwe is subversief. Dit staan haaks op so baie van ons verhale, ons groepsmites. En ongetwyfeld staan dit haaks op enige mite wat ons wil wysmaak dat daar ooit goeie redes is vir geweld en doodslag, om die bloed van mense te vergiet ter wille van welke beginsel of welke stelsel, of welke toekoms, of welke slagspreuk ook al.

*(Prof Dirkie Smit is hoof van die departement van Dogmatologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland)*

# Die Ken-en-Joe-show was maar flou



DIE MEDIA

MAX DU PREEZ

TV1 se *Agenda* het seker nog nooit soveel kykers gehad as Sondagaand met die Ken-en-Joe-show nie. Dié debat oor kapitalisme en sosialisme tussen Ken Owen van die *Sunday Times* en Joe Slovo van die Kommunisteparty is die soort idee wat dié ietwat dooierige program nuwe lewe kan gee.

Helaas, dit was toe nie die intellektuele prikkeling en vermaak wat dit kon gewees het nie. Dit was net te voorspelbaar en oppervlakkig en die gehoor was te groot en gelaai met mense wat vir Slovo wou kom uitskel. En voorsitter John Bishop was ook te gretig om te wys hy is ook 'n kapitalis.

Myns insiens het Slovo, gesien die saak wat hy moes verdedig, nie te sleg daarvan afgekom nie. Sy argumente van die geletterdheidsyfer in sekere sosialistiese lande wat hoër is as kapitalistiese lande, van gesondheidsdienste wat beter is en lewensverwagting wat hoër is, is tersaaklik. As hy nou net nie die albatros van die ekonomiese mislukkings in die Sowjet-Unie en Oos-Europa en die jammerlike geskiedenis van die SAKP self sover dit onder meer hul kondonering van die Afghanistan- en Tsjeggo-Slowakye-avonture aanbetref, om sy nek gehad het nie, sou meer mense dalk met 'n oper gemoed na hom geluister het.

Die groot tekortkoming van die debat was dat Owen se Rambo-tipe kapitalisme nie behoorlik aangevat is nie, behalwe vir ds Nico Smith se kort opmerking teen die einde.

Watter vryheid is daar aan 'n stelsel wat toelaat dat daar so 'n geweldige gaping tussen haves en have-nots ontwikkel? (Waar 'n biljoenêr-Sandtoniet met sy Rolls-Royce 'n klipgooi ver van mense in Alexandra bly wat nie 'n rand het vir kos nie.)

Hoe regverdig en vry kan 'n stelsel wees wat toelaat dat drie, vier maatskappye die Johannesburgse Effektebeurs totaal oorheers en dat minder as tien persent van die bevolking meer as 90 persent van die rykdom beheer?

Hoe regverdig is 'n stelsel wat reusagtige monopolieë voortbring wat klein entrepreneurs doodwurg?

Monopolie-kapitalisme in Suid-Afrika het bewysbaar 'n bitter slegte rekord, en Owen se arrogansie en slim antwoordjies het niks gedoen om die skande van die dekade-lange skelm maar snoesige liefdesverhouding tussen apartheid en Kapitaal mooier te laat lyk nie. En sy "blame it on the Afrikaners" is so uit die mode soos bellbottoms.

Hierdie relaas van my is nie 'n verdediging van sosialisme nie. Myns insiens is die enigste verskil tussen die twee stelsels dat kapitalisme se rykes ryker is as die rykes onder sosialisme en die armes onder kapitalisme armer is as die armes onder 'n sosialistiese stelsel.

Wat my gefrustreer het, was dat ons die hele program lank moes sit en luister na die twee ekstreme, terwyl die antwoord vir ons land en gemeenskap met sy samestelling en geskiedenis sekerlik 'n veel meer vindingryke en mensgeoriënteerde ekonomiese stelsel is. 'n Mark wat werklik vry is vir almal en boonop deernis het met sukkelaars en agtergeblewenes. Iets sosiaal-demokratieserig dalk.

Hoe dit ook al sy, 'n mens moet waardering hê dat *Agenda* so 'n idee aangepak het.

Hier is 'n raaisel.

Ná 'n lang verhoor het die Natalse Hooggeregshof voorlaasweek 'n adjunk-minister van 'n tuislandregering, senior leier van 'n prominente politieke party en regterhand van een van ons land se voorste politieke leiers weens moord en poging tot moord lewenslank tronk toe gestuur.

Kort voor dit het die hof die vrou van 'n prominente politieke leier ses jaar tronk toe gestuur weens aanranding en ontvoering.

Raai, raai, hoekom het die media die een hofsaak grootliks geïgnoreer terwyl die ander een weke lank die voorblaaie van die koerante en die hoofnuus van die SAUK oorheers het?

Die tweede geval is natuurlik Winnie Mandela. Niemand gaan jou kwalik neem as jy nie geweet het nie dat die eerste geval 'n adjunk-minister van KwaZulu en sentrale komiteelid van Inkatha, Samuel Jamile, is. Sy misdade, sê die regter, was "pre-planned, odious and heinous" en "called for the death penalty". (Hy is terloops steeds 'n vol-betaalde adjunk-minister en Inkatha-leier en nóg Inkatha nóg Mangosuthu Buthelezi het sover die man en sy dade verwerp.)

Ek het al lankal gesê die hoofstroom-media laat Inkatha met moord wegkom.

• • •

Ten slotte 'n brokkie uit Freetown, Sierra Leone, wat my minder eensaam laat voel het. Agence France Presse berig dié week: "The editor of the weekly *New Shaft*, Franklin Bunting Davies, 40, was detained Monday after he could not produce a surety to allow him bail on the libel action brought by the state. On May 6, he alleged in his paper that the current war against rebels would not have spread to Pujehun if Bambay Kamara (inspector general of police) did not interfere."

Ek en Franklin moet dalk 'n klub stig. En een jaar nooi ons Bambay Kamara as spreker, die volgende jaar Lothar Neethling, die jaar daarop Klaus von Lieres en dan Leon Mellet. Teen daardie tyd sal daar ongetwyfeld nog 'n paar staatsamptenare by die lys toegevoeg wees...

# Regters en die galg



JURIE DE WET

'N ONLANGSE oorsig van die opleggings van die doodstraf deur regters in die Transvaalse provinsiale en die Witwatersrandse plaaslike afdeling van die Hooggeregshof wat in die South African Journal of Human Rights gepubliseer is, bied sterk ondersteuning vir die argument twee rubrieke gelede dat die oplegging van die doodstraf in aansienlike mate afhang van die subjektiewe norme en waardes van die regters.

Die oorsig volg op 'n oorsig van die Kaapse Provinsiale afdeling wat in 1989 in dieselfde joernaal gepubliseer is. Dié oorsig het skrikwekkende ongelykhede in verskillende regters se uitspraak-geskiedenisse uitgewys. 'n Voorbeeld: drie regters - Baker, Lategan en Williamson - wat 15% van die sake verhoor het waarin die doodstraf opgelê kon word, het 51% van die doodsvonnisse in die tydperk van die oorsig opgelê. Twee ander regters - Marais en Rose-Innes - het 90,25% van die sake verhoor, maar in dieselfde tydperk net 4,02% van die doodsvonnisse opgelê.

Wat die Kaapse oorsig betref, het die Regter-president van die Kaapprovinsie, regter Minnick, skerp kritiek gelewer op die navorsers se mitologie, die vertolking van hul bevindinge en hul integriteit. Volgens hom is van die navorsers se bevindings belaglik en 'n belediging vir die regsbank, is een van die bevindinge nie net belaglik nie maar volslae onwaar, was die hele studie 'n oefening in nutteloosheid en kan dit nie as onafhanklik, onpartydig en onbevooroordeeld beskou word nie omdat dit ten dele deur die Vereniging vir die Afskaffing van die Doodstraf gefinansier is.

Dit lyk of die navorsers van die jongste oorsig moeite gedoen het om regter Minnick se kritiek aan te spreek. Tog kom die skrywers tot 'n soortgelyke gevolgtrekking: dat 'n belangrike faktor wat tot die ongelykhede in die regters se opleggings van die doodstraf bydra, die individuele regters se persoonlike geneigdheid tot die doodstraf is.

Ek kan maar net 'n paar van die statistieke uitlig om die artikel se standpunte te illustreer. Die skrywers het soveel moontlik sake uit die tydperk 1987-1989 betrek waarin die doodstraf ter sake was. Uit die statistieke kon hulle aflei dat die regters wie se verslae bestudeer is in 17,1% van die verhore waarin die doodstraf ter sake was die doodstraf aan 14,7% van die beskuldigdes opgelê het in verband met 13,3% van die aanklagte. Die laasgenoemde syfer is belangrik, want 'n beskuldigde kan in een saak van verskeie halsmisdade aangekla word.

Die navorsers het gewerk met die uitgangspunt dat regters nie aan bepaalde sake toegewys word op grond van hul ernstigheid of ander omstandighede nie, dat regters na willekeur toegewys word en dat die verspreiding van ernstige en minder ernstige sake onder die regters taamlik gelyk is. Op dié grondslag kon die navorsers die verwagte aantal sake vasstel waarin 'n regter die doodstraf kan oplê, asook die verwagte aantal aanklagte in verband waarmee die doodstraf opgelê kan word. Dié statistieke sou die verskillende saaklas van elke regter buite rekening laat.

Die resultate het verstommende ongelykhede in verskillende regters se uitspraak-geskiedenisse gewys. Regter Van Zyl het byvoorbeeld in 42,1% van al sy sake die doodstraf aan 45% van die beskuldigdes opgelê in verband met 47,6% van die aanklagte. Hy is gevolg deur regter MC de Klerk, wat in 35,5% van sy sake die doodstraf opgelê het aan 37,5% van die beskuldigdes in verband met 45,3% van die aanklagte. Daarna kom regter WJ Heyman, wat in 33,3% van sy sake die doodstraf aan 29,7% van die beskuldigdes opgelê het in verband met 26,2% van die aanklagte. Dié regters word, wat die persentasie doodvonnisse betref, gevolg deur regters MJ Strydom, LT C Harms en L le Grange.

Aan die ander kant van die skaal het regters NM McArthur, JP Roux en AM van Niekerk niemand ter dood veroordeel nie. Hulle word gevolg deur regter J Gordan, DJ Louis, AJ Heyns, PJ Schabort en JPO de Villiers, wat almal minder as 10 persent van die beskuldigdes ter dood veroordeel het.

Dis interessant dat die ongelykhede in die uitspraak-geskiedenisse van verskillende regters in die Kaapprovinsie baie groter is as in Transvaal. In die Kaap het drie regters - Baker, Lategan en Williamson - net 15% van die sake verhoor, maar 51% van die doodsvonnisse opgelê, terwyl regters Marais en Rose-Innes 19,25% van die sake verhoor het en net 4,02% van die doodsvonnisse opgelê het.

Wat beteken dit alles? Die navorsing bied sterk gronde vir die afskaffing van die doodstraf in dié mate dat dit suggereer dat sommige regters meer geneig is as ander om die doodstraf op te lê. Dit skep egter ook ernstige probleme vir 'n prokureur wat 'n mens moet verdedig wat van 'n halsmisdaad aangekla is. Dis 'n aaklige verantwoordelikheid. In die maande voor die verhoor leer mens jou kliënt as 'n mens ken. Wat jy nie van sy agtergrond en psige te wete kom nie, word opgediep deur psigiaters en sielkundiges wat deur jou opdrag gegee is om dit te doen. Wanneer jy 'n mens só goed leer ken, wil jy hom nie aan sy nek sien hang tot hy dood is nie - maak nie saak watter misdaad hy gepleeg het nie.

'n Kritieke oomblik kom wanneer jy die Griffier van die Hooggeregshof bel om vas te stel watter regter die saak verhoor. As dit 'n regter is wat in regskringe berug is vir sy skynbare geneigdheid tot die doodstraf, is die tyding ontsellend.

Wat is jou professionele plig? Vertel jy jou kliënt van dié regter se reputasie of nie? Ek doen dit gewoonlik. Dan volg 'n dolle beraadslaging met jou advokaat om 'n manier te vind om 'n ander regter in die hande te kry. Die eerste manier is 'n persoonlike, nie-amptelike nadering van die Griffier en/of 'n lid van die Prokureur-generaal se kantoor wat die staat se saak hanteer. Slaag jy nie daarin om 'n ander regter te kry nie - en 'n mens het eerlikwaar heelwat geluk nodig - dan probeer jy die saak uitgestel kry.

Soms ontvang jy die aanklag of nader besonderhede oor die aanklag laat, sodat jy nie jou verdediging in die beskikbare tyd behoorlik kan berei nie. Dan het jy wettige gronde om uitstel te vra - wat jou die moontlikheid gee om 'n ander regter te kry wanneer die saak weer voorkom. Dan is daar die drastiese en problematiese strategieë soos om in 'n laat stadium 'n konflik van belange tussen jou kliënte te vind wat dit nodig maak om nuwe prokureurs en 'n nuwe advokaat aan te stel vir een van die beskuldigdes wat dan nog nie kans gehad het om hom vir die saak voor te berei nie. Daar is baie geldige gronde waarop jy van advokate kan verwissel en 'n konflik van belange tussen die beskuldigdes is gewoonlik 'n kwessie van graad en kan taamlik subjektief wees.

In dié omstandighede is dit moontlik om geldige gronde vir uitstel te vind, maar die waarheid is dat die toewysing van 'n "galg-regter" 'n prokureur uit 'n beroepsoogpunt 'n groot dilemma besorg. Dit kan hom noodsaak om in sy kliënt se belang gronde vir uitstel te vind of te skep om redes wat andersins straks nie geldig sou wees nie. Die laaste uitweg is om die diskresie wat die doodstraf betref uit die regter se hande te neem deur oor die aanklag en verweer 'n onderhandel. In dié stap word voor die verhoor met 'n verteenwoordiger van die Prokureur-generaal vergader en 'n stel feite en 'n verweer uitgewerk waarvolgens die kliënt òf skuldig pleit aan 'n mindere oortreding wat die doodstraf nie ter sake bring nie, òf waarin die feite dit duidelik maak dat daar versagtende omstandighede is en jy 'n ooreenkoms met die aanklaer kan bereik dat die doodstraf nie gevra sal word nie.

Dié laaste uitweg werk gewoonlik die beste vir 'n prokureur wat 'n alternatief vir die doodstraf vir sy kliënt soek. Die onderhandeling oor aanklag en verweer is 'n gebied wat allerlei morele en etiese probleme na vore bring en dis beslis nie altyd duidelik dat dié stap in die belang van geregtigheid is nie. Die oortuiging dat die regter wat sy kliënt gaan verhoor 'n "galg-regter" is, skep ernstige dilemmas. 'n Prokureur kan òf optree asof daar nie sulke regters bestaan nie òf hy kan sê "galg-regters" is 'n werklikheid en stappe doen om sy kliënt se belange te beskerm, selfs al moet hy dan sy integriteit in die gedrang bring deur sy ware dryfveer vir die aanvra van uitstel in die hof te verskuil.

Al oplossing wat ek kan sien, is dat die prokureur sy advokaat opdrag gee om beswaar aan te teken teen die regter op grond van sy geskiedenis van doodsvonnisse en die kliënt se oortuiging dat hy nie glo hy sal 'n regverdige verhoor of vonnis kry nie.

Na my beste wete is só 'n beswaar nog nooit in Suid-Afrika aangeteken nie. In die lig van al die getuienis oor die hanggeskiedenisse van regters en 'n prokureur se professionele plig om in sy kliënt se belang op te tree, voorspel ek egter dat dit net 'n kwessie van tyd is voordat so 'n aansoek om weiering ingedien word. Al wat dit kos, is moed. Sterkte en voorspoed aan die eerste prokureur wat dit probeer.

# V R · Y E K E U S E



Debra Winger en John Malkovich is die sterre van Bernardo Bertolucci se The Sheltering Sky wat vandag begin draai. Die prent is gegrond op Paul Bowles se boeiende roman oor 'n egpaar se reis na die Sahara-woestyn.

## film

***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS

**** NO MIDDLE ROAD TO FREEDOM EN THE STRUGGLE FROM WITHIN**
Twee gratis vertonings van Kevin Harris se dokumentêre prente is Sondagaand in die Mini Cine, Pretoriastraat 49, Hillbrow, te sien. Onder meer 'n kort geskiedenis van die ANC. Ter viering van Junie 16.

******* GOING PLACES**
Steeds die genotvolste prent wat nou draai: Bertrand Blier se anargistiese komedie oor hoe twee kleindiewe sukkel met hul testosteroonvlakke is nou nog in Engeland verbied. Dis genoeg rede om *Les Valseuses* sommer twee keer te sien. *Les Valseuses (Going Places)* is die prent wat die 25-jarige Gérard Depardieu as 'n ster gevestig het. 'n Mens verstaan waarom dié gevoelvolle lomperd daarna byna elke belangrike rol in die Franse rolprentwese opgeraap het. Blier se draaiboek is kru en vulgêr en sal die feministe dwars in die krop steek... nog redes om die prent te sien. Dis nogal nostalgies om terug te kyk op 'n tydperk voor kondome.
**ANDREA VINASSA**

****** METROPOLITAN**
Soos *Mr and Mrs Bridge* wys *Metropolitan* vir ons lower forms of life hoe die hoër klasse ly. Dis 'n eietydse satire à la Scott Fitzgerald en Evelyn Waugh oor die duistere doen en late van 'n groep Manhattan-debutantes ofte wel New York se haute bourgeoisie. Die nuweling Whit Stillman is die skrywer en regisseur van dié skerp, oorspronklike, ironiese kritiek op die aristokrasie.
**AV**

***** THE SHELTERING SKY**
Buitelandse kritici het Bernardo Bertolucci se jongste prent verslind, maar dit is geen rede om dit mis te loop nie. *The Sheltering Sky* is gegrond op Paul Bowles-roman van dieselfde titel. Dit speel in 1947 en handel oor die vreesaanjaende emosionele reis van Port en Kit Moresby. Port soek begeestering in die Sahara, terwyl Kit terugverlang na haar vervloeë huwelik. Al is Bowles se skrywer mesmeriserend en ontstellend, is Bertolucci se prent lank en vervelig.
**AV**

****** WAITING FOR THE LIGHT**
Op haar oudag verskaf Shirley Maclaine meer plesier as ooit. Met haar bloedrooi hare speel sy 'n soort Liewe Heksie wat 'n dorp op die Amerikaanse platteland op horings hou. Aunt Zee bring 'n visie van 'n engel so te sê "op die planke" en veroorsaak die bekering van 'n onaangename buurman. *Waiting for the Light* is 'n ligte komedie oor die aard van en die behoefte aan geloof. Stadig, maar boeiend.
**AV**

***** HUDSON HAWK**
Bruce Willis is die wêreld se beste klouterdief en die mega-trendy egpaar Darwin en Minerva Mayflower wil hom huur om drie kunswerke deur Leonardo da Vinci te steel. Nou ja, Peter Sellers met styl.
**AV**

***** WINTER PEOPLE**
Kurt Russell en Kelly McGillis se verbode liefde... dis 'n apple-pie-verhaal van twee mense wat die moraliteit van hul gemeenskap ignoreer en daarvoor boet. Soos in Griekse tragedie. Skitterende vertolkings deur die hoofspelers. Gegrond op die roman deur John Ehle.
**AV**

**** MIAMI BLUES**
Dis nie *Miami Vice* of *Hill Street Blues* nie. Your guess is as good as mine.
**AV**

***** WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL**
Die bittersoet verhaal van 'n weeskind wat haar nie juis tuis voel in kleindorpse Amerika nie. Soos dikwels die geval is, gee Winona Ryder se spel die deurslag. Soos byvoorbeeld *Mermaids*, is dié 'n middelmatige prent wat opgehef word deur Ryder se kragtige teenwoordigheid. *Welcome Home Roxy Carmichael* is eintlik 'n verrassing: dis 'n ligte satire op non-konformisme en werk ook op 'n allegoriese vlak. Winona speel 'n tiener wie se behoefte aan "die volmaakte ma" haar dryf om 'n pienk rok te koop.
**AV**

***** FILOFAX**
In *Bonfire of the Vanities* het ons met groot genot die ondergang en oorlewing van die tipiese anale yuppie ofte wel Master of the Universe aanskou. *Filofax* is 'n komedie - dis nie so skerpsinnig of sinies soos Tom Wolf s'n nie - oor min of meer dieselfde onderwerp. Jim Belushi, wat deesdae nogal snaaks is, speel 'n tronkvoël wat 'n yuppie se filofax (glorified dagboek) in die hande kry en sy lewe oorneem.
**AV**

****** MR AND MRS BRIDGE**
Seksuele verdukking, magslus, patriargie ... al die euwels van die kapitalistiese stelsel waaroor Wilhelm Reich geskryf het, en waarvoor hy veroordeel is, kry uiting in dié subtiele ontleding van die gebrekkige verhouding tussen 'n hoër-middelklas prokureur en sy angstige vrou.
**AV**

****** REPENTANCE**
Dié prent is een van die eerste glasnost-prente (en waarskynlik die beste) wat in die Weste vertoon is. Dit is 'n briljante satire op Stalin en ander diktators. Ryk aan simboliek en allegoriese besonderhede. Die wenner van die Cannes Jurie-prys van 1987.
**AV**

***** ROBIN HOOD**
In die pogings om die Robin Hood-legende in die geskiedkundige en alledaagse werklikheid te grond, word dié prent van pret beroof. Omdat dit geen skerpsinnige politieke ontleding bied nie, is dit teleurstellend. Nietemin is daar heelwat aksie, outentieke kastele, Engelse modder en goeie spel. Ongelukkig is die karakters almal karikature en Patrick Bergin se Robin Hood 'n vervelige romantiese held sonder binnegoed of persoonlikheid.
**AV**

***** STATE OF GRACE**
Nog 'n rampokkerprent. Dié keer is dit die Ierse Mob in Hell's Kitchen. Dit is Phil Joanou se eerste prent, daarom vergewe 'n mens maar sy verknogtheid aan religieuse simboliek (die Iere is skynbaar nog erger as die Italiane wanneer hulle in 'n kerk kom). Joanou vertolk die verbrokkeling van die Ierse onderwêreld en hul onderdanigheid aan die Italiaanse Mob as 'n Griekse tragedie. Briljante vertolkings deur Sean Penn, Ed Harris en Gary Oldman.
**AV**

****** HIDDEN AGENDA**
Die Iere kan net nie wen nie ... Dié fiktiewe prent is gegrond op ware feite en handel oor skokkende korrupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is die bestanddele van dié aangrypende riller wat deur Ken Loach ('n pionier van Britse realisme in die sestigerjare) geregisseer is. Hidden Agenda het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen.
**AV**

***** COUPE DE VILLE**
Nog 'n Cadillac-storie. Dié motor hou vir die Amerikaanse samelewing groot romantiese en simboliese waarde in, daarom kan 'n mens nooit reken op objektiwiteit nie. Drie vervreemde broers leer hoe om mekaar te vergewe wanneer hulle gedwing word om 'n reis van Michigan na Florida te onderneem in 'n 1954 Cadillac. Dit is die soort prent wat Barry Levinson *(Avalon, Rain Man)* met diepte en ironie kon skryf. Al is die spel van Patrick Dempsey, Arye Gross en Daniel Stern uit die boonste rakke, kom Coupe net nie die mas op nie.
**AV**

****** JACOB'S LADDER**
Ons ly almal aan 'n graad van vervolgingswaan, veral in dié land. Die jongste prent van Adrian Lyne, die regisseur van *Fatal Attraction*, is 'n uitdagende drama oor Jacob Singer se waansin. Dié jong New Yorker begin drogbeelde sien. Sy lewe word 'n nagmerrie. Hy weier om te aanvaar dat hy mal is en soek 'n verduideliking. Spannend, verrassend en prikkelend.
**AV**

***** THE DOORS**
As jy die jare sestig onthou, was jy nie daar nie. Oliver Stone verfris jou geheue met 'n stormagtige, luide, ellelange prent waarin hy die popikoon Jim Morrison romantiseer. Dis jammer dat Stone besluit het om bloot die mite te versterk. Hier is geen nuwe ontleding van die Hippie-era nie, ook geen herondersoek van Morrison se psige nie ... net 'n bedwelmde nabootsing van die tydperk.
**AV**

***** CLASS ACTION**
'n Kragtige prent oor die verhouding tussen 'n pa en 'n dogter. Gene Hackman speel 'n briljante, legendariese burgerregte-prokureur en Mary Elizabeth Mastrantonio sy ewe briljante dogter ... ook 'n prokureur. Die yuppie-waardestelsel van die

jare tagtig en negentig in Amerika word gekontrasteer met die lewenstyl van die jare sestig. Dié keer is die pa die Hippie en waardes soos eerlikheid en regmatigheid seëvier. Uitmuntende spel.

**AV**

****** MERMAIDS**

Nòg vis nòg vlees ... dié een is 'n meermin. Eers lag jy oor die lief en die leed van dié onkonvensionele gesin (drie vroue sonder man), maar mettertyd tref die tragedie van die alledaagse jou. Elke vrou sal haar vereenselwig met Charlotte (Winona Ryder) se emosionele traumas: sy is 15 jaar oud, jags en wil 'n non wees al is sy Joods!

**AV**

****** THE FIELD**

Die stuk veld langs die huis van Bull McCabe (Richard Harris - uiteindelik weer op die doek!) in Ierland is vir hom heilig. Wanneer hy dit vir sy seun probeer koop en deur 'n Amerikaner gefnuik word, ontketen hy 'n reeks tragiese gebeurtenisse. Die Amerikaner wil 'n pad oor die veld bou ... maar Bull meen dis sondig. 'n Kleindorpse verhaal oor die Ierse platteland. Vol Ierse hartstog en hardkoppigheid, maar 'n bietjie over the top.

**AV**

***** Q & A**

'n Hardgebakte polisie-storie deur Sidney Lumet. Dis gegrond op die roman van New York se eerste Spaans-Amerikaanse regter, Edwin Torres. Dis 'n siniese maar, volgens Torres, heel eerlike blik op die regstelsel in Amerika waar die baantjies-vir-boeties-metode van regsuitoefening hoogty vier.

**AV**

**** HENRY AND JUNE**

Philip Kaufman het een van die gewildste prente gelewer wat nog in Suid-Afrika gedraai het ... *The Unbearable Lightness of Being.* Toe kry hy die verhaal van Henry Miller, Anais Nin en hul maatjies onder oë - maar helaas kon hy nie *Unbearable Lightness* se sukses-resep herhaal nie. Die prent speel hom in 1931 en 1932 in Parys af en is gegrond op van Nin se dagboeke en Miller se outobiografiese romans.

**AV**

****** MISERY**

Kathy Bates is 'n veteraan-karakterspeler, maar niemand het haar raakgesien tot sy die waansinnige groupie in Rob Reiner se gru-prent gespeel het nie. *Misery* is gegrond op 'n Steven King-roman en die draaiboek is deur William Goldman, die skrywer van onder meer *Adventures in the Screen Trade.* Dié prent is geen gewone riller vol Freddie Krugers nie. Dit handel oor die psigologiese ommeswaai van 'n geestelik versteurde vrou.

**AV**

****** AVALON**

Barry Levinson se outobiografiese familie-sage is soos medisyne: dis goed vir jou, maar jy wil dit nie eintlik sluk nie. Dié skitterende draaiboekskrywer en regisseur skryf oor die verbrokkeling van die familie in die middel van die 20e eeu, oor die koms van die televisie en die verbruikersera. *Avalon* is tegelyk uiters persoonlik en universeel. Dit vermy soetsappigheid en wys jou hoe die wêreld rêrig lyk. Die prent is baie meer Europees (lank, donker, uitdagend, emosioneel uitmergelend) as wat dit Amerikaans is. Moet dit nie misloop nie.

**AV**

****** GREEN CARD**

Gérard Depardieu se eerste Engelstalige rolprent. Na verneem word, kan dié Franse ster nie Engels praat nie en moes hy alles foneties leer! Hy en Andie McDowell gaan 'n gerieflikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsondersoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hulle stry oor alles - van die politiek tot koffiemaak - voor hulle mekaar vind.

**AV**

## *eet*

**DELFINI**

Dis 'n eetplek dié vir wanneer die maand nog jonk is en jou sak 'n lekker splerts toelaat. Kies 'n paar van die smaaklike voorgeregte as 'n hoofgereg of anders beveel ek die lasagne en mousaka aan. Die kelnerinne is vinnig en vriendelik sonder om 'n oorlas te wees. Dit is in Hunterstraat, Yeoville.

**LP**

## *musiek*

**JOHANNESBURG**
**DAWSONS**

'n Jong, energetic rockband wat hulself "The Outsiders" noem, nogal van Pretoria tree vanaand en môreaand hier op. Op die hoek van President- en Von Brandisstraat.

**LP**

**CLUB 58**

Marvin Gaye en die beste van die Motown sound herleef weer. What's Going On met o.a. Natalie da Rocha beloof om 'n nostalgiese trip te wees. Die restaurant maak 7.30 nm oop en die vertoning begin om 10nm. Die klub is aan die bopunt van Pretoriastraat in Hillbrow.

**LP**

**THE COTTON PUB**

Dié plekkie in Quartzstraat, Hillbrow (oorkant Highpoint), is die nuwe IN-plek. Shado Twala en lede van Hugh Masekela se band maak kortkort hul opwagting. Die resident band is Loading Zone. Andersins is daar goeie jazz, sê Audrey Brown, en die deure bly die ganse nag oop.

**AV**

**KAAPSTAD**
**ROSIE'S AND ALL THAT JAZZ**

Die waterkant het nou ampertjies aanvaarbaar geword vir die Kaapstadse locals. Dit lyk nie meer net na 'n tourist trap nie. Maak 'n draai by dié nuwe jazz-klub.

**AV**

## *teater*

**JOHANNESBURG**
**TAKE TWO**

Rosie September is terug in die Mark-Teater se Laager met 'n nuwe wardrobe. Soli Philander se vertolking van grepe uit die lewe in die sogenaamde "Kleurling"-gemeenskap is pittig en skreeusnaaks. Dis van die beste teater in die stad. PDU, pas op vir jou wickets.

**AV**

**PRETORIA**

Joanne Weinberg in *A Midsummer Night's Bean* en Ronel Kriel in *Noodhulp vir 'n gebroke hart* is tot 22 Junie by After Dark, Queenstraat 80, Pretoria, op die planke. Dié komiese kabarette is beslis die moeite werd en staan kop en skouers uit bo die klomp ingevoerde snert wat ons soms moet sluk. Besprekings vir 7nm, vertoning begin 9nm.

**AV**

**KAAPSTAD**
**LOVE, LUST OR GUILT**

Die Cape Flats Players in die Nico! Dié familie-sage is geworkshop en is 'n geskiedkundige gebeurtenis. Dit is tot 29 Junie in die Arena te sien. Met Sandra Braaf en Bertram Adams.

## *kuns*

**JOHANNESBURG**
**CHABANI MANGANYI**

Dié Soweto-kunstenaar se werke is op die oorsigtentoonstelling van Suid-Afrikaanse kuns in die Museum van Moderne Kuns in Oxford ten toon gestel. Sy akrielskilderye is van Sondag te sien in die Cassirer-Galery, Mutual Square, Oxfordlaan 169, Rosebank. Die tentoonstelling duur tot môre.

**ROMANTIESE AFDRUKKE**

Die Johannesburgse Kunsmuseum bied tot 25 Augustus 'n tentoonstelling van Romantiese afdrukke aan om die Romantiek as 'n historiese verskynsel in Engeland en Europa uit te beeld. Werke van Blake, Delacroix, Goya, Palmer, Rodin en Turner is te sien.

**PRETORIA**
**VROUE-KUNSTENAARS IN SA**

Die belangrike rol van vroulike kunstenaars in SA word bevestig in 'n reeks lesings (hulle begin om 8nm) in die Pretoriase Kunsmuseum, Arcadiapark. 19 Junie: Voortsetting van 'n gesonde tradisie; 26 Junie: Individuele Soeke na Identiteit en 3 Julie: Die Hedendaagse Uitdaging. Kunstenaars soos Marion Arnold, Nel Erasmus, Helen Sebidi, Pippa Skotnes, Noria Mabasa, Penny Siopis en Maud Sumner word deur die kunshistorikus Frieda Harmsen bespreek. Tel: (012) 344-1807

**AV**

**KAAPSTAD**
**INTERIOR ART**

Ter nagedagtenis van Aramis. Hiermee ons innige simpatie aan Mark Shagam vir die ontydige heengaan van sy hond. Mark se winkel, die kleinste winkel in Obs, het ook die mooiste kunsobjekte teen bekombare pryse. Besoek Mark, en al koop jy niks nie, kan jy koffie drink.

**AV**

## *tv*

**DIE NUWE SADDAM**

In vanaand se 60 Minutes om 8.45nm op M-Net doen Morley Safer verslag oor die moontlikheid dat Sirië se Hafez Assad die volgende Saddam Hoesein kan wees. Hy staan na verneem word borg vir terroriste, daar is 500 000 soldate in sy leer, hy is bekend vir sy skending van menseregte, hy besit chemiese en biologiese wapens en die vermoë om sulke wapens te vervaardig.

**AGTER ELKE MAN**

Waarskuwing: 'n Mens kan hulle selfs nie op M-Net ontvlug nie. *Agter Elke Man* die Moewie word om Maandagaand 7nm gebeeldsaai.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## Uitgelewer aan die harslag - en soetjies met die sjerrie

TOE die twaalfuur-kanon op Seinheuwel vandag net bokant die huis donder, val die stukkie kalfslewer uit my hand op die grond. Twintig jaar al woon dié Pikeur in Kaapstad en sy is die noon nog steeds nie gewoond nie.

Kaapstad se middagkanon is verwikkel met baie maaltye, seker nie net vir ons hier onder die heuwel nie, maar vir al die Maleiers wat in die waai van Tafelberg woon.

As julle smiddags warm eet, begin jy kosmaak wanneer die kanon jou uit jou verstand uit wip. Nou is dit tyd om die pan op te sit vir gebakte lewer en gesmoorde uie-en-tamatie.

Jare gelede kuier ek in Durban, waar activists gereeld bomme geplant het. Een nag by ons, ná wyn en samesyn, bars 'n bom iewers en almal duik onder die tafel in. Nie hierdie Pikeur nie: Sy kyk op haar horlosie om te kyk of dit twaalfuur is.

Terug by die lewer. Ofte wel harslag. Die ou mense sê mos jy noem nie afval se name reguit nie, dis ongeleerd. (My persoonlike sensor, 'n Transvaler, sê dis net Kapenare wat sê ongeleerd as hulle bedoel ongeskik.)

Van afval word veral lewer, maag en tong nie by name genoem nie, maar lordy, is hulle lekker. Moenie fussy wees oor lewer nie, vermy net varklewer, want dis tricky. Kalfs- en lamslewer koop jy as die mooi rooi en vars lyk en ruik. Trek die velletjie af, was hom skoon, en reken op 'n halwe kalfslewer per persoon.

Moenie lewer te gaar maak nie. Dit moet sag wees, mooi bruin, maar nie meer bloederig in die middel nie. Sny altyd een stukkie oop om te kyk. As jy die harslag in die oond gaan druk en wag tot al die gaste hier is, forget it. Taai lewer is grim.

Ek is ook nie 'n voorstander van die Ingilse\Amerikaanse manier om lewer en bacon saam gaar te maak nie. Vir eers is ons spek werklik nie lekker nie, tensy jy peperduur Bauerspeck by die Duitse delikatesse gaan vra, en somehow smaak lewer en spek saam vir my vetterig.

Bly liewer by klassieke geure soos botter, olyfolie of room, knypies vars kruie en dalk 'n glasie sjerrie. As jy wil oplees oor oudtydse lewergeregte soos skilpad, frummels en lewer in netvet, koop Dine van Zyl se klassieke *Afval en Afvalligheidjies.* Dis 'n lekker leesboek, en Dine is 'n kok van faam. Hier is eers 'n Franse lewer-nommer.

### LEWER BOURGUIGNONNE

Sny die lewer in dun repies. Braai vinnig oor 'n hoë hitte in botter. Hou warm op die opdienbord. Gooi 'n skeut rooi wyn in die gebruikte pan, en laat vinnig afkook met sout en nogal baie peper, terwyl jy die pansappe en so aan opskraap. Giet die mengsel oor die lewer. Aartappels daarby, natuurlik.

### LEWER EN SPINASIE

Smoor jou 2 bosse skoon, nat spinasie in 'n klont botter tot hulle slap word. Skil 2 groot uie, sny in dik skywe en skei die ringe. Doop hulle in 'n lagie meel en eier, en braai in 'n bietjie olie, à la Spur, soos die kinders daarvan hou.

Braai jou skyfies lewer soos voorheen in botter, en maak weer die pan met 'n skoot droë wyn skoon: Die geur is heerlik. Giet die sap oor die lewer, en dien op met spinasie, halwe suurlemoene vir general seasoning, en die uieringe.

Moenie dink kinders eet nie lewer nie. Dis propaganda. Met mash en ertjies en gesmoorde tamatie is hulle mal daaroor. Fiemies-kinders word met lewer-gril grootgemaak, en op koshuis noem hulle dit blouwildebees. Sure, ek het nou nog sooibrand van koshuislewer. (Trouens alle koshuiskos, van Post Toasties tot Bisto-frikadelle en groen jellie en vla, het ek nog nooit weer geeët nie.)

Sny dus jou mooi vars lewer in aantreklike repies, braai vinnig sodat dit bros buite en murgsag binne is, en g'n kind weerstaan dit nie.

Daar is twee geure buiten uie en mash wat volmaak is vir die lewer: sjerrie en suurroom.

Koop 'n bottel droë sjerrie. Medium of volsoet-sjerrie is piekfyn vir kuier in nat weer, maar dis te soet vir kook. Steek weg die een duur bottel droë sjerrie vir spesiale geregte, dit sal jou maande hou.

Sny lewer nou in dun plat skyfies en braai vinnig in botter. Gooi 'n kelkievol sjerrie bo-oor. Laat dit effens afkook, voeg sout en peper en dalk 'n knypie tiemie by, en skep dadelik uit as die lewer gaar is. Giet die geurige sous bo-oor.

Suurroom skep jy by die pansappe - so 2 of 3 eetlepelsvol. Dit maak die sous 'n mooi kleur en smaak salig lekker.

'n Taai rooi wyn pas nogal by lewer - maar jou bottel goeie sjerrie moet jy maar wegbêre.



TAKHARE VIR VREDE

het hond se gedagtes ...

BLESKOPPE TEEN APARTHEID VRA:



Wie kielie jou mielie?



# Let all know peace